CORE
Metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
Provided by Stellenbosch University SUNScholar Repository

# Tendense en tematologie in populêre werke oor Suid-Afrikaanse rugby, 1948-1995: 'n Historiografiese studie.

Wouter de Wet

Tesis voorgelê in ooreenkoms met die vereistes vir die graad MA (Geskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. A.M. Grundlingh

December 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Verklaring:

Ek, die ondergetekende, erken hiermee dat die werk wat in hierdie navorsing/verhandeling vervat is, my eie, oorspronklike werk is en dat ek dit voorheen nie in sy geheel, of gedeeltelik, by enige ander universiteit vir 'n graad ingehandig het nie.

Handtekening: WJ de Wet

Datum: 2 September 2013

Copyright É 2013 Stellenbosch University

All rights reserved

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Opsomming

Hierdie studie is ’n historiografiese studie van populêre rugby geskiedskrywing, en dek die jare 1948 tot 1995. Die doel is om te dui op hoe dié sport in populêre skrywes uitgebeeld is. Die fokus gaan val op die twee vorme van populêre geskiedskrywing in hierdie tydperk, naamlik algemene rugbygeskiedenisboeke en biografiese werke. Die manier hoe hierdie verhandeling te werk gaan, is om tendense en tematologie in hierdie werke te identifiseer en die verandering daarvan oor die jare, na te volg. Hierdie werk lê op die breekvlak tussen ’n studie van die geskiedenis en die letterkunde. Deur die gewilde rugby skrywes inhoudelik en letterkundig in fyn detail te bestudeer, gaan lig op die veranderende tendense en tematologie gewerp word. Aanhalings word deurgans ingesluit en bespreek om die ontwikkeling van die populêre rugby geskiedskrywing oor die jare te verduidelik. Deur op hierdie kompleksiteite klem te lê, poog die studie om ’n bydrae te lewer tot die steeds ontwikkelende veld van Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# Abstract

This is a historiographical study of popular rugby history covering the years 1948 to 1995. The aim of this study is to show how this sport is portrayed in popular history writing. This research will focus on the two forms of popular history during this time, namely general rugby history books and biographical works. In order to fulfil its goals, this thesis will identify tendencies and thematology in popular rugby history, as well as explore its development over the years. This work lies on the edge between a study of history and that of literature. By studying the content and literary aspects of the popular works, light will be shed on its ever changing tendencies and thematology. Throughout this thesis, there will be constant use of quotations in order to explain the development of popular rugby historiography over time. By exploring the aforementioned complexities, this study aims to make a contribution to the developing domain of South African sports history.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Dankbetuigings


- Ek wil graag my studieleier, Prof. A.M. Grundlingh, bedank vir sy toewyding tot my studies, sy oneindige bron van vakkennis, sy aanmoediging en sy oop kantoordeur.
- ’n Spesiale woord van dank ook aan my naastes en liefstes vir hul ondersteuning en bemoediging oor die afgelope twee jaar. “Een dag se rus beteken meer as twee dae se onproduktiewe werk.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# Inhoudsopgawe

Inleiding .......... 7
Hoofstuk 1: Algemene rugbygeskiedenis boeke, 1948 – ±1970 .......... 14
1.1 Verhalende geskiedskrywing en kroniekstyl .......... 15
1.2 Uitbeelding van die rugby in terme van die natuur en die skep van ’n landelike beeld .......... 20
1.3 ’n Onderliggende nasionale sentiment .......... 25
1.4 Die patriargale aard van rugby .......... 32
1.5 Die gebruik van Bybelse- en godsdienstige verwysings .......... 38
Hoofstuk 2: Algemene rugbygeskiedenis boeke, ±1970 – 1995 .......... 43
2.1 Kontrasterende benaderings tot die internasionale sportboikot .......... 44
2.1.1 Kritiek, veroordeling en verwerping .......... 45
2.1.2 “Rugby seëvier oor politiek” .......... 51
2.2 Heldeverering .......... 58
2.3 Herdenkingsgeskrifte .......... 65
Hoofstuk 3: Biografiese werke, 1948 – 1995 .......... 74
3.1 ’n Teoretiese agtergrond .......... 75
3.2 ’n Kritiese beskouing van biografiese werke oor rugbypersoonlikhede .......... 80
3.2.1 Die man op die veld en die mens daarvan af .......... 81
3.2.2 Die kwessie van kritiese uitsprake .......... 91
3.2.3 Biografiese werke as monumente van prestasie .......... 96
3.2.4 Danie Craven in vier biografieë .......... 100
Slot .......... 108
Bronnelys .......... 111

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Inleiding

Die sportjoernalis Archie Henderson vertel van sy jong dae op die Vrystaatse platteland toe hy ’n obsessie met rugby ontwikkel het. Hy het nooit die geleentheid gehad om na groot wedstryde te gaan kyk nie. Sy enigste toegang tot groot rugby was dik boeke wat Dr. Danie Craven geskryf het. Hierdie boeke het sy rugbyhelde in die lewe geroep en onlosmaaklik deel van sy lewe geword. Die rugbystories wat hy in boeke van Danie Craven en Chris Greyvenstein gelees het, het ’n blywende indruk op sy lewe gelaat.[1]

Rugby, en die skrywe daaroor, is al vir etlike dekades deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die publiek was nog altyd honger vir rugby gewees, en met ’n geskiedenisboek wat oor hul geliefde sport handel, kon hulle iets tasbaars van die spel besit. Boeke wat die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby vertel, is al vir dekades lank ’n gewilde item op die Suid-Afrikaanse boekrak. In die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se argief, wat onlangs by die Universiteit van Stellenbosch ’n nuwe tuiste gevind het, is daar ’n versameling van etlike briewe wat die publiek aan Danie Craven geskryf het. Hierin spreek hulle nie net hul waardering aan hom uit nie, maar vra ook na memorabilia. Hierdie aanvraag na memorabilia is ’n bewys daarvan dat rugbyboeke vir dekades reeds gesogte items is wat deur die rugbyhonger Suid-Afrikaanse publiek waardeer word.

Daar bestaan ’n wye reeks geskiedskrywing oor hierdie sport. Nie slegs is daar boeke wat die algemene geskiedenis van rugby in Suid-Afrika beskryf nie, maar daar is ook etlike biografiese werke hieraan gewy. Wat egter ontbreek, is ’n akademiese studie van al hierdie werke. Hierdie verhandeling het dit dus ten doel om hierdie leemte te vul.

Aangesien ’n studie van die hele rugby historiografie, wat alle werke sou insluit, ’n grootse onderneming is, gaan hierdie studie slegs fokus op populêre geskiedskrywing – algemene rugbygeskiedenisboeke en biografiese werke tussen 1948 en 1995. Sodoende kan hierdie groep werke meer sinvol bestudeer word. Die rede hiervoor is omdat populêre werke ’n belangrike rol binne die groter sfeer van rugbygeskiedskrywing vervul. Nie slegs verklap dit hoe die spel tydens verskillende fases beskou en uitgebeeld is nie, maar dit dui ook op hoe skrywers by veranderende waardes, uitgangspunte en norme aangepas het om hul werke vars en relevant te hou.

[1] A. Henderson: The Best of the Boks. *The Times*, 28 November 2011.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die invalshoek van hierdie studie is om prominente tendens en temas in die geskiedskrywing te identifiseer. Deur deurentyd nou met die primêre tekste te werk, en met behulp van genoegsame voorbeeldmateriaal, gaan die ontwikkeling van die tendense in die historiografie in kontekstuele verband nagevolg word. Hierdie verhandeling lê op die breekvlak tussen ’n studie van die geskiedenis en ’n studie van die letterkunde. Geskiedenis is en bly ’n manier van letterkundige uitdrukking.[2] Hierdie studie werp lig op hoe skrywers rugby op verskillende maniere uitgebeeld het deur die letterkunde op kreatiewe wyses in te span. Daar gaan gereeld ’n noukeurige studie van die letterkundige aspekte van die werke gemaak word. Nie slegs dui hierdie navorsing dan op *wat* daar in populêre rugbygeskiedenis geskryf is nie, maar ook *hoe* daar geskryf is.

Hierdie studie is ’n unieke werk in die sin daarvan dat daar tans geen werk bestaan wat ondersoek instel na rugby binne die Suid-Afrikaanse historiografie nie. Ondanks die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis in die laaste paar dekades, is daar steeds ’n gebrek aan studies van die historiografie daarvan. Die doel van hierdie studie is dus om ondersoek in te stel na die geskiedskrywing oor een van Suid-Afrika se grootste sportsoorte en tydverdrywe. Alhoewel dit slegs fokus op ’n gedeelte van die totale rugby historiografie, is dit steeds ’n eiesoortige werk wat ’n vrugbare bron van geskiedkundige kennis begin ontdek. Borish en Phillips skryf hoedat die bestudering van materiële kultuur – geskiedkundige artefakte, objekte en boeke – nuwe en dieper interpretasies van sport en geskiedenis inhou.[3] Hierdie bestudering van geskiedkundige boeke is dus ’n nuwe en unieke manier om na Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis te kyk.

In die ontwikkeling van openbare historiese kennis speel populêre geskrifte, wat deel uitmaak van die materiële kultuur, ’n beduidende rol om bepaalde opvattinge te laat wortel skiet en selfs later te laat blom. Dit is derhalwe gepas vir die historici om selfs nog voor hulle by primêre navorsing uitkom, hulle eers te vergewis hoe ’n veld reeds deur opvattings en beelde afkomstig van algemene literatuur geïnfiltreer is. Dit is in hierdie verband dat die verhandeling poog om ’n bydrae tot ’n verwaarloosde terrein te lewer.

Daar is twee vorme van populêre geskiedskrywing oor hierdie onderwerp, naamlik algemene rugbygeskiedenisboeke en biografiese werke. Die invalshoek van hierdie studie is om

[2] J.W.N. Tempelhoff: *Verhuidiglikte verlede – aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, p. 188.

[3] L.J. Borish & M.G. Phillips: “Sport history as modes of expression: material culture and cultural spaces in sport and history”, *Rethinking History: The Journal of Theory and Practice*, 16,4, 2012, p. 466.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bepaalde tendense en temas te identifiseer. Daar word gekonsentreer op hoe sodanige strominge oor tyd ontwikkel het. Dit is eweneens nodig om ook moontlike redes vir hoekom dit gebeur het, te verskaf.

Om te verstaan waarom hierdie werk oorspronklik is, is dit nodig om te kyk na die stand van akademiese navorsing oor Suid-Afrikaanse sport, en meer spesifiek rugby. Die hele veld van Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis is volgens André Odendaal steeds onderontwikkeld. Hy skryf hoedat sportgeskiedenis wêreldwyd in die 1970s as 'n volwaardige dissipline beskou is, en hoe dit eers in die jare 80 en 90 in Suid-Afrika gewilder begin word het. Die rede hiervoor was die verskuiwing in die fokus van Suid-Afrikaanse historiese studies na sosiale en kulturele geskiedenis.[4] Ondanks die groeiende gewildheid van sportgeskiedenis is daar steeds 'n leemte in die geskiedskrywing van rugby. Daar is 'n gebrek aan werke wat die historiografie daarvan bestudeer. Odendaal het wel in 'n artikel, "Sport and Liberation – The unfinished business of the past" (2006), 'n bondige studie gemaak van die akademiese titels wat oor rugby handel. Hy skryf in die breë oor die stand van die historiografie van sport in Suid-Afrika, en noem dan belangrike akademiese werke wat reeds verskyn het. Hy sluit af deur te skryf dat, alhoewel die verhoging in die akademiese produksie bemoedigend is, die hoeveelheid sportgeskiedeniswerke deur akademici steeds klein is.[5]

Ondanks Odendaal se studie oor die akademiese werke, is daar steeds nie 'n studie gemaak van populêre werke wat reeds verskyn het nie. As daar gekyk word na die groot hoeveelheid populêre werke oor rugby wat oor die jare reeds verskyn het, is die gebrek aan akademiese studies daaroor verbasend. Dit is egter aanduidend van 'n groter probleem in die Suid-Afrikaanse geskiedenis – die algemene gebrek aan studies oor die historiografie. Daar bestaan maar slegs 'n klein aantal werke hieroor. Een daarvan is byvoorbeeld Grietjie Verhoef se MA verhandeling "Die Radikale Geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n Historiografiese studie" (1982). Weens die beperkte aantal werke wat die historiografie bestudeer, is dit op sigself 'n vrugbare studieveld.

Dit is ook nodig om te kyk na populêre geskiedskrywing in die algemeen. Populêre geskiedenis verwys na die geskiedskrywing wat by die massas aanklank vind. Om dit te vermag, moet dit tot hul kollektiewe geheue spreek. In 'n artikel oor hoe Gustav Preller in die vroeë 20ste eeu geskiedenis gepopulariseer het, beskryf Isabel Hofmeyr presies hoe hy sy

[4] A. Odendaal: "Sport and Liberation – The unfinished business of the past", in: C. Thomas (ed.): *Sport and Liberation in South Africa – Reflections and suggestions*, pp. 24-25.
[5] Ibid., p. 27.

werke by die lesers aanklank laat vind het. Een van die hoofredes vir die gewildheid van Preller se werk is die feit dat hy intelligente skryfwerk aan die dag gelê het. Siende hy ’n joernalis was, het hy nie net geweet hoe om ’n storie op ’n aantreklike manier te vertel nie, maar ook wat presies die lesers gesoek het. Sy vernuftige stel taalkundige vaardighede het hom die geleentheid gegee om sy lesers tevrede te stel.[6] In hierdie opsig is dit interessant om daarop te let dat die outeurs van populêre rugbygeskiedenis tussen 1948 en 1995 ook hoofsaaklik joernaliste was.[7] Hulle het dus geweet hoe om tot die rugbypubliek se kollektiewe geheue te spreek, asook hoe om hul taalvernuf in te span om hul lesers geïnteresseerd en hul werke gewild te hou.

Vir die aanvangsjaar vir hierdie studie is daar besluit op 1948 om drie verskillende redes – die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) het in 1948 verteenwoordiging in die Internasionale Rugbyraad (IRR) gekry; die eerste post-oorlog internasionale rugbyseisoen het toe plaasgevind; sowel as die moontlike verband tussen die rugbygeskiedskrywing en die hoogbloei van Afrikaner nasionalisme, wat deels gekenmerk kan word deur die Nasionale Party wat in 1948 aan bewind gekom het.

Die SARR het in 1948 gedeeltelike verteenwoordiging in die IRR gekry het. Sedert die stigting van die IRR in 1886 in Manchester tot en met 1948 het die rugby-unies van onderskeidelik Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië slegs die status van geaffilieerdes by die Engelse Unie gehad.[8] Hierdie gebeurtenis is dus belangrik in dié sin dat Suid-Afrika se Springbokke vanaf 1948 volle amptelike status as internasionale rugbyspan geniet het.

1948 was ook die eerste internasionale rugbyseisoen na afloop van die Tweede Wêreldoorlog.[9] Australië het in hierdie jare na Brittanje en Frankryk getoer vir die eerste internasionale reeks sedert 1938, terwyl Suid-Afrika sy eerste na oorlogse internasionale wedstryde in 1949 teen die besoekende All Blacks van Nieu-Seeland gespeel het.[10] Dié jaartal is dus van belang in soverre dit die publiek se aandag hervestig het op rugby na afloop van die Tweede Wêreldoorlog. Na ’n dekade sonder enige internasionale rugby is dit nie slegs die publiek wat met nuwe belangstelling na die sport gekyk het nie, maar ook die

---

[6] I. Hofmeyr*:* “Popularizing History: The Case of Gustav Preller”, *The Journal of African History*, 29:3, 1988, p. 525.
[7] H. Snyders: “The brightest promise which the immediate future holds” – Reflections on sports studies and rugby league memory in South Africa, Seminar paper presented at the University of Stellenbosch, 23 July 2013, p. 4.
[8] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 187.
[9] R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, p. 84.
[10] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die Rugbyveld 1880-1955*, p. 137.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skrywers. Tesame met die hernieude belangstelling in rugby, bestaan daar ook die moontlikheid dat daar ’n behoefte aan optimisme en ’n fokus op positiewe en opbouende aktiwiteite was na afloop van die grootskaalse verwoesting wat die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak het. Dit is dus moontlik dat sportskrywers rondom hierdie tyd algaande meer begin fokus het op die positiewe verskynsel wat internasionale rugby, en rugby oor die algemeen, is.

Daar ontstaan dus die vraag hoe populêre rugbygeskiedskrywing voor 1948 gelyk het. Behalwe vir enkele titels, is daar maar weinig geskiedeniswerke oor rugby wat voor 1948 verskyn het. Die mees noemenswaardige werke is Ivor Difford se *History of South African rugby football* (1933)[11] en T. Smith se *Ons Springbokrugbyspelers en Tokkelosie* (1946).[12] Verder is daar ook enkele verwysings na rugby in Suid-Afrika in sekere ander werke soos A.P. Swaffer se *South African sport: 1914* (1914)[13] en die Cape Times se *Sports and sportmen: South Africa and Rhodesia* (1929).[14] Biografiese werke van sportsterre was in die tyd voor 1948 nie so ’n algemene verskynsel soos dit vandag is nie, met Billy Millar se *My recollections and reminiscences* (1926) seker die mees noemenswaardige uitsondering.[15] Hierdie studie neem dus ’n aanvang in 1948 met die verskyning van Danie Craven se *Die Grondbeginsels van Rugby* wat beskryf is as die “eerste gesaghebbende en omvattende werk oor rugby in Afrikaans”.[16]

Daar moet verder ook in ag geneem word dat Afrikaans voor 1948 nog in ’n ontwikkelingstadium was aangesien dié taal eers in 1925 as ampstaal erken is.[17] Voor 1925 was Engels en Hollands die amptelike tale van Suid-Afrika. By implikasie was daar dus nie Afrikaanse geskiedskrywing oor rugby nie, wat die gevolg het dat die historiografie bestaan het uit ’n kleiner hoeveelheid geskrifte. Soos Danie Craven in die inleiding van *Die Grondbeginsels van Rugby* skryf: “Ek voel egter dat dit ’n groot leemte vul – hoe dit die leemte vul sal die toekoms ons leer – want daar is geen Afrikaanse boeke oor hierdie onderwerp nie.”[18] Dit blyk dus duidelik te wees dat geskiedskrywing oor rugby in die eerste

[11] I. Difford: *History of South African rugby football*. Wynberg: Specialty Press, 1933.
[12] T. Smith: *Ons Springbokrugbyspelers en Tokkelosie*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel, 1946.
[13] A.P. Swaffer (red.): *South African Sport: 1914*. Johannesburg: The Transvaal Leader, 1914.
[14] Cape Times (samest.): *Sports and sportsmen: South Africa and Rhodesia*. Cape Town: Atkinson & Partners, 1929.
[15] W.A. Millar: *My recollections and reminiscences*. Cape Town: Juta, 1926.
[16] Anon.: Persoonlik, *Die Burger*, 5 April 1948.
[17] H. Giliomee: *Die Afrikaners – ’n Biografie*, pp. 328-329.
[18] D. Craven: *Die Grondbeginsels van Rugby*, p. 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

helfte van die 20ste eeu beperk is tot ’n klein hoeveelheid titels, en dat daar eers vanaf die tweede helfte van die eeu met meer erns oor rugby geskryf is.

1948 is derdens ook van belang omdat daar ’n moontlike verwantskap is tussen rugby en die Nasionale Party wat in hierdie jaar ’n aanvang geneem het. Sedert internasionale rugby vir die eerste maal hier in die laat 19de eeu gespeel is, en bykans regdeur die 20ste eeu ook, is rugby as ’n hoofsaaklik blanke sport in Suid-Afrika beskou. Dit is oorspronklik deur die Britte na Suid-Afrika ingevoer, en Afrikaners het dit algaande begin implementeer as ’n voertuig vir hul groeiende nasionalisme deur hul eie sosiale- en kulturele betekenisse aan die sport te heg.[19] Op hierdie manier het rugby, Afrikaner nasionalisme en die Nasionale Party (NP) deur die loop van die 20ste eeu verwante begrippe in Suid-Afrika geraak. 1948 is dus ’n jaartal wat ’n bepaalde betekenis inhou vir Afrikaner nasionalisme met die NP wat in hierdie jaar aan bewind gekom het, sowel as vir rugby – die “Nasionale Spel” in meer as een sin van die woord.[20]

Die omvang van hierdie studie word beperk tot die tydperk tussen 1948 en 1995 aangesien laasgenoemde jaar ook in die konteks van Suid-Afrikaanse rugby ’n belangrike keerpunt was. 1995 is nie slegs die eerste keer dat Suid-Afrika aan ’n internasionale kompetisie in die vorm van die Wêreldbeker deelgeneem het sedert isolasie nie, maar – meer belangrik vir die doeleindes van hierdie studie – het rugby in hierdie jaar ook ’n nuwe era betree. Suid-Afrikaanse rugby het in 1995 sy amateurstatus vir professionele status verruil. Dit beteken dat die gesig van die sport verander het en dat dit op ’n nuwe manier benader is. Die effek wat die nuwe professionele era en die gepaardgaande kommersialisasie op Suid-Afrikaanse rugby gehad het, is dat daar sedert 1995 ’n invloedryke dinamika in die mediavoorstelling van die sport teweeg gebring is.[21] Boonop het die professionele era beteken dat rugbyspelers, tesame met hul ikoonstatus, ook ’n kommersiële waarde begin kry het. Rugby en sy spelers het dus ’n nuwe aansien en hernieude aandag in die oë van die publiek, die media en die geskiedskrywing gekry – laasgenoemde wat beteken het dat daar sedert 1995 ’n magdom geskiedeniswerke verskyn het. In ’n poging om die historiografie so volledig en sorgvuldig moontlik te bestudeer, is daar besluit om die omvang van die studie tot die tydperk tussen

[19] D. Allen: “Beating them at their own Game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner Nationalism”, *The International Journal of the History of* Sport, 20:3, 2003, pp. 47-48.
[20] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 9.
[21] A. Grundlingh: Rands for Rugby: Ramifications of Professionalisation of South African Rugby, 1995-2007, Unpublished paper, University of Stellenbosch, p. 20.

Stellenbosch University  http://scholar.sun.ac.za

1948 en 1995 te beperk. Op hierdie manier kan daar in diepte na bronne gekyk word wat sal beteken dat die navorsing ’n hoë vlak van detail sal kan openbaar.

By die keuse van bronne bestaan daar ’n magdom boeke wat kwalifiseer om behandel te word. Aangesien dit ’n haas onmoontlike taak sou wees om elke stuk populêre geskiedskrywing te kon bestudeer, is daar slegs van geselekteerde bronne gebruik gemaak.

Die keuringsproses van die bronne het berus op verskeie faktore, waaronder die jaartal van uitgawe seker die belangrikste is. Daar is gepoog om bronne te kies met ’n tydsverloop tussen hul publikasiedatums om ’n oorsig te verkry van hoe die geskiedskrywing met verloop van tyd ontwikkel het. Algemene rugbygeskiedenisboeke is ook geselekteer op grond van die temas wat in die boeke aangespreek word. Dit sou onnodig herhalend wees om meer as een boek te bestudeer wat oor dieselfde aspek van die rugbygeskiedenis handel. Op hierdie wyse is daar verseker dat daar ’n breë oorsig oor rugbygeskiedskrywing in Suid-Afrika bekom is. ’n Verdere kriterium vir die keuse van bronne is die taal waarin die boek geskryf is. Dit sou ’n onvolledige studie wees indien daar slegs Afrikaanse of slegs Engelse geskiedskrywing bestudeer is. Gevolglik is bronne wat geskryf is in beide die bogenoemde tale oorweeg en bestudeer. Dít verseker dat geen deel van die geskiedskrywing oor rugby agterweë gelaat word nie, en ook dat daar ’n grondige en, meer belangrik, oorsigtelike begrip oor rugbygeskiedskrywing gevorm kan word.

Laastens is daar ook nie gekyk na algemene geskiedeniswerke waarin daar slegs verwysings na rugby is nie – slegs boeke wat uitsluitlik oor rugby handel is vir die doeleindes van hierdie navorsing bestudeer. Die rede hiervoor is dat daar op spesifiek rugbygeskiedenis gefokus word, en dus op skrywers van rugbygeskiedenis, eerder as op algemene- of breë geskiedskrywing waarin daar verwysings is na rugby, maar wat nie deur rugbyskrywers geskryf is nie.

Die bogenoemde kriteria vir die seleksie van bronne is met diskresie toegepas en daar is deurgans gepoog om so veel as moontlik van die beskikbare geskiedeniswerke te bestudeer. Hierdie seleksie proses is gedoen in ’n poging om te verseker dat die navorsing so deeglik moontlik sou wees om só ’n grondige, dog oorsigtelike, sowel as so ’n objektief moontlike opinie te kon vorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Hoofstuk 1: Algemene rugbygeskiedenis boeke, 1948 – ±1970

Hierdie hoofstuk behandel die eerste van die twee bepaalde soorte populêre rugbygeskiedskrywing, naamlik algemene rugbygeskiedenisboeke, vir die tydperk 1948 tot ±1970. Dit is egter noodsaaklik om te kyk na wat bedoel word met algemene rugbygeskiedenisboeke. Kortom is dit werke wat handel oor enige aspek van die geskiedenis van rugby in Suid-Afrika – die geskiedenis van Springbokrugby, spesifieke Springboktoere, provinsiale rugby, universiteitsrugby, fotoboeke, en so meer. Werke deur beide professionele historici en outeurs wat hul hand aan geskiedskrywing geslaan het, is oorweeg. Buitelandse outeurs en boeke is so ver moontlik nie oorweeg nie, aangesien die fokus van hierdie navorsing op die uitbeelding van rugby binne die Suid-Afrikaanse historiografie gerig is.

Die tydperk rondom 1970 is as logiese snypunt vir hierdie bespreking gekies aangesien die geskiedskrywing rondom hierdie tyd ’n redelike verandering ondergaan het. Tendense wat voor 1970 prominent was, het rondom hierdie tyd begin kwyn en plek gemaak vir nuwes. Dit is moontlik te danke aan twee hoofredes – die betogings en sportboikotte vanaf 1969 en die koms van die televisie in 1976. Hierdie moontlikhede sal vervolgens in die bespreking van die tendense aandag geniet.

Hierdie hoofstuk, sowel as die volgende een wat dieselfde tipe bronne vir die daaropvolgende tydperk behandel, gaan in onderafdelings verdeel word waarvan elk op ’n spesifieke tendens sal fokus. Aan die hand van sorgvuldige voorbeelde, gaan daar verduidelik word hoe die betrokke tendens homself in die geskiedskrywing gemanifesteer het. Moontlike redes sal ook verstrek word waarom daar juis so geskryf is in ’n poging om te verstaan hoe rugbygeskiedskrywing verander het in ooreenstemming met die veranderinge in die samelewing daar rondom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 1.1 Verhalende geskiedskrywing en kroniekstyl

Een van die mees opvallende kenmerke van vroeëre rugbygeskiedenisboeke is die kroniekstyl waarin daar geskryf is. Gebeure is in die grootste detail beskryf en met ’n duidelike logiese en chronologiese verloop van sake geskryf – dus verhalende geskiedskrywing. Hierdie klem op chronologie en detail het ’n bepaalde effek op geskiedkundige interpretasie gehad. Dit wil voorkom asof daar, ter wille van interpretasie, eerder op detail gefokus is om só vir die leser ’n helderder beeld van die geskiedenis te skep. Hierdie kroniek styl is nie net te bespeur in enkele boeke nie, maar ’n konstante tendens in algemene rugbygeskiedenis boeke vanaf 1948 tot die middel 1970s.

In sy boek *Ons Toetsprestasies* (1954) beskryf Danie Craven die Springbokke se 44-0 oorwinning teen Skotland in 1951 as volg:

> “Ek onthou nog dat die wedstryd deur ons begin is en dat Hansie Brewis nie na sy voorspelers se kant toe afgeskop het nie, maar na Buks Marais se lyn en dat die bal hom net geflous het, anders was daar reeds op daardie stadium moeilikheid vir die Skotte. ’n Oomblik hierna breek die Skotte verwoedend weg en ’n hele ry wit truie kom deur en gee die bal lyn se kant toe aan. Een van hierdie aangeë gaan op ’n kritieke tydstip verlore, maar die bal word aangedribbel en Johnnie Buchler en Paul Johnstone is by om die bal in ons hoek oor die kantlyn te skop. Hier wen ons die lynstaan en Fonnie stuur die Skotte ver terug. Ons wen hierdie lynstaan ook en Stephen Fry kry die bal van Salty, stuur Buks weg, ontvang dit weer ’n tweede keer, vorder daarmee en stuur Salty oor vir die eerste drie – een wat nie vervyf is nie. ’n Pragtige kort aangeebeweging onmiddellik na die afskop bring die voorspelers tot naby die Skotse lyn. Hier volg ’n skrum en Hansie stuur vir Tjol op die regte tyd weg en hy weer vir Ryk, wat teen hierdie tyd al ’n binne-gaping ekspert was en deurbars om ’n vervyfde drie aan te teken.”[22]

In *Green and Gold: A Sporting Miscellany* (1954), beskryf die outeur R.K. Stent die 1951 wedstryd tussen die Springbokke en Ierland as volg:

> “Finally, he set the three-quarter line alight and, after Lategan had broken through and given Ochse a hectic dash for the line, another scrum formed on the Irish ‘twenty-five’. Muller stayed out of it and, as Brewis feinted to feed the open side, he took the pass and flashed round on the blind side. Here the Springbok captain drew the Irish wing, McKee, and passed to Ochse who had just the room he needed in a 25-yard burst to score. Although Geffin failed to convert, the Springboks were in front at 6-5, with 25 minutes to go. The Irish tackled fiercely to stop any further scores but, with thirteen minutes left, started a final slump by dropping a goal. Van Wyk quickly followed with another try and that was the

[22] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> last of the 'fighting Irish', who hardly raised a hand to stop Van Schoor as he beat man after man to score the last try – one, incidentally, of which he had no recollection afterwards."[23]

*Rugby in Suid-Afrika* (1964), wat ten behoewe van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad uitgegee is, beskryf 'n deel van die geskiedenis van die SARR as volg:

> "Mnr. Percy Ross Frames was die voorsitter en die volgende persone was aanwesig: A. Richards en W.M. Bisset (Westelike Provinsie); R.C. Snedden en R.E. Jay (Transvaal); C.W.P.D. de Fenzi en B. Duff (Natal); S.J. O'L. Grinsell en B. Hepper (Grens); W.S. Honey en A. Benetto (Griekwaland-wes). Op 'n voorstel van mnr. De Fenzi, gesekondeer deur mnr. O'L. Grinsell, is besluit dat die vergadering die bostaande grondwet van die Raad goedkeur: 'n grondwet wat vermoedelik sedert 1889 bestaan het. 'n President en ere-sekretaris is daarna gekies. Mnr. Ross Frames, deur mnr. Snedden voorgestel, is tot president verkies. Na 'n lang bespreking is mnr. H.C. Boyes as ere-sekretaris gekies, op die voorwaarde dat Griekwaland-wes hom as een van hul afgevaardigdes benoem. Mnr. Ross Frames het daarna verduidelik waarom die vorige notule en ander stukke van die Raad soek geraak het."[24]

Die bostaande voorbeelde gee 'n aanduiding van die logiese en chronologiese vloei van boeke, sowel as die klem wat op detail geplaas is. Hierdie klem op detail bring teweeg dat die boeke, wanneer elkeen oorsigtelik en apart beskou word, 'n gebrek aan geskiedkundige interpretasie toon. Daar is geskryf dat daar, in eenvoudige terme, 'n "en toe...en toe..." verhaallyn ontwikkel. In plaas daarvan om feite se historiese waarde te probeer bepaal deur dit te interpreteer, het skrywers slegs die feite, soos dit chronologies afgespeel het, opgenoem.

Daar kan dus geredeneer word dat hierdie vroeëre algemene rugbygeskiedenisboeke voorbeelde van verhalende geskiedskrywing is. Verhalende geskiedskrywing, soos Van Jaarsveld dit definieer, "vertel die 'verhaal', 'n 'storie', en dié het as ruggraat die verloop in die tyd van 'n gebeurtenis of gebeurtenisse wat op mekaar volg. Die skrywer wil meedeel wat 'gebeur' of hoe dit 'plaasgevind' het. Die verhaal word in chronologiese segmente ingedeel."[25] Waar beskrywende-, ontledende- en sintetiese geskiedskrywing almal, al is dit op onderskeie maniere, die geskiedenis in temas behandel en geskiedkundige gebeurtenisse in konteks plaas, doen verhalende geskiedskrywing nie noodwendig dit nie. Laasgenoemde soort geskiedskrywing fokus eerder op die vertelling van 'n verhaal in chronologiese volgorde soos dit plaasgevind het.

[23] R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, p. 61.
[24] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 14.
[25] F.A. van Jaarsveld: *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis*, p. 24.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar blyk dus dat daar minimaal *geskiedenis* geskryf is. Daar is nie ’n opmerklike dimensie aan verandering oor tyd verleen nie; dit plaas nie deurgans die betrokke tema van Suid-Afrikaanse rugby in ’n breër konteks nie; daar is ook nie ’n bestudering van verhoudinge tussen dinge of ondersoek na motiewe, oorsake en gevolge nie; die tema se plek in die geskiedenis word nie duidelik aangedui nie en die onderdele daarvan word ook selde indien ooit in breër perspektief gestel. Al die bogenoemde kan nie gesien word eienskappe as goeie geskiedskrywing nie.[26] Alhoewel dit nie soseer verkeerd is om rugby in Suid-Afrika as verhalende geskiedenis te skryf nie, is dit steeds gebrekkig omdat dit “[bloot] vertel of beskryf.”[27]

Bogenoemde beteken dus dat daar nie soseer gepoog is om *geskiedenis* te skryf nie, maar skrywers het eerder vertolking as hul primêre doel gesien. Dit was moontlik iets minder ambisieus as geskiedskrywing en meer in die lyn van blote verslagdoening. Gesien in die lig van die gebrek aan ander mediavorme, is dit dan moontlik te verstane hoekom daar bloot verslag gedoen is en gebeure slegs vertolk word.

Daar moet ook melding gemaak word van boeke wat eienskappe toon van ander soorte geskiedskrywing as slegs verhalende geskiedenis. Eerstens is daar Danie Craven se *Springboks down the years* (1956) wat Springbokrugby se geskiedenis oorvertel in die vorm van ’n gesprek tussen Optimis en Pessimis. Hiermee poog die skrywer om meer krities en reflektief oor Suid-Afrika se rugbygeskiedenis te dink, terwyl hy ook die leser dieselfde laat doen. Craven, anders as in sy ander werke, bespreek ook die invloed van die Anglo-Boere Oorlog en die Eerste Wêreldoorlog op rugby. Hy doen dít deur melding te maak van sekere bekende rugbyspelers, plaaslik en internasionaal, wat in die oorloë gesterf het, en om te verduidelik hoe sekere gestorwe internasionale spelers opponente op die veld was, maar vriende daarvan af.[28] Tweedens is daar ook Babrow en Stent se *The Varsity Spirit* (1963) wat, alhoewel kortliks, eksplisiet aandag skenk aan rugby en die twee wêreldoorloë. Dít word gedoen deur melding te maak van rugbyspelers van die Universiteit van Kaapstad (UK) wat in die oorloë gesneuwel het.[29] Waar die meeste ander algemene rugbygeskiedenisboeke slegs melding maak van internasionale rugby wat gestaak is weens die twee wêreldoorloë, of ’n enkele oorlogstaaltjie bevat, is hierdie voorbeelde van enkele werke wat ’n poging aanwend

[26] F.A. van Jaarsveld: *’n Inleiding tot die studie van Geskiedenis*, pp. 24-25.
[27] Ibid.
[28] D. Craven: *Springboks down the years*, pp. 65-71.
[29] L. Babrow & R.K. Stent: *The Varsity Spirit – The Story of Rugby Football at the University of Cape Town, 1883-1963*, pp. 41-42, pp. 105-115.

om rugby in groter konteks en perspektief te stel – ’n uitsondering op die reël van verhalende geskiedskrywing.

Hierdie kroniekstyl lei tot die vraag waarom daar moontlik op hierdie wyse geskryf is. Hoekom het historici so ’n groot klem op detail en die chronologiese verloop van die feite geplaas, en dus hoofsaaklik verhalende geskiedenis geskryf? Die antwoord op hierdie vrae is die feit dat boeke, tesame met koerante en radio, tot en met die middel sewentigerjare van die twintigste eeu die enigste mediavorme was waar mense inligting oor rugby kon bekom. Daar was dus ’n tekort aan ander vorme van beriggewing oor rugby.

Televisie-uitsendings, wat vandag seker een van die grootste en belangrikste mediavorme vir die uitsaai van rugby is, het eers in 1976 amptelik in Suid-Afrika begin. Aangesien rugby eers toe vir die eerste maal op televisie uitgesaai is, is inligting oor die spel in Suid-Afrika beperk gewees tot radio-uitsendings, koerantartikels en populêre geskiedskrywing soos dit hier behandel word.[30] Aangesien algemene rugbygeskiedenisboeke maar een van enkele mediavorme was wat inligting oor rugby aan die publiek verskaf het, was skrywers genoop om so veel as moontlik inligting in hul boeke te vervat. Die beste manier om dit te doen, was om ’n chronologiese weergawe van die gebeure, feit vir feit soos dit afgespeel het, weer te gee. Op hierdie manier kon lesers nie net die maksimum hoeveelheid feite bekom nie, maar ook in hul geestesoog sien hoe ’n wedstryd afgespeel het. Die bogenoemde voorbeelde maak ’n goeie saak uit vir hierdie teorie. Waar daar vandag regstreekse televisie-uitsendings en hoogtepunte van wedstryde, sowel as etlike rugbyprogramme beskikbaar is, is daar voor 1976 grotendeels op geskiedenisboeke staatgemaak vir inligting oor rugby.

Die koms van die televisie het waarskynlik ’n blywende invloed op die kroniek styl van algemene rugbygeskiedenisboeke sedert 1948 uitgeoefen. In die geskiedskrywing na 1976 is daar, met die uitsondering van enkele paragrawe in enkele werke, geen wesenlike voorbeelde van verhalende geskiedskrywing te bespeur nie. Dit wil voorkom asof skrywers nie meer bloot verslag gedoen het nie. Aangesien rugby meer toeganklik vir die publiek geword het deur middel van televisie uitsending, was dit vir skrywers nie meer nodig om gebeure in sulke groot detail en op chronologiese wyse te beskryf nie. Chris Greyvenstein beskryf in *Springbok-sage* (1977) ’n wedstryd tussen die besoekende Britse Leeus en die Springbokke in 1924 as volg:

---

[30] A. Powers: *150 Years of South African Rugby*, Sports Illustrated South Africa, October 2012, p. 69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "In die laaste toets, wat op 'n nat en modderige Nuweland gespeel is, was Truter en Mostert albei weer terug in die span. Dit was 'n aantreklike wedstryd en albei spanne het met ondernemingsgees gespeel. Die Springbokke het uiteindelik met 16-9 gewen, nadat Kenny Starke (linkervleuel) tien van hul punte behaal het."[31]

Dit blyk dus dat die geskiedskrywing oor rugby, in hierdie opsig, 'n nuwe rigting ingeslaan het na die koms van televisie. Waar skrywers voorheen bloot verslag gedoen het en gevolglik min *geskiedenis* geskryf het, het hulle nou meer oorsigtelik na die geskiedenis van rugby gekyk. Die verhalende geskiedskrywing het dus plek gemaak vir 'n geskiedenis wat gebeure in groter konteks geplaas het eerder as om dit slegs in groot detail en kroniekstyl te beskryf.

In latere geskiedeniswerke is daar wel voorbeelde van verhalende geskiedskrywing te bespeur. Bruce Heilbuth, in *Out of the Magic Boks* (1978), beskryf twee spesifieke Springbokwedstryde in 'n kroniek styl – die eerste toets teen die besoekende Britse Leeus in 1955 op Ellis Park en die derde toets teen die All Blacks in Christchurch in 1965.[32] In sý boek van 1983, *WP Rugby Centenary*, beskryf A.C. Parker ook talle Curriebeker wedstryde in 'n kroniek styl.[33] Dit is egter opvallend om te sien dat die wedstryde wat op verhalende wyse oor geskryf is, slegs tot by die 1979 seisoen strek. Met die televisie wat eers in 1976 na Suid-Afrika gekom het, het dit beteken dat hierdie spesifieke wedstryde nooit deur die publiek, behalwe deur gene in die stadion, gesien is nie. Om die leser 'n goeie indruk te gee oor hierdie geskiedkundige gebeure was dit vir die skrywer dus noodsaaklik om homself tot 'n kroniekstyl te wend. Vanaf 1980 is wedstryde nie meer op hierdie wyse beskryf nie aangesien die televisie uitsendings daarvan moontlik beteken het dat die groter publiek die wedstryde self reeds aanskou het. Dit was gevolglik nie meer nodig vir die skrywer om hierdie wedstryde in groot detail en op chronologiese wyse te beskryf nie.

Ondanks die voorbeelde van verhalende geskiedskrywing in die tydperk na die 1970s, was dit egter nie die algemene tendens gewees nie. Inteendeel, dit was uitsonderings op die reël. Dit wil voorkom asof die koms van die televisie Suid-Afrikaanse rugbygeskiedskrywing onherroeplik verander het. Die kroniek- en verhalende styl wat voor 1976 so kenmerkende eienskap van rugby geskiedskrywing was, het weggekwyn en 'n geskiedskrywing wat gebeure in groter konteks plaas, het die tendens geword.

---

[31] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 75.
[32] B. Heilbuth: *Out of the Magic Boks*, pp. 1-21, pp. 75-93.
[33] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 200 -268.

## 1.2 Uitbeelding van die rugby in terme van die natuur en die skep van 'n landelike beeld

Algemene rugbygeskiedenisboeke wat in die eerste sowat drie dekades na 1948 verskyn het, is deurspek met verwysings na die natuur in die beskrywing van rugby as 'n spel. Skrywers het byvoorbeeld verwys na die natuur, diere en landboupraktyke. Metafore, vergelykings en spreekwoorde is gebruik om die aard van die spel en die spelers te beskryf, maak ook die bogenoemde verwysings. Verder het skrywers ook klem gelê op die weersomstandighede en die belangrikheid daarvan, wat inskakel by die verwysing na die natuur. Op hierdie manier is daar 'n bepaalde landelike beeld van rugby geskep. Vervolgens gaan voorbeelde genoem en bespreek word om lig te werp op hierdie tendens.

Dit is veral die inleidings van boeke en die narratiewe van rugbywedstryde wat in etlike gevalle geskryf is met verwysings na die natuur en weersomstandighede om die nodige agtergrond vir die leser te skep. In die inleidende hoofstuk van *Green and Gold: A Sporting Miscellany* (1954), skryf Stent die volgende:

> "...[For] we are about to travel through the annals of Springbok sporting history, first across the rolling and victorious plains of our rugby matches, then through the occasionally mountainous but always scenic route of our cricket progress..."[34]

In Danie Craven se *Ons Toetsprestasies* (1955) byvoorbeeld, lui die inleiding tot die Springbokke se toetswedstryd teen Ierland in 1951 as volg:

> "Dit het daardie Vrydagaand aanhoudend begin reën en dwarsdeur die nag het die wind die reën hoorbaar gemaak. Die volgende oggend was die wêreld nog donker en mistig. Teen elfuur se kant het dit opgeklaar, maar toe ons veld toe ry, het dit eens so hard geval. Toe ons besig is om aan te trek, sous dit nog en net voordat die fluitjie blaas, klaar dit op en 'n lae mis sak op die veld toe. Maar die reën het nie weer gekom nie. Op hierdie nat veld knoop ons die stryd teen die Iere aan."[35]

In dieselfde boek van Craven, wat die Springbokke se geselekteerde beste en swakste toetse in detail beskryf, wy hy 'n hele hoofstuk aan wedstryde wat onder moeilike weersomstandighede gespeel is. Dié hoofstuk is getiteld "Die Kwaaiste Toetse" en behandel toetse wat gelei het onder die invloed van, onder andere, "modder, reën, sneeu, wind, waterpoele, fonteine [en] snikkende hitte."[36] Die feit dat die skrywer 'n hele hoofstuk aan die

[34] R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, p. 6.
[35] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 57.
[36] Ibid., p. 62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

invloed van weersomstandighede op rugby wy, is bewys van die hoogskatting wat skrywers destyds vir die belangrikheid van die elemente gehad het. Craven stel immers self dat daar met die "natuur...altyd rekening gehou [moet] word en dit verskil nie in rugby van die gewone lewe nie."[37]

In hierdie vroeëre algemene rugbygeskiedenisboeke is spelers ook gereeld uitgebeeld of beskryf met verwysing na diere. Dit was ook 'n tendens gewees om spelers se eienskappe te beskryf deur middel van vergelykings met diere. Japie Krige is byvoorbeeld, wanneer hy ingaan vir 'n duikslag, as 'n jaghond op pad na 'n haas beskryf, en dat hy deur die opponente se lyne glip soos 'n rot deur 'n drein.[38] Daar word van Hansie Brewis geskryf dat hy "soos 'n vetgesmeerde paling na die doellyn vir 'n drie" op Ellis Park hardloop.[39] Die Wallaby "Jones het afgesit soos 'n muil wat skielik tier ruik. Muller het hom agterna gesit, maar die 'Windhond' was nie by magte om daardie stukkie blits in te loop nie."[40] Die Springbokke is ook beskryf as "wilde monsters"[41] en dat hulle soos perde, "met die stang tussen hul tande die Wallabies met 'n wrok op hulle lyn gehou het."[42] Vergelykings soos "voorosse"[43] en spreekwoorde soos "hier boer ons"[44] is ook gereeld gebruik. Somtyds is spreekwoorde soos dié saam met mekaar gebruik, wat die indruk by die leser geskep het dat die skrywer doelbewus die spelers met diere vergelyk het. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer daar geskryf word dat "[ons] byt die stang tussen ons tande vas en ons boer weer op die aanval."[45]

Dit is nie net rugbyspelers wat in hul beskrywing met diere vergelyk is nie, maar ook toeskouers. In Danie Craven se *Die Grondbeginsels van Rugby* (1948) onderskei hy tussen soorte rugby ondersteuners, naamlik vurige-, lou- en toevallige ondersteuners. Hy beskryf dan die lou ondersteuners as "wild op 'n man se plaas. Hulle is nie joue nie en nie jou buurman s'n nie. Hulle wei waar daar volop gras is en waar dit hulle die beste pas."[46] Met die aanvang van die Australiese span se toer na Suid-Afrika in 1953, het die Wallabies se bestuurder, Wylie Breckenridge, die breë rugbygemeenskap van Suid-Afrika gewaarsku met die volgende vergelyking: "The ostrich is a famous South African bird which is said to bury

[37] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 136.
[38] R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, p. 12.
[39] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, pp. 183-184.
[40] Ibid., p. 106.
[41] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 68.
[42] Ibid., p. 132.
[43] Ibid., p. 38.
[44] Ibid., p. 52.
[45] Ibid., p. 54.
[46] D. Craven: *Die Grondbeginsels van Rugby*, p. 16.

its head in the sand when there is danger. The rugby football people of this country must beware that they do not do the same thing!"[47] Hierdie waarskuwing dui op twee sake: eerstens, dat die vergelykings van spelers en ondersteuners met diere nie net in Suid-Afrika aanwesig was nie, maar ook in Australië, en tweedens, dat daar op hierdie manier geskryf én gepraat is. Dit was dus algemene spreektaal om gebruik te maak van verwysings na en metafore en vergelykings met diere in die beskrywing van mense.

Waarom is daar juis op hierdie manier geskryf? Hoekom het rugbyskrywers soveel klem op die natuur en weersomstandighede geplaas, en in die beskrywings van spelers en toeskouers gebruik gemaak van verwysings na en vergelykings met diere? Hoekom is daar op hierdie wyse 'n landelike beeld van rugby, sy spelers en sy ondersteuners geskep? Die eerste antwoord is die feit dat rugby uiteraard 'n harde en rowwe spel is wat brute krag vereis – nie 'n spel vir die fyngevoelige nie. Tydens die Internasionale Rugbyraad (IRR) se algemene jaarvergadering in 1957 is daar besprekings gevoer oor die voorafgaande jaar se Springboktoer na Nieu-Seeland:

> "The similarity of farming lifestyles in South Africa and New Zealand was then pointed out. In the life of a farmer, strength, reflexes, and endurance were all-important, and hardship was a way of life that became ingrained. It simply made for the toughest fighters in farming – and in rugby."[48]

Deur verwysings te maak na diere, die natuur en landelike aktiwiteite was bloot 'n manier vir skrywers om die leser se aandag te vestig op die taaiheid van die spelers en die harde, onvergeeflike aard van die spel self. Een rede waarom skrywers soveel klem gelê het op die weersomstandighede, is die feit dat rugby tot 'n redelike mate deur die weersomstandighede beïnvloed kan word. Dit is dus logies dat skrywers die leser se aandag op die weer sal vestig synde dat dit 'n relatief belangrike deel van die spel uitmaak. Hierdie verwysings was dus 'n manier vir skrywers om bloot kommentaar te lewer op die aard van die spel en die spelers daarvan.

Die tweede moontlike antwoord op die bostaande vraag is die verwysingsraamwerk van die skrywers en lesers van hierdie boeke, asook die rugbyspelers self. Teen die middel van die 20ste eeu, die jare waarin die bespreekte verskynsels 'n tendens was, was skrywers en lesers óf op die platteland óf van die platteland afkomstig. Ter verduideliking hiervan, kan gekyk word na die verstedeliking van die blankes, en spesifiek dié van die Afrikaners wat in hierdie

---

[47] R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, p. 66.
[48] T. Partridge: *A Life in Rugby*, p. 79.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydperk rugby op gelyke voet gesit het met ander kulturele aktiwiteite en simbole onder die vaandel van Afrikaner nasionalisme.[49] Teen 1890 het slegs 2 tot 3% van alle Afrikaners in stede gewoon. Teen die einde van die eerste golf van Afrikaner verstedeliking in 1926 was sowat 41% in stede woonagtig, terwyl die tweede golf van verstedeliking tot gevolg gehad het dat sowat 50% van Afrikaners in stede woon. Hierdie migrasie na stedelike gebiede is hoofsaaklik te danke aan die armblanke verskynsel. Engelssprekende blanke Suid-Afrikaners was egter in ’n baie groter mate verstedelik teen die tyd van die Afrikaner se verstedeliking.[50] Die betekenis van hierdie verstedeliking van die blanke Suid-Afrikaners, en spesifiek die Afrikaners, is dat daar ’n plattelandse verwysingsraamwerk in die blanke bewussyn gedurende hierdie tydperk aanwesig was.

Behalwe vir die skrywers en lesers van hierdie boeke wat moontlik self op die platteland gewoon het, of afkomstig was van ’n generasie wat voorheen op die platteland woonagtig was, was baie rugbyspelers self ook plattelanders. Piet Greyling het tydens die 1971 Springboktoer na Australië, met hul aankoms op die Australiese platteland, gesê dat hulle [Springbokke] plattelandse seuns in die hart was, en dat dit daar was waar hulle gehoort het.[51] Die landelike beeld wat by die leser geskep is, het dus tot hierdie verwysingsraamwerk gespreek. Daar moet onthou word dat hierdie soort boeke populêre geskiedskrywing was, wat beteken dat die sukses van die boek deels afgehang het van hoe goed, al dan nie, lesers daarmee kon assosieer. Deur hierdie landelike beeld van rugby kon skrywers tot die agtergrond en verwysingsraamwerk van baie van hulle lesers spreek in ’n poging om die boek se moontlike sukses te verhoog.

Die bostaande bespreking neem nie die swart Suid-Afrikaanse bevolking in ag nie om twee redes. Eerstens is die boeke onder bespreking in Afrikaans en Engels geskryf wat die moedertaal van Suid-Afrika se blanke bevolking was. Tweedens is rugby gedurende hierdie jare, van 1948 tot ongeveer 1970, hoofsaaklik as ’n blanke sport in Suid-Afrika beskou is. Booth skryf dat die Springbok, die embleem van die spel wat Afrikaners as hul eie aangeneem het, die passievolle simbool van die wit nasie geword het.[52]

---

[49] A. Grundlingh: “The Politics of the Past and of Popular Pursuits in the Construction of Everyday Afrikaner Nationalism, 1938-1948”, in S. Dubow & A. Jeeves: *South Africa’s 1940’s: Worlds of Possibilities*, pp. 203-204.
[50] H. Giliomee: *Die Afrikaners – ’n Biografie*, pp. 274-276.
[51] K. Shippey: *The Unbeatables – Springboks in Australia*. (Hierdie boek beskik nie oor enige bladsynommers nie. Vir toekomstige verwysings na hierdie bron sal die verwysing soos dit hier staan, gebruik word.)
[52] D. Booth: “Mandela and Amabokoboko: the Political and Linguistic Nationalisation of South Africa?”, *The Journal of Modern African Studies*, 34:3, 1996, p. 463.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ter stawing van die voorafgaande bespreking oor die Afrikaner se plattelandse verwysingsraamwerk waarvan en waartoe hierdie rugbyboeke gespreek het, kan daar na Danie Craven as voorbeeld gekyk word. Craven is oorspronklik van die plaas Steeton in die distrik Lindley op die Vrystaatse platteland.[53] In sy biografie oor Craven, skryf Bun Booyens die volgende oor Craven se korrespondensie huis toe tydens die Springbokke se Britse toer van 1931-32:

> "In meer as een brief vind ons 'n weergawe van die verwondering van die jong seun met die Suid-Afrikaanse landelike agtergrond vir die oorweldigende groot wêreld wat hy beskore was om persoonlik grootoog te aanskou."[54]

Craven se landelike verwysingsraamwerk skemer deur in sy boeke. Dít is gedoen deur verwysings na die natuur en diere, sowel as die klem op weersomstandighede soos dit in hierdie afdeling bespreek is. Dit is nie net Craven se persoonlike verwysingsraamwerk wat in sy boeke manifesteer nie, maar só spreek hy ook tot lesers wat op die platteland woon of afkomstig is van 'n vorige generasie plattelanders. Deur rugby, sy spelers en die ondersteuners uit te beeld met verwysings na die natuur en diere, het rugbyskrywers 'n bepaalde landelike beeld van die spel geskep. Hierdie tendens het in die jare rondom 1970 egter stelselmatig begin kwyn. Alhoewel daar steeds voorbeelde van hierdie tipe beskrywing na die tydperk te vinde is, blyk dit uitsonderings te wees.

Opvallend genoeg is hoe Chris Greyvenstein se persoonlike styl oor die jare heen verander het. In *Springbok-seges in Krieket en Rugby* (1968) en die eerste uitgawe van *Springbok-Sage* (1977) beskryf hierdie skrywer telkens spelers met behulp van vergelykings en metafore wat 'n landelike beeld insinueer, maar met die verloop van tyd verander dit. In die tweede, derde en vierde uitgawes van *Springbok-Sage*, wat onderskeidelik in 1981, 1989 en 1992 verskyn het, bevat die nuut geskrewe hoofstukke minimaal, indien enigsins, sulke voorbeelde. Alhoewel die grootste deel van die boek, wat in 1977 reeds gepubliseer is, sulke voorbeelde bevat, kan dieselfde nie van die nuut geskrewe hoofstukke gesê word nie. Waar die geskiedskrywing tussen 1948 en die 1970s deurspek was met voorbeelde soos dit in hierdie afdeling bespreek is, toon die geskiedskrywing van die tydperk daarna, wat strek tot by 1995, slegs enkele sulke verspreide voorbeelde. Die tendens om 'n bepaalde landelike beeld van rugby en sy spelers te skep, is dus vanaf die 1970s bykans onopmerklik.

---

[53] D. Craven: *Ek speel vir Suid-Afrika*, p. 1.
[54] B. Booyens: *Danie Craven*, p. 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 1.3 ’n Onderliggende nasionale sentiment

’n Verskynsel wat sekere vroeëre algemene rugbygeskiedenisboeke kenmerk, is ’n bepaalde onderliggende nasionale sentiment. Dit is ’n verskynsel eie aan die Afrikaanse geskiedskrywing oor rugby en is nie in die Engelse Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te bespeur nie. Alhoewel daar nie sodanig ’n direkte verband tussen rugby en nasionale politiek getrek word nie, is daar steeds verskeie voorbeelde van ’n nasionale sentiment wat in die Afrikaanse geskiedskrywing deurskemer.

In die inleiding van Danie Craven se 1948 boek *Die Grondbeginsels van Rugby*, stel hy dit pertinent dat rugby “ons nasionale spel” is.[55] In 1954 skryf hy ook die volgende: “Dis mooi dat ons mense een ding het waarvan ons almal hou en wat ons een maak. As daar ’n toets is, vergeet ons politiek en al die dinge wat ons verdeel en ons staan saam. Dis mooi.”[56] Hy skryf ook: “Uiterste blydskap en vreugde en samehorigheidsgevoel wat Suid-Afrika eensgesind gemaak het. As rugby dit mag doen, mag ons altyd sulke toetse hê.”[57] In die beskrywing van ’n Springboktoets teen Australië, skryf Craven dat “[uit] ’n taktiese oogpunt was die wedstryd ’n sukses; ook uit ’n nasionale standpunt, want uit albei hierdie oogmerke gesien, het dit gewys wie se spel op stewige fondamente baseer is.”[58] Hy sluit dan af deur te sê dat “[jy] moet wen vir die eer van jou land!”[59]

Met Craven se 1955 boek, *Met Maties op die Rugbyveld*, het hy die Eerste Minister, J.G. Strijdom, versoek om ’n bydrae te lewer in die vorm van ’n inleidende boodskap. Hierin beskryf Strijdom rugby by meer as een geleentheid as “ons Nasionale Spel”.[60] Verder in hierdie boek word daar – tong in die kies – oor 1948 die volgende geskryf: “Geen span van die Maties het vanjaar ’n kompetisie gewen nie. Dit het, na verneem word, volgens plan geskied. Die Maties wou die nuwe regering nie in die skaduwee stel nie en het toe maar besluit om lyf weg te steek om nie die donder oftewel ‘shine’ van die ‘Gowermint’ te steel nie.”[61] Craven sluit dan hierdie boek af met die “hoop dat al wat Matie is hierdeur meer onder die besef sal kom dat, as hy sy bes in die donkerrooi trui doen, hy sy bes nie alleen vir

---

55 D. Craven: *Die Grondbeginsels van Rugby*, p. 6.
56 D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 127.
57 Ibid., p. 49.
58 Ibid., p. 159.
59 Ibid., p. 160.
60 D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 9.
61 Ibid., p. 184.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch doen nie, maar ook vir Suid-Afrika. Dis jou roeping, Matie!”[62] Hierdie wekroep is gemaak in die tydperk toe die Universiteit van Stellenbosch ’n noemenswaardige kulturele rol vertolk het. Stellenbosch, is daar geskryf, is gebore uit die behoeftes van die Afrikanervolk. Dit is as ’n ware volksuniversiteit beskou en moes die pad na Afrikanerdom verlig.[63] Dit was dus eenvoudig vir Craven om in sy boek in 1955 Stellenbosch met Suid-Afrika op hierdie manier te kon identifiseer.

Hierdie boek het op meer as een manier ’n bepaalde onderliggende nasionale sentiment. Enersyds word die boek ingelei met ’n brief van die Nasionaal gesinde Eerste Minister van Suid-Afrika. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die skrywer hierdie brief van die Eerste Minister versoek het. Craven was egter ’n lid van die Verenigde Party (VP), voorheen die Suid-Afrikaanse Party (SAP). Die skrywer was nie noodwendig ’n voorstander van vir Afrikaner nasionalisme nie, maar eerder’n breër tipe blanke ‘Suid-Afrikanisme’ bepleit:

> “He was asked to join the Torch Commando, but did not. He was offered a United Party seat, but turned it down, though he remained a ‘Smuts man’ long after Smuts died. And when Dawie de Villiers stood for the Nationalists in a by-election in the Johannesburg West constituency in November 1972 and used Springbok rugby players in his campaign, Craven was cross. For him it was the breaking of a code: ‘Rugby is played by all political parties. Therefore we have to be careful that we do not give the impression that we use rugby for political gain.’ And at that time he declared, echoing Oubaas Markötter: ‘My party is South Africa.’”[64]

Die byvoeging van ’n boodskap van die Eerste Minister – waarskynlik in ’n poging om die boek meer aansien by lesers te gee – het die indirekte gevolg gehad dat daar ’n nasionalistiese ondertoon geskep is. Die boek word afgesluit met ’n beroep op rugbyspelers om hul beste beide Stellenbosch en Suid-Afrika te doen. Hierdie roeping spreek van “[liefde] vir die eie volk of nasie” – nasionalisme per definisie.[65]

Al die bogenoemde aanhalings kom uit boeke geskryf deur Danie Craven. Hy was vir byna die eerste twee dekades na 1948 ongetwyfeld die grootste en mees produktiewe Afrikaanse skrywer van rugbygeskiedenisboeke.

In die SARR se *Rugby in Suid-Afrika* (1964) is daar ook ’n onderliggende nasionalistiese sentiment te bespeur. Daar word eerstens ook ’n boodskap van die Staatspresident van die

[62] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 162.
[63] A. Grundlingh: “The Politics of the Past and of Popular Pursuits in the Construction of Everyday Afrikaner Nationalism, 1938-1948”, in S. Dubow & A. Jeeves: *South Africa’s 1940’s: Worlds of Possibilities*, p. 203.
[64] P. Dobson: *Doc: The life of Danie Craven*, p. 135.
[65] F.F. Odendal & R.H. Gouws: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, p. 748.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tyd, mnr. C.R. Swart, ingesluit. In hierdie brief van gelukwensing aan die SARR, skryf Swart dat "[die] parlementêre lewe toon nogal soms ooreenkoms met rugby. Daar word dikwels geskrum, wanneer dit ook maar rowwerig kan toegaan – nie met die arms, bene en skouers van Theuns Kruger, Jaap Bekker of Jan Pickard nie, maar met tonge en kele van volksvaders!" Hierdie verwantskap wat deur die Nasionale Party tussen rugby en die parlement getref word, kan beskou word as 'n verbintenis tussen rugby en nasionalistiese politiek. Op hierdie wyse is daar 'n duidelike onderliggende nasionalistiese sentiment in hierdie boek.

Daar is ook gevalle waar die Afrikaanse rugbygeskiedskrywing klem lê op die belangrikheid van 'n tipe rugby wat eie aan Suid-Afrika is. In sy outobiografie *Tot siens to Test Rugby* (1954) beskryf Hennie Muller Suid-Afrika se spelstyl. Hy noem dat die rugby van daardie jare gebaseer was op uitstekende voorspelerspel, met 'n wetenskaplike benadering tot lynskoppe wat só aanleiding gegee het tot konstruktiewe voetbal. Suid-Afrikaanse rugby is gekenmerk deur harde, soliede skrumwerk; die intrek van opponerende voorspelers deur lynstane in losgemale om te skakel, wat gesorg het vir 'n vinnige uitgee na die agterspelers wat gereed was om aan te vul as die situasie en toestande dit toegelaat het.[66] Elders word daar geskryf dat Suid-Afrika "gewen [het] met ons eie tipe spel"[67] en dat "[ons] eie tradisionele spel...ons weer die rubber gegee" het.[68] Dit is 'n aanduiding van 'n trots op dít wat eie aan en behorende tot slegs Suid-Afrika is – nasionaal per definisie.

Hierdie onderliggende nasionalistiese sentiment in die vroeëre Afrikaanse geskiedskrywing skep die idee dat rugby in hierdie tyd gesien is as *nasionaal* in twee opsigte. Enersyds is dit beskou as Suid-Afrika se nasionale spel, in die sin dat dit "eie aan [en] tipies vir die nasie"[69] was. Rugby is beskryf as "'n nasionale bate wat gelyk staan aan die hoogste en beste waaroor ons land beskik."[70] Andersyds is dit ook gesien as Suid-Afrika se "Nasionale Spel"[71] – dat dit bepaald "patrioties [en] Vaderlandsgesind" was.[72]

Hoekom is Afrikaanse rugbygeskiedenis in hierdie nasionalistiese ondertoon geskryf? Die antwoord op hierdie vraag is eenvoudig indien die geskiedskrywing binne die gees van die

---

[66] H. Muller: *Tot siens to Test Rugby*, p. 15, p. 32.
[67] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 147.
[68] Ibid., p. 165.
[69] F.F. Odendal & R.H. Gouws: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, p. 747.
[70] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 217.
[71] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 9.
[72] F.F. Odendal & R.H. Gouws: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* p. 747.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tyd gelees en interpreteer word. Daar moet verstaan word dat Afrikaner nasionalisme in Suid-Afrika teen die 1950s en 1960s steeds hoogty gevier het. Afrikaner nasionalisme het vanaf die dertigerjare momentum gekry. Afrikaners het gesoek na ’n onafhanklike staat waarbinne hul eie karakter, waardes en belangstellings veilig en belangrik sou wees.[73] Gebeurtenisse soos die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 het ’n belangrike rol in die bevordering van nasionalisme onder Afrikaners gespeel.[74] Die uiteinde van hierdie eerste golf van nasionalisme het meegebring dat die Nasionale Party in 1948 die algemene verkiesing gewen het.

Hierdie gevoel van nasionalisme kon dus oorspoel na die volk se geskiedskrywers. Dit blyk hier die geval te wees. Tommy Bedford, een van min Engelssprekende Springbokkapteins, het in 1989 homself krities teenoor die Suid-Afrikaanse rugby-establishment uitgespreek. Hy het genoem dat daar oor die 25 jaar wat 1989 voorafgegaan het, deur die rugby-establishment gewerk is om die Afrikaner, sy Party en sy Regering te bevorder.[75] In die lig van die nasionale sentiment onderliggend aan rugbygeskiedskrywing, sal daar ver ter stawing gesoek moet word vir ’n beter aanhaling as dié van Bedford.

A.C. Parker beaam hierdie stelling wanneer hy skryf dat dit tot en met die 1960s ’n tendens geword het dat beheer van Suid-Afrikaanse rugby-unies minder in die hande van Engelssprekendes en algaande meer in die hande van Afrikaanssprekendes begin lê het. Hy noem dan ook hoe hierdie toename in beheer deur Afrikaanssprekendes ’n manier vir Afrikaners geword het om hul invloed op die spel te bevorder.[76]

Dit is dus verder vanselfsprekend dat hierdie nasionale sentiment slegs in die Afrikaanse rugbygeskiedskrywing te bespeur is, en nie in die Engelse geskiedskrywing nie. Die rede hiervoor is dat die Afrikaanse taal ’n kernelement van die Afrikaner se identiteit, asook sy nasionalisme gedurende hierdie tyd was. Oor die belangrikheid van die Afrikaanse taal het D.F. Malan, Eerste Minister van 1948 tot 1954, die volgende gesê: “Verhef die Afrikaanse

[73]D. Allen: “Beating them at their own Game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner Nationalism”, *The International Journal of the History of* Sport, 20:3, 2003, p. 37.
[74] A. Grundlingh: “The Politics of the Past and of Popular Pursuits in the Construction of Everyday Afrikaner Nationalism, 1938-1948”, in S. Dubow & A. Jeeves: *South Africa’s 1940’s: Worlds of Possibilities*, p. 208.
[75] A. Grundlingh: “Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-c.1970”, in J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, p. 200.
[76] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 103.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

taal tot skryftaal, maak haar die draer van ons kultuur, van ons geskiedenis, ons nasionale ideale, en verhef daarmee ook die volk...”[77]

Die Springbokke se 1969-70 Britse toer, en die gepaardgaande geskiedskrywing daaroor, het die einde van hierdie tendens van onderliggende nasionalisme, meegebring. Gerhard Viviers se *Rugby Agter Doringdraad* (1970) handel oor hierdie berugte toer, en lê veral klem op die sterk polities gemotiveerde betogings en demonstrasies wat die Springbokke op hierdie toer teëgekom het. Die skrywer sluit die laaste dele van hierdie boek af met, onder andere, aanhalings uit toesprake en briewe van die Britse publiek wat aan die Suid-Afrikaners op toer gelewer is. Viviers skryf hoe majoor Glyn Hughes, voorsitter van die Barbarian Rugbyklub, in ’n toespraak die apartheidsbeleid van die heersende Nasionale Party in Suid-Afrika gesteun het:

> “No one can doubt the sincerity of the South African Government in their determination, by every means in their power, to lead the various Bantu national groups to effective self government in their own homelands under conditions best suited to them… Whatever our views and criticisms may be, I do plead for a more sympathetic approach to the problems of the South African Policy. Nation can help nation very much more by not interfering.”[78]

Alhoewel die bostaande nie noodwendig Viviers se persoonlike oortuigings is nie, is die insluiting daarvan in sy skrywe ’n suggestie daarvan dat dit wel is. Hy skryf ook hoe Hughes noem dat die betogings wat die Springbokke op die toer teëgekom het, deur kommunisme geïnspireer is.[79] Kommunisme is gedurende die apartheidsjare in Suid-Afrikaanse geskiedenis as die nasie se grootste vyand geag – die sogenaamde Rooi Gevaar. Die laaste hoofstuk van die boek eggo hierdie beskuldiging teen kommunisme. Daar word genoem hoe G.E. Strachan, ’n Britse burger, in ’n brief sê dat die rede agter die protesoptogte die Suid-Afrikaanse regering se verbod op kommunisme was.[80] Strachan spreek homself in ’n ander brief aan die Suid-Afrikaanse groep uit teenoor kommunisme in die Britse samelewing:

> “Communists here are not strong numerically. But they are very, very influential. Of course, only a few admit they are Communists. The vast majority call themselves Left Wing Socialists. They are indeed very well organised and can raise a demonstration or violent riot at the drop of a hat. You have seen this for yourself. They hold most of the key positions in our communications. Also the Houses of

[77] H. Giliomee: *Die Afrikaners – ’n Biografie*, p. 317. (Eie vertaling)
[78] G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, p. 100.
[79] Ibid.
[80] Ibid., p. 108.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Parliament, the church, the universities, the schools and the Trade Unions. The trouble being that so many people here do not realise that left wing Socialism and Communism are the same thing."[81]

Viviers sluit die bespreking oor kommunisme in die Britse samelewing af deur melding te maak van 'n dokument wat hy tydens die toer van 'n vooraanstaande Brit ontvang het. Hy kon dit egter nie in sy boek vervat nie omdat die outeur daarvan die reg van publikasie behou het. Desondanks beskryf Viviers hierdie dokument as "'n meesterstuk van studie en navorsing" waarin die betrokke Britse outeur "die hele sieklikheid van die gemeenskap in sy land wyd [oopvlek]."[82]

Viviers se insluiting van bogenoemde aanhalings – 'n toespraak wat die apartheidsbeleid steun en daarvoor simpatie vra, sowel as briewe wat kommunisme in die Britse samelewing kritiseer – dui duidelik daarop dat hierdie stuk geskiedskrywing 'n nasionalistiese uitgangspunt het. Daar kan geargumenteer word dat Viviers hiermee by implikasie persoonlik self ook die destydse regering se apartheidsbeleid en stryd teen kommunisme gesteun het.

Talle ander geskiedeniswerke wat 'n ondertoon van nasionalisme openbaar, het *Rugby Agter Doringdraad* voorafgegaan, maar geen ander publikasie het só eksplisiet daarna verwys nie. Dit blyk dat die geskiedskrywing wat ná hierdie boek verskyn het, bykans geen tekens van 'n nasionalistiese ondertoon openbaar nie. Die navorsing wat gedoen is, het bevind dat hierdie tendens na afloop van die Springbokke se eerste sogenaamde 'protestoer' in 1969-70, 'n drastiese afname beleef het en uiteindelik verdwyn het. Suid-Afrikaanse rugby op internasionale vlak het in die daaropvolgende jare 'n stormagtige tydperk beleef. Betogings, gewelddadige demonstrasies en toenemende boikotte van die Springbokke was aan die orde van die dag, en Springbokrugby het wêreldwyd 'n politieke kwessie geword. Skrywers het hierdie kwessie wel aangespreek, maar nie deur hul werke met 'n nasionalistiese ondertoon te skryf nie. In die tweede hoofstuk van hierdie tesis sal daar 'n afdeling gewy word aan die wyse waarop skrywers die internasionale boikot van Springbokrugby in hul werk benader het. Daar kan egter met veiligheid gesê word dat Gerhard Viviers se *Rugby Agter Doringdraad* die eindfluitjie vir 'n nasionalistiese ondertoon in populêre rugbygeskiedskrywing geblaas het.

In die lig van Grundlingh se artikel oor hoe die Afrikaner rugby vir homself toegeëien het onder die vaandel van nasionalisme, is dit vanselfsprekend dat die Nasionale Party regering

---

[81] G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, p. 109.
[82] Ibid., p. 110.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die belangrikheid van rugby vir die *volk* erken het. In 2010 skryf Anne Reef, in ’n bespreking oor die uitbeelding van rugby in onlangse Suid-Afrikaanse romans, die volgende:

> “J.M. Coetzee sees enormous significance with regard to parental and political power in a child’s playing sport. In ‘Four Notes on Rugby’, originally published in 1978, he defines ‘a sport [as] a game played according to a well-defined code of rules’… He says that a child who submits to the code and plays the game is re-enacting a profoundly important moment of culture: the moment at which the oedipal compromise is made, the moment at which the knee is bent to the government’. In apartheid South Africa the game of the fathers was rugby – in no other sports were the patriarchy and the government more invested than in rugby.”[83]

Reef gaan verder en noem hoe die apartheidstaat, wat die belangrikheid van rugby erken het, versterking nodig gehad het. Sy argumenteer dat die Suid-Afrikaanse regering van die tyd se verdedigingsstrategie in die hande van patriargie gelê het.[84] Die argument is dus dat daar ’n verbintenis is, nie net tussen rugby en die apartheidsregering nie, maar ook tussen die regering en die patriargale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing. Teen hierdie agtergrond handel die volgende afdeling oor die wyse waarop skrywers van populêre rugbygeskiedskrywing klem gevestig het op die patriargale aard van die spel.

[83] A. Reef: “Try These: Tackling Representations of Rugby in Recent South African Novels”, *English Academy Review: Southern African Journal of English Studies*, 27:2, 2010, p. 73.
[84] Ibid., p. 75.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 1.4 Die patriargale aard van rugby

Vroeëre algemene rugbygeskiedenisboeke kan ook gekenmerk word aan die hand van die patriargale aard van die spel. Behalwe vir die beklemtoning van die taaiheid en manlikheid van die spel, vestig boeke vir die eerste sowat drie dekades na 1948 die leser se aandag op die patriargale aard van rugby. Die tendens was om, al is in dit in ’n mindere mate en met verspreide voorbeelde, melding te maak van die manlike lede van families wat uitstaande rugbyprestasies behaal het – vaders en seuns, broers, ooms en neefs. Alhoewel rugby in hierdie tye slegs deur mans gespeel is en per slot van sake ’n manlike sport was, is dit noemenswaardig om te sien hoe die geskiedskrywing die patriargale aard van rugby ook oor generasies strek.

So byvoorbeeld is die pa–seun verhouding ingespan:

> “[Vir] die eerste keer in ons land se rugbygeskiedenis [het] ’n Springbokvader ’n Springbokseun opgelewer. Alf Walker, die Springbok van 1921-24, se seun Newton was in daardie span.”[85]

> “Die volgende pa’s het vir ons eerste span gespeel en hulle seuns ook en daarby vir die Springbokke ook: H.E. Tindall en sy seun Jackie, H.J. Bergh en Ferdie, M.S. Daneel en George, T.C. Lochner en Flappie, Ds. P.J. Pienaar en Theo, A. Hofmeyr en Koffie, D. Morkel en ‘P.K.’, P.K. Albertyn en ‘P.K.’.”[86]

> “Benewens die Walker-familie...is dit interessant om daarop te let dat Clive van Ryneveld in 1910 ’n Springbokagterspeler was en sy seun, Clive, vir Engeland rugby gespeel het en ’n Suid-Afrikaanse krieketkaptein was. ’n Ontydige besering het hom se Springbokkleure in rugby gekos.”[87]

Die SARR se *Rugby in Suid-Afrika* bevat ’n insetsel wat geskryf is deur Paddy Carolin, getiteld “Jou erfenis, ou seun”. Dit is gerig op jong die Suid-Afrikaanse seun en is ’n aansporing tot rugby.

> “Dit is nou jou kans, ou seun, om daaroor na te dink wat rugby, die grootste van die spanspele, vir jou beteken en hoe jy jou deel kan bydra om sy glorie en tradisies te handhaaf waar dit ook al gespeel word... Dit hang van jou af om seker te maak dat die erfenis van hulle wat ná jou kom, net so groot sal wees.”[88]

---

[85] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 131.
[86] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 140.
[87] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 174.
[88] Ibid., p. 207.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die patriargale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing is ook verder te bespeur in dieselfde boek. In ’n bespreking oor die verhouding tussen skeidsregter en speler, word daar ’n vergelyking getref tussen pa en seun. “Sy optrede is dus soos ’n regverdige vader teenoor sy eie kind wat oortree: die kind weet hy het oortree en dat sy vader se straf dienooreenkomstig sal wees.”[89] Grundlingh som dit goed op wanneer hy skryf dat “[the] presumed connection between rugby and manliness was often woven into father-son relationships.”[90] Die vader–seun verhouding blyk dus van kardinale belang in rugby te gewees het.

*Rugby in Suid-Afrika* bevat ook ’n hoofstuk wat uitsluitlik fokus op Springbok rugbyfamilies. Daar word chronologies vanaf 1891 gekyk na Springbokrugbybroers, ander Springbokbroers wat Suid-Afrika in rugby en ’n ander sport of sporte verteenwoordig het, vader en seuns wat Springbokkleure verwerf het, sowel as ooms en neefs wat Springbokrugby gespeel het. ’n Deursnee uittreksel uit hierdie hoofstuk lees as volg:

> “Die eerste broers wat Suid-Afrika gespeel het, was Marthinus en Charlie (Hasie) Versfeld. Hulle het saam in die laaste internasionale wedstryd van 1891 gespeel. Dit was Charlie wat die eerste drie aangeteken het teen die toerspan wat ons land besoek het. Dit het in die heel eerste wedstryd gebeur wat teen ’n toerspan gespeel is, nl. toe die Kaapstadse klubs teen Maclagan se span te staan gekom het. ’n Ander broer, R.L.O. (Loftus) het vir die Transvaalse Plattelandse span teen Maclagan se span gespeel, en die rugby-hoofkwartier van Noord-Transvaal is later na hom vernoem. John Versfeld, ’n ander broer, het in 1889 vir Westelike Provinsie gespeel.”[91]

Hierdie boek bevat ook ’n hoofstuk wat spesifiek kyk na die familie van die 1906 Springbokkaptein, Paul Roos. Die hoofstuk, getiteld “Die rugby-rose van Rus-en-Vrede”, neem die vorm van ’n uitgebreide geslagregister aan, wat tot ’n mate herinner aan die tendens van die gebruik van Bybelse verwysings in rugbygeskiedskrywing soos dit in die vorige afdeling bespreek is. Behalwe vir die behandeling van die beroemde Paul Roos, word al die manlike sportsterre van die Roos-familie ook bespreek:

> “Die tweede jongste, Tielman (Tjiks), was die boer, maar tussen die boerderypligte het hy plek gemaak vir sport. Vir enige jaar het hy vir Stellenbosch I gespeel; hy haal die W.P.-span ’n paar jaar na mekaar en word uitgenooi na die proefwedstryde toe die 1921-Springbokke gekies sou word, maar slaag ongelukkig nie daarin om die span te haal nie.
>
> Hennie, die jongste broer, is aanvanklik van die rugbyveld weggehou weens gesondheidsredes...

[89] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 217.
[90] A. Grundlingh: “Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-c.1970”, in J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, p. 197.
[91] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 164.

> Onder die seuns van die tweede geslag is daar 'n paar mooi prestasies. Paul se oudste seun, Gideon speel vir Oxford universiteit teen die All Blacks en verwerf sy 'Oxford Blue' vir rugby. Sy tweede seun, Piet, speel senior rugby vir die klubs Stellenbosch, Tuine, Diggers en Paarl.
>
> Jan se derde seun, Jan, is nog aktief in die spel...
>
> Johannes (Pine) Pienaar, seun van die oudste suster, voer sy skoolspanne: onder 15, O. 17 en O. 19 as kaptein aan en haal daarna Stellenbosch I."[92]

Patriargie word deur die Oxford English Dictionary verklaar as "[a] form of social organization in which the father or oldest male is the head of the family, and descent and relationship are reckoned through the male line; government or rule by a man or men."[93] Die betekenis van patriargie strek verder as net dit. Patriargie is van toepassing nie net in die opset van 'n familie nie, maar ook in die konteks van die breër samelewing.

Die eerste deel van die verklaring van patriargie is direk van toepassing op bostaande voorbeelde uit die geskiedskrywing. In hierdie voorbeelde is daar 'n duidelike sosiale organisasie waarin die oudste man as die hoof beskou word, en afstammelinge word in terme van hul verhouding tot die betrokke ouer manlike figuur beskryf. Paul Roos, byvoorbeeld, word beskryf as "die geestelike vader van almal wat Suid-Afrika in die afgelope sewentig jaar op die rugbyveld verteenwoordig het, net soos hy dit sal wees vir diegene vir wie hierdie eer eers later te beurt sal val."[94]

Wanneer die tweede deel van die verklaring op rugby toegepas word, en met in ag neming van bostaande voorbeelde, kan dit lui: "government or rule *of rugby* by a man or men." Die verhouding tussen rugby aan die een kant en patriargie en manlikheid aan die ander, is interafhanklik. Enersyds is rugby 'n sport wat deur mans beoefen word, en andersyds is rugby per definisie 'n manlike aktiwiteit – "where 'maleness' mattered above all else".[95] Johan Claassen, Springbokafrigter tydens die 1971 toer na Australië, het in 'n toespraak genoem dat dit 'n Springbok se verantwoordelikheid was om altyd 'n voorbeeld van manlikheid te wees.[96] Deur middel van hierdie patriargale verduidelikings en beskrywings van die spel, beklemtoon skrywers die patriargale aard en manlikheid van rugby.

---

[92] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 201.
[93] Oxford English Dictionary. Beskikbaar by: http://www.oed.com.ez.sun.ac.za/view/Entry/138873?redirectedFrom=patriarchy#eid
[94] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 38.
[95] A. Grundlingh: "Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-c.1970", in J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, p. 198.
[96] K. Shippey: *The Unbeatables – Springboks in Australia.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar moet ook melding gemaak word van die enkele gevalle waar daar gepoog is om die rol van vroue in die rugbywêreld te bespreek. Alhoewel só ’n bespreking in skrille kontras staan met bostaande stellings oor die beklemtoning van die patriargale aard van rugby, is dit eerder ’n versterking van die argument. In *Rugby in Suid-Afrika* verskyn daar ’n brief wat geskryf is deur ene Mej. B. van Staden, ’n werknemer van die SARR ten tye van uitgawe. Hierin skryf sy die volgende:

> “Ek moet nog baie doen om te wys wat daar in my steek, maar ek probeer omdat daar niks is waarvan ek meer sal hou as om ’n erkende lid van hierdie grootse klub te word nie en om as een van die groep se vroue aanvaar te word nie.”[97]

Alhoewel die insluiting van ’n insetsel geskryf deur ’n vrou afwykend is van die tendens om die leser se aandag te vestig op die patriargale aard van rugby, opper hierdie aanhaling twee kwessies wat aandag verdien. Eerstens word dit hierin geïmpliseer dat “die groep” slegs bestaan uit mans – ’n bewys van die patriargale aard van die spel en dít wat daarmee saamgaan. Tweedens impliseer hierdie aanhaling dat vroue in die rugbywêreld moet “wys wat daar in [hulle] steek” om aanvaar te word, wat dui op ’n patriargale stelsel in die rugbywêreld. In *Met Maties op die Rugbyveld* is daar ook ’n hoofstuk wat handel oor die rol van dames in Maties rugby. Hierin word vrouens beskryf in terme van die identiteit van hul eggenote. Marjorie Cuthbert word beskryf as “mev. (dr.) De Vos Malan”[98], Lulu Ziervogel word byvoorbeeld beskryf as “mev. (dr.) Meiring Naudé”[99] en van die Markötters word daar geskryf dat “[as] Oubaas Mark daarheen kom, bring hy mevrou Mark saam...”.[100] Alhoewel hierdie manier van identifisering nog die algemene tendens in vyftigerjare was, dui dit op die patriargale aard van beide die samelewing én die rugbywêreld van daardie tyd – sosiale organisasie waarin vroue geken is in verhouding tot hul mans. In dieselfde hoofstuk word daar ook geskryf hoe “die vroue van die komiteelede en breiers gesorg [het] vir tee, koek en toebroodjies” by rugbyvergaderings.[101] Deur die rol wat vroue speel tot slegs die verskaffing van tee, koek en toebroodjies te beperk, verkleineer die manlike rugby-establishment die bydrae van vroue. Bogenoemde besprekings oor die rol wat vroue in die rugbywêreld speel, is dus ’n beklemtoning van die patriargale aard van rugby. Alhoewel dit afwyk van skrywers

[97] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 219.
[98] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 59.
[99] Ibid., p. 60.
[100] Ibid., p. 64.
[101] Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se styl om klem te lê op die idee van patriargie en manlikheid in rugby, versterk hierdie beskrywings dus eerder hierdie idee.

Hoekom het skrywers die leser se aandag gevestig op die patriargale- en manlike aard van rugby? Die antwoord op hierdie vraag is tweeledig. Eerstens is die sport self taai en hard. Dit is ’n aktiwiteit wat robuuste fisiese kontak, krag en stamina vereis, en gevolglik ’n sterk manlike bekoorlikheid het. Dit is dus vanselfsprekend dat die geskiedskrywing hierdie spesifieke eienskappe van die sport sal beklemtoon. Só kon verseker word dat die leser ’n beter verstaan van beide die geskiedenis en die aard van die spel kon bekom.

In die tweede plek was die Suid-Afrikaanse samelewing van die tyd in ’n redelike mate steeds ’n patriargale samelewing. Cronjé en Venter argumenteer dat, alhoewel die toenemende verstedeliking bygedra het tot die verval van Afrikaner patriargalisme, die samelewing van die tyd steeds bepaald patriargaal was.[102] Gedurende die middel van die twintigste eeu het Suid-Afrikaanse vroue, en veral Afrikanervroue, “voltydse huisvroue en moeders geword, wat tuis gebly het en ’n huishulp gehad het...[en] hulle verlaat [het] op die oordeel van mans, wat gedink het dit pas nie by vroue om lid van openbare liggame (behalwe vroueorganisasies) te word nie.”[103] Die samelewing is dus georganiseer met die man aan die hoof en “die vrou die vennoot (hoewel nie op gelyke voet nie)”.[104] Dit is dan natuurlik dat hierdie kulturele kenmerk van patriargie sal manifesteer in die populêre geskiedskrywing, veral wanneer dit handel oor ’n manlike aktiwiteit soos rugby.

Soos die vorige drie bespreekte tendense van populêre rugbygeskiedskrywing, het ook hierdie een in die sewentigerjare stelselmatig gekwyn. Waar daar tussen 1948 en hierdie tydperk etlike voorbeelde in die geskiedskrywing was waar skrywers die patriargale aard van rugby beklemtoon het, was dit vir die daaropvolgende jare, tot 1995, egter nie die geval nie.

Sekere werke uit die 1980s dui op ’n wegbeweging van die idee van patriargie. In *WP Rugby Centenary* (1983) wy A.C. Parker ’n aparte hofie aan mejuffrou Joey Enslin, die Westelike Privinsie Rugby Voetbal Unie se sekretaresse. Hierin word sy vereer vir haar 32 jaar lange getroue diens aan die unie. Daar word van haar geskryf dat sy ’n outoriteit op Nuweland en in die unie was, en dat sy heel moontlik die bekendste vroulike amptenaar in Suid-Afrikaanse

[102] G. Cronjé & J.D. Venter: *Die Patriargale Familie*, p. 117.
[103] H. Giliomee: *Die Afrikaners – ’n Biografie*, p. 328.
[104] G. Cronjé & J.D. Venter: *Die Patriargale Familie*, p. 13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rugby was.[105] Gedurende hierdie dekade het Steve de Villiers ook ’n reekssportgeskiedenis boeke gepubliseer wat in kort hoofstukkies aandag aan ’n verskeidenheid sportsoorte skenk. Behalwe vir rugby, is daar ook talle verhale van bekende sportvrouens. Hoofstukke soos “Kishou vir ons meisies”, “Die verlore dogter” en “Sterre by die hokkie” dui dat daar in dieselfde boek op gelyke voet oor rugby en vrouesport geskryf word.[106] Alhoewel die verhale van vrouesport nie soseer aan dié oor rugby verwant is nie, suggereer dit steeds dat daar wegbeweeg was van die idee van patriargie in die geskiedskrywing oor rugby. Om byvoorbeeld ’n stukkie rugbygeskiedenis op te volg met ’n verhaal oor vrouetennis, beteken dat die sporte van beide geslagte gelyke aandag in die geskiedskrywing geniet. Ondanks enkele voorbeelde in die geskiedskrywing van hierdie tydperk waar skrywers die patriargale aard van rugby beklemtoon, blyk dit egter nie meer die tendens te wees soos wat vroeër die geval was nie. Die enkele voorbeelde soos dit in hierdie paragraaf bespreek is, dui op ’n wegbeweeg van idee van patriargie in die populêre rugbygeskiedenis.

John Nauright en Timothy Chandler verduidelik hoe rugby, in sy ontwikkelingsjare gedurende die Victoriaanse era, aan die konsepte van man-wees, gespierdheid en manlike Christenskap verwant geword het.[107] Dit is in die lig daarvan dat die volgende afdeling van hierdie hoofstuk handel oor Bybelse- en ander godsdienstige verwysings wat daar in die populêre rugbygeskiedskrywing te vinde is.

[105] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, pp. 171-172.
[106] S. de Villiers: *Kantlynkaviaar – Radiovertellinge oor Sport*, pp. 122-126; S. de Villiers: *Kaviaar vir ’n Kampioen – Nog kantlynvertellings oor Sport*, pp. 33-38; S. de Villiers: *Kaviaar vir ’n Kavelier*, pp. 164-168.
[107] J. Nauright & T. Chandler: “Introduction: Rugby, manhood and identity”, in J. Nauright & T. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 1.5 Die gebruik van Bybelse- en godsdienstige verwysings

’n Noemenswaardige tendens in populêre rugbygeskiedskrywing tussen 1948 en die 1970s was die gebruik van Bybelse- en ander godsdienstige verwysings. Skrywers het in hul beskrywing van spelers, sowel as in die bespreking van die spel, op verskeie maniere verwysings van ’n religieuse aard ingeweef.

In R.K. Stent se 1954 boek *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, word Nuweland beskryf as “die Mekka van ons nasionale spel”[108]. Hy skryf verder dat Geffin “klein gate in Nuweland se ‘heilige grond’” geskop het.[109] Danie Craven beskryf die Springbokke se 44-0 oorwinning oor Skotland in 1951 as ’n “rugbywonderwerk waaroor gepraat sal word solank rugby gespeel word.”[110] Alhoewel hierdie nie soseer Bybelse verwysings is nie, is dit steeds bewys dat daar oor rugby geskryf is met behulp van godsdienstige verwysings. Daar is egter ander voorbeelde waar daar in die beskrywings van die spel en sy spelers gebruik gemaak word van Bybelse verwysings.

In die beskrywing van ’n beseerde speler se terugkeer tot fiksheid vir die 1951 toer na die Brittanje, skryf Danie Craven die volgende: “Die verlore seun se tuiskoms is iets wat ek daardie dag aangevoel het.”[111] In die SARR se *Rugby in Suid-Afrika* word die atmosfeer van ’n gevulde rugbystadion beskryf as ’n “geroesmoes van stemme...erger as dié van Babel.”[112] Daar word van die Engelse voorspeler W.W. Wakefield geskryf dat dit so moeilik was om hom te stuit “as wat dit was om die Bul van Basaan te keer.”[113] Bogenoemde vergelykings is almal met Bybelse verhale. ’n Voorbeeld wat in hierdie konteks uitstaan, is wanneer die SARR in 1964 die volgende skryf:

> “Die speel-reëls is opgestel in die dae toe ons nog met kar en perde gery het en rugby-ampsdraers moet die feit onder die oë sien dat hulle nou in die eeu van die spuitvliegtuig lewe. Selfs die taal van die Bybel is onlangs gemoderniseer. Dus, waarom nie ons rugbyreëls nie?”[114]

Hierdie uittreksel bevat nie ’n verwysing na ’n Bybelse verhaal nie, maar is eerder ’n direkte verwysing na die Bybel self. Hierdie verwysing na die Bybel in die beskrywing van ’n sekere

---

[108] R.K. Stent: *Green and Gold: A Sporting Miscellany*, p. 9. (Eie vertaling)
[109] Ibid., p. 50. (Eie vertaling)
[110] D. Craven: *Ons Toetsprestasies*, p. 15.
[111] Ibid., p. 24.
[112] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 190.
[113] Ibid., p. 222.
[114] Ibid., p. 192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aspek van rugby, kan beskou word as die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing wat ’n direkte verband trek tussen rugby en die Bybel.

In besprekings oor A.F. Markötter, ’n beroemde Stellenbosse afrigter, gaan verwysings verder as die Bybel – daar word pertinent melding gemaak van ’n verbintenis tussen rugby en godsdiens. Danie Craven se boek *Die Grondbeginsels van Rugby* van 1948 is opgedra aan Markötter, “die alfa en omega van Stellenbosse Rugby”.[115] Craven skryf in *Met Maties op die rugbyveld* in 1955 oor Markötter, oftewel Oubaas Mark soos hy meer algemeen bekend gestaan het: “Ons kan hom geen groter eer aandoen nie as om hierdie boek aan hom, die alfa en omega van ons rugby, op te dra nie.”[116] Alhoewel dit ook ’n sekulêre uitdrukking is, is die oorsprong daarvan in die geloof te vinde. Wanneer dit saam met die verskeie ander Bybelse- en godsdiensvergelykings in die geskiedskrywing gelees word, transendeer hierdie uitdrukking die gewone spreektaal en kan dit vir die leser voorkom asof Markötter só met behulp van ’n Godsvergelyking beskryf word.

Verder word daar die volgende van hom gesê: “A.F. Markötter het ’n besonderse liefde vir die spel ontwikkel. Op ’n keer het hy gesê: ‘Ek het nie godsdiens nie. Ek het nie politiek nie. Rugby is my godsdiens en my politiek.’”[117] Hierdie stelling is ’n voorbeeld van ’n duidelike verbintenis wat daar gemaak is tussen rugby en godsdiens. W.C. Ramsay, die ere-penningmeester van die Engelse Rugbyunie in 1964, word beskryf as “die apostel van die gees van die spel.” [118] Met die godsdienstige konteks waarna die betekenis van die woord ‘apostel’ verwys, kan daar nie anders nie as om hierdie beskrywing te beskou as ’n bevestiging van die verband wat daar tussen rugby en godsdiens gemaak word.

Die vraag kan gevra word hoekom die geskiedskrywing oor rugby van Bybelse- en ander godsdienstige verwysings gebruik maak. Hoekom is daar tussen rugby, sy spelers en figure vergelykings getref met Bybelse verhale en godsdiens? Om hierdie vraag te kan beantwoord, is dit noodsaaklik om hierdie geskiedskrywing in die gees van die tyd te beskou. Gedurende die tydperk dat dit ’n tendens in die geskiedskrywing was – 1948 tot die 1970s – is “die kerk beskou as verreweg die belangrikste instelling in die Afrikanergemeenskap.”[119] D.F. Malan het geredeneer:

[115] D. Craven: *Die Grondbeginsels van Rugby*.
[116] D. Craven & P. Jordaan: *Met Maties op die rugbyveld 1880-1955*, p. 76.
[117] Suid-Afrikaanse Rugbyraad: *Rugby in Suid-Afrika*, p. 182.
[118] Ibid., p. 189.
[119] H. Giliomee: *Die Afrikaners – ’n Biografie*, p. 335.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "[die] kerk in Suid-Afrika [het] die koloniste 250 jaar lank bymekaar gehou en op godsdienstige grondslag verenig. Die kerk is dus die instelling wat God gebruik om die Afrikaners te lei en in 'n eenheid te smee. Die kerk is die waarborg van die Afrikaners se 'nasionaliteit'".[120]

Daar word ook geskryf dat Merriman op 'n keer die volgende gesê het:

> "I am more sure than ever that in their democratic church lies the salt of the Afrikaner character. Many things they lack – imagination, education, energy – but faith they certainly have and that keeps them strong and sound."[121]

Hierdie twee aanhalings dui op hoe groot die invloed van die kerk en godsdiens in die kulturele weefsel van die Afrikaner gedurende daardie tyd was. Die Afrikaner se identiteit is tot 'n redelike mate op Christelike waardes gebou, en die kerk is as een van die belangrikste instellings beskou. Dit is dus te verstane en vanselfsprekend dat daar in die geskiedskrywing, ongeag die tema, geskryf sou word met verwysings na die Bybel en verwysings na geloof in die algemeen. Aangesien die belangrike rolle wat die kerk en godsdiens in die lewens van die samelewing gespeel het, is dit natuurlik dat hierdie deel van 'n volk se identiteit op so 'n manier sal deursyfer tot sy geskiedskrywing.

Tommy Bedford het in 1989 ook genoem dat daar, tesame met die Party en die Regering van die Afrikaner, deur die Suid-Afrikaanse rugby-establishment gewerk is om die Kerk van die Afrikaner te bevorder.[122] Die noue verbintenis wat daar tussen rugby en geloof in Suid-Afrika was, is op twee verskillende geleenthede goed opgesom. In die eerste geval is daar na afloop van die Springbokke se onsuksesvolle Britse toer van 1969-70 die volgende gesê: "To us in South Africa, rugby is really our god with a small letter, and to be defeated like that – the mishaps, the players who were injured – it was abnormal. God spoke to us."[123] Tweedens het Danie Craven, President van die SARR, met sy verwelkoming aan die besoekende Britse Leeus van 1980 die verbintenis tussen rugby en godsdiens geïmpliseer toe hy genoem het dat rugby aan die res van die sportwêreld 'n voorbeeld gestel het deur, onder andere, oor godsdiens uit te styg.[124]

---

[120] H. Giliomee: *Die Afrikaners – 'n Biografie*, p. 337.
[121] Ibid., p. 336.
[122] A. Grundlingh: "Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-c.1970", in J. Nauright & T.J.L. Chandler (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*, p. 200.
[123] R. Nixon: "Apartheid on the Run: The South African Sports Boycott", *Transitions*, 58, 1992, p. 75.
[124] D. Craven: *Boodskap deur die President van die SA Rugbyraad*, 31 Mei 1980. Universiteit van Stellenbosch, SARR Argief, nr. A9/1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is ook interessant om daarop te let dat hierdie Bybelse- en godsdienstige verwysings hoofsaaklik in die Afrikaanse geskiedskrywing verskyn. Alhoewel daar ook enkele voorbeelde daarvan in Engelse geskiedskrywing te vind is, was dit gedurende hierdie tydperk ’n eienskap eie aan hoofsaaklik Afrikaanse geskiedeniswerke. Die voorbeelde, soos dit hierbo bespreek is, dien as bevestiging.

Voorbeelde van Bybelse- en ander godsdienstige verwysings in die populêre geskiedskrywing is nie so talryk nie. Dit is in die tydperk rondom 1970 dat hierdie tendens ’n drastiese afname in die geskiedskrywing gesien het. Vanaf hierdie tydperk tot 1995 is daar selde indien ooit deur geskiedskrywers gebruik gemaak van verwysings van ’n religieuse aard, hetsy dit na die Bybel of na geloof in die algemeen verwys. In die konteks van Suid-Afrika in die 20ste eeu – met in ag neming van die belangrike rol wat die kerk en godsdiens in die Afrikaner samelewing gespeel het – is dit egter vreemd dat hierdie spesifieke tendens net sou kwyn. ’n Moontlike verklaring waarom dit egter gebeur het, is die feit dat die genre van populêre rugbygeskiedskrywing deur ’n nuwe generasie skrywers oorgeneem is. In die jare voor die 1970’s was Danie Craven en R.K. Stent die mees prominente rugbygeskiedskrywers, en in hul werk is Bybelse- en ander godsdienstige verwysings ’n algemene verskynsel. In die dekades daarna is hierdie veld oorgeneem deur skrywers soos A.C. Parker en Chris Greyvenstein. In kontras met hul voorgangers het hul skrywe nie hierdie religieuse verwysings bevat nie, en hierdie tendens het gevolglik ten einde gekom.

Die vyf tendense, soos dit in die voorafgaande afdelings bespreek is, dui as’t ware op die eerste helfte van populêre rugbygeskiedskrywing in Suid-Afrika. Wanneer hierdie tendense van 1948 tot ongeveer 1970 in oënskou geneem word, kan die afleiding gemaak word dat hierdie geskiedskrywing ’n produk van Suid-Afrika se sosio-politieke omgewing van die betrokke tyd was. Die Nasionale Party was aan bewind en Afrikaner nasionalisme het steeds hoogty gevier. As gevolg van verstedeliking wat steeds ’n onvoltooide proses was, het ’n groot aantal Afrikaners – vir wie rugby hul nasionale sport was – steeds ’n landelike bestaan gevoer. Die samelewing is volgens ’n patriargale stelsel gestruktureer, terwyl die Christelike geloof en die kerk ook ’n bepaalde sterk rol gespeel het. Hierdie sosiale- en politieke faktore het in populêre geskiedskrywing posgevat en die resultaat was dat dit die Suid-Afrikaanse samelewing van die tyd weerspieël het. Die rustyd fluitjie vir populêre rugbygeskiedskrywing het dus teen ongeveer 1970 geblaas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die tweede helfte van populêre rugbygeskiedskrywing het nuwe uitdagings vir Suid-Afrikaanse rugby ingehou. Die betogertoere en die uiteindelike boikot van Springbokrugby was seker die vernaamste toets. In 1976 het televisie sy verskyning in Suid-Afrika gemaak en dit het verrykende gevolge vir beide die samelewing en rugbygeskiedskrywing ingehou. Die tweede hoofstuk ontleed populêre rugbygeskiedskrywing in Suid-Afrika vir die tydperk vanaf die sewentigerjare tot 1995.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# Hoofstuk 2: Algemene rugbygeskiedenis boeke, ±1970 – 1995

Die jare sedert 1969, en veral sedert 1976, het ’n blywende effek op Suid-Afrikaanse rugbygeskiedskrywing gehad. Daar is vir die eerste keer in 1969 teen die Springbokke, op hul Britse toer onder leiding van kaptein Dawie de Villiers, betoog. Hierdie betogings sou ’n algemene verskynsel word tydens toekomstige Springboktoere na die buiteland, en het uiteindelik verander in die algehele boikot van Suid-Afrikaanse sport. Tweedens het die koms van televisie in 1976 in Suid-Afrika plaasgevind. Hierdie twee noemenswaardige gebeurtenisse se invloed blyk bepalend te wees op die manier hoe die Suid-Afrikaanse geskiedenis oor rugby geskryf is. Die geskiedskrywing het nie oornag of onmiddellik as gevolg van enkele gebeurtenisse handomkeer verander het nie. Die wending het homself egter oor die verloop van enkele jare afgespeel, soos daar vervolgens gesien sal word.

Die tweede hoofstuk van hierdie navorsingswerk stel dus ondersoek in na die tendense in algemene rugbygeskiedenisboeke in die tydperk vanaf 1970 tot 1995.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.1 Kontrasterende benaderings tot die internasionale sportboikot

Algemene rugbygeskiedskrywing tussen 1948 en 1995 het bepaald twee kontrasterende benaderings tot die internasionale sportboikot en betogings geopenbaar. Enersyds is die betogings en latere isolasie gekritiseer, veroordeel en gevolglik verwerp. Andersyds het Suid-Afrikaanse rugbygeskiedskrywing versuim om hierdie kwessie direk aan te spreek en eerder die idee geskep dat, ongeag die internasionale teenkanting, rugby steeds oor politiek geseëvier het.

Die katalisator vir die internasionale boikot van Suid-Afrikaanse sport was Eerste Minister John Vorster se weiering dat Basil d'Oliveira, 'n Suid-Afrikaanse Kleurling emigrant, Engeland kon verteenwoordig in 'n kriekettoer na Suid-Afrika in 1968-9. 'n Toenemende internasionale boikot van Suid-Afrikaanse sporte was die gevolg van die weiering. Springbokrugby het aanvanklik hierdie boikotte vrygespring, maar op buitelandse toere is daar sterk betoog teen die teenwoordigheid van Suid-Afrikaners en die beleid van die Suid-Afrikaanse regering. Die toere na Brittanje (1969-70), Australië (1971) en Nieu-Seeland (1981) het intense en gewelddadige betogings gesien. Polisielede moes die Springbokke beskerm en duisende betogers op 'n afstand hou terwyl speelvelde omring was met doringdraad.[125] In die tagtigerjare het betogings só verander dat Suid-Afrikaanse rugby homself in die niemandsland van internasionale isolasie bevind het.

[125] D. Booth: "Hitting Apartheid for Six? The Politics of the South African Sports Boycott", *Journal of Contemporary History*, 38:3, Sport and Politics, 2003, pp. 479-480.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 2.1.1 Kritiek, veroordeling en verwerping

Die eerste benadering van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in reaksie tot die betogings teen die Springbokke en hulle uiteindelike isolasie, was om dit te kritiseer, te veroordeel en te verwerp. Hierdie reaksie het hoofsaaklik op drie maniere gemanifesteer – die kritiseer van die betogers en demonstrasies; ’n beredenering dat die instansies en publiek van lande wat besoek is ook teen betogings en demonstrasies gekant was; sowel as ’n poging om die betogings en isolasie in ’n positiewe lig te stel. Sekere geskiedenis werke gedurende hierdie tydperk het van sommige of al die bogenoemde metodes gebruik gemaak om sodoende sterk kritiek uit te spreek oor die betogings en teenkanting waaronder die Springbokke op die internasionale speelveld gebuk gegaan het.

Die bekende rugbykommentator Gerhard Viviers se *Rugby Agter Doringdraad*, wat handel oor die Springbokke se 1969-70 toer na Brittanje, is die beste voorbeeld van kritiek teenoor die betoger. Die boek begin met ’n bespreking van “’n klompie lustelose betogers” met “perverse gedagtes” – voorwaar ’n veroordeling wanneer hulle beskryf word as “duistere magte met duistere motiewe”.[126] Betogers word beskryf word as “die gepeupel”[127], “die bleekgesig huurlinge van die bose politieke magte”[128] en “[mense] sonder ambisie of doel”.[129] Daar word deurgans snedig na hulle verwys as “langhare”[130] en “rioolrotte”[131]. Viviers se grootste kritiek kom wanneer hy die polisie se optrede teenoor ’n betoger beskryf:

> “Reg voor my is ’n langhaar ’n kloofhou op die gesig deur ’n polisieman geslaan. Toe *dit* agteroor val en die liggaamsbou duidelik word, is besef dat *dit* ’n jong dame is. Sy is sukkelend orent gehelp deur nog een van haar skaam-vir-water-vriende met ’n seer kopvel. Slinger-slinger en huil-huil het die twee die opening van die pawiljoen bereik en na buite gestap.”[132]

Hierdie vernedering en degradering van die betoger tot ’n *dit* is ’n aanduiding van Viviers se skerp kritiek teenoor en veroordeling van die betogers en hul optrede. By nabetragting word dit duidelik dat Viviers, ironies genoeg, dieselfde met sy boek doen as wat hy die Ierse

---

[126] G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, p. 12.
[127] Ibid., p. 32.
[128] Ibid., p. 43.
[129] Ibid., p. 45
[130] Ibid., p. 24.
[131] Ibid., p. 51.
[132] Ibid., p. 25.

Stellenbosch University  http://scholar.sun.ac.za

Sondagkoerante van beskuldig: ’n “groter ophef oor die betogers se pogings [maak] as oor die rugby.”[133]

Behalwe vir die lewer van kritiek teenoor betogers, het skrywers ook die idee probeer tuisbring dat dit nie net Suid-Afrikaners was wat gekant was teen die betogings nie, maar so ook die instansies en publiek van die lande wat besoek is. In sy fotoboek *The Unbeatables*, maak Kim Shippey melding van die waarskuwings wat die Australiese Rugby Unie by stadions waar die Springbokke sou speel, opgerig het:

> “No person shall bring into the Olympic Park area any glass wear, cans, firecrackers, or missiles of any type. Any person found behaving in a disorderly manner, using obscene language, creating or taking part in any disturbance shall be liable to be forthwith removed there from and prosecuted.”[134]

Shippey deel ook uittreksels van kolomskrywers in koerante wat krities gestaan het teenoor die betogers en hul optrede:

> “Righto, you demonstrators, you’ve made your point, now how about laying off? Making such a din that they lose all their sleep at night will not change on South African law and will not go one step toward helping the South African blacks. But it may get a reputation for bad sportsmanship. The Springboks are here to play Australia’s best 15, not 10 000 of us.”[135]

> “The more deeply and sincerely people feel about apartheid the less likely they are to throw stones through motel windows, bellow slogans all night, and otherwise harass to the point of exhaustion a group of visitors here only to play football.”[136]

Die Vise-Kanselier van Queensland University het in ’n toespraak aan die studente sy misnoeë uitgespreek oor hul wrede gedrag, vernederende behandeling en algemene mishandeling van die besoekende Springbokke. Hierdie teregwysing het die gewenste reaksie gehad en die studente het van daardie oomblik af aansienlik minder teen die Springbokke se teenwoordigheid betoog.

Die geskiedskrywing maak ’n saak daarvoor uit dat, benewens koerante en instansies soos universiteite, ook die buitelandse publiek teen die betogings gekant was. ’n Vrou in Brisbane het tydens die Springbokke se Australiese Toer in 1971 die volgende in ’n brief geskryf:

> “I am not personally in agreement with your country’s apartheid policy, but nevertheless I do not see why a team of sportsmen, who are presumably here to play football, should be held responsible for

[133] G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, p. 77.
[134] K. Shippey: *The Unbeatables – Springboks in Australia*.
[135] Ibid.
[136] Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> their government's decisions. There must be many thousands of Australian families such as ours who feel as we do about your treatment. But what can we do against yelling mobs of unruly demonstrators. That is why I am sending you this letter, to tell you we feel a deep sympathy for you for this unwarranted treatment. We wish you good football, and pray that you will not judge all Australians by the angry mobs of rabble-rousers that you view from your windows."[137]

Uittreksels uit 'n brief van 'n lid van die Britse publiek tydens die Springbokke se toer na Brittanje in 1969-70 lees as volg:

> "As an Englishman I get very depressed as I read the daily newspapers and see what is happening in this once proud, strong country... My purpose in writing to you is to let you know that while they may not take practical action as I do, the majority of intelligent and responsible persons in this country think and feel as I do and are out of sympathy with the irresponsible politicians, church leaders, hippies and students and their recent hooligan behaviour towards the South African rugby team whose sportsmanship and tolerance one very much admired."[138]

Viviers skryf ook verder dat sy benaming van die betogers as 'rioolrotte' afkomstig was van 'n geestelike verbonde aan die Katedraal van Coventry.[139] Daar is eers later op die toer só na die betogers verwys na aanleiding van sy gesprek met die spesifieke kerkamptenaar. Al die bogenoemde voorbeelde dui daarop dat sekere skrywers die idee by die Suid-Afrikaanse leser wou skep dat die buitelandse establishment – by name van die publiek, koerante, universiteite en die kerke – ook teen die betogers en hul optrede gekant was. Deur te skryf dat die buitelandse establishment ook teen die betogers en demonstrasies in die algemeen gekant was, het skrywers die idee tuisgebring dat die betogers die enigste persone wat geglo het dat hul optrede korrek en regverdigbaar was. Dit impliseer dan dat die betogers se optrede verkeerd was en die Suid-Afrikaanse publiek aangemoedig om eensgesind te wees in hul teenkanting van hierdie betogers. Daar sal later moontlike redes verstrek word waarom skrywers verkies het om uittreksels soos bogenoemdes in hul werke in te sluit.

Sekere skrywers het derdens dan ook op 'n patriotiese wyse oor Suid-Afrika geskryf en die betogings en uiteindelike isolasie in 'n positiewe lig probeer stel. Wanneer Greyvenstein skryf dat die "dramatiese aanhef tot 'Die Stem van Suid-Afrika' trane van trots in [sy] oë opwel"[140], word 'n gevoel van patriotisme by die leser aangewakker. Daar is ook verskeie voorbeelde van inleidings tot boeke en hoofstukke wat sinspeel op die idee van heimwee en

---

137 K. Shippey: *The Unbeatables – Springboks in Australia*.
138 G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, pp. 107-108.
139 Ibid., p. 37.
140 C. Greyvenstein: "Oorwinning in 'n orkaan", in *Springbok-seges in Krieket en Rugby*, p. 40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

patriotisme. Viviers begin sy voorwoord tot *Rugby Agter Doringdraad* met die volgende opmerking:

> "Daar is twee dinge wat my na aan die hart lê: die Suid-Afrikaanse veld en Suid-Afrikaanse sport. Daarom dat ek, hier hoog bokant die stil vloei van die Olifantsrivier in die Kruger wildtuin, sit en skryf oor 'n span wat meer as rugby moes gaan speel het. … My bedoeling is 'n eenvoudige dankie sê aan 'n klein, vaal Boerklong met sy seungesig en die hart van 'n leeu: Dawie de Villiers…"[141]

Deur middel van stellings soos hierdie spreek skrywers tot die Suid-Afrikaanse leser se landelike verwysingsraamwerk en sinspeel hulle dus ook op die leser se vaderlandsgevoel. Tesame met die onderliggende patriotisme, het Viviers ook probeer om 'n prentjie van Suid-Afrika as die slagoffer van die buitewêreld te skets. Hy skryf dat daar, na aanleiding van die ontwrigting veroorsaak deur die betogings, darem simpatie "uit elke hoekie van ons vreedsame land, 6500 myl ver, oor die water gekom" het.[142] Wanneer die kwessie van politiek in sport ter sprake kom, skryf hy ook dat die Springbokke moes optree as ambassadeurs van 'n land wat die politieke skyf van 'n vyandige wêreld was.[143] Ook só word die idee geskep dat daar niks fout was met Suid-Afrika se beleid nie, maar dat daar eerder fout was met die betogers en húl optrede.

Herman Steytler se artikel in *Spitse op die Sportveld* (1970) bespiegel oor die afsienbare toekoms van Suid-Afrikaanse sport. Hierin poog hy om die dreigende internasionale boikot in 'n positiewe lig te beskou. Hy skryf dat, weens die boikot, sportgees in Suid-Afrika sal triomfeer, "soos dit in ander lande sal triomfeer sodra hulle die geweldige nadele van politieke sport besef."[144] Hy skryf verder oor Springbokrugby:

> "Daar is natuurlik ruimte vir internasionale wedstryde, maar dit sal my nie hinder as hulle heeltemal geskrap word nie. Van die baie toetswedstryde waarvan ek al verslag moes doen, is daar net een wat ek onthou. … Dit is om hierdie redes dat ek my nie juis baie bekommer oor die moontlikheid dat 1970 miskien die laaste jaar sal wees dat ons begaan sal raak oor internasionale wedstryde nie. Ek wil nie graag meer lees van losskakels wat misvat en nie meer weet hoe om 'n agterlyn aan die beweeg te sit nie, van senters wat net een ding goed kan doen: skop, en van voorspelers wat mekaar met die vuis toetakel..."[145]

[141] G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, p. 9.
[142] Ibid., p. 52.
[143] Ibid., p. 28.
[144] H. Steytler: "En nou verder?", in H. le Roux: *Spitse op die Sportveld – Ooggetuieverslae van Suid-Afrikaanse Sporthoogtepunte deur Herman le Roux en ander bekende Sportskrywers*, p. 125.
[145] Ibid., p. 130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens sy kritiek teenoor internasionale wedstryde soos hierbo uitgespel, poog Steytler om dreigende isolasie in ’n positiewe lig stel:

> “Die moed van ’n span, sy oorwinning teen ’n oormag, die onverwagte wending sal niks van sy aantreklikheid verloor omdat ons nie teen buitelanders speel nie. Ons sal nog altyd gaan om toe te skou en ons te verkneukel in wat ons sien.”[146]

Steytler sluit af deur te skryf dat, alhoewel die internasionale deur baie slotte aan gehad het, die groot oomblikke in Suid-Afrikaanse rugby nie sou ontbreek nie.[147] Só het hy die boikot verwerp en dit afgemaak as iets wat Suid-Afrikaanse sport, en rugby in die besonder, nie sou affekteer nie. Al die voorafgaande voorbeelde het in gemeen dat dit die internasionale boikot van en betogings teen Suid-Afrikaanse rugby kritiseer, veroordeel en verwerp.

Deur die kritisering en gevolglike verwerping van die betogers het skrywers dit duidelik gemaak dat hulle daarteen gekant was. Tesame daarmee is daar geskryf dat die establishment van die lande waarin betogings plaasgevind het, ook daarteen gekant was. Dit skep ’n dualisme tussen *ons* (Suid-Afrika) en *hulle* (betogers). Die veroordeling van die betogers en hul optrede skep tweedens ’n dualisme waarin *reg* en *verkeerd* teenoor mekaar gestel word. Die geskiedskrywing impliseer dus dat *ons reg* en *hulle verkeerd* was. Shippey skryf oor ’n geval op die 1971 toer na Australië waar ’n betoger begin nadink het oor sy optrede:

> “After the match I was approached by a student of the Australian National University who confided that he felt a strong urge to talk to a member of the touring party. He said he had been shouting abuse at us all afternoon but was having second thoughts. During a 2 and a half hour conversation he told me he had been appalled by the violence and by the reaction of ordinary people watching the game. ‘I was overwhelmed by a sense of futility’, he said. ‘I walked around the ground and saw so much fear in people’s eyes, and such ignorance of facts. Whenever any so called dialogue started up, it wasn’t rational dialogue. It was emotional and bigoted. People had decided, I’m against the demonstrators or I’m against the tour, and they didn’t rationalise from there. They just argued from that viewpoint, not seeking to find out more.’”[148]

Hierdie betoger wat twee keer begin dink het oor die betogers en die logika agter hul optrede, impliseer dat hy gevoel het dat die demonstrasies teen die Suid-Afrikaanse sportbeleid ondeurgrond en nie goed deurdink is nie – bevestigend van die *reg/verkeerd* dualisme wat sekere geskiedskrywers skep. Skrywers het verder moontlik ook, deur middel van die

[146] H. Steytler: “En nou verder?”, in H. le Roux: *Spitse op die Sportveld – Ooggetuieverslae van Suid-Afrikaanse Sporthoogtepunte deur Herman le Roux en ander bekende Sportskrywers*, p. 133.
[147] Ibid., p. 134.
[148] K. Shippey: *The Unbeatables – Springboks in Australia*.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwerping van die betogings en boikotte, die psige van die Suid-Afrikaanse rugbypubliek probeer beskerm teen enige moontlike negatiewe effek wat dit kon gehad het. Gerhard Viviers was weens sy rol as kommentator byvoorbeeld baie gewild onder die Suid-Afrikaanse rugbypubliek. Sy mening wat hy in sy boek oordra kon dus maklik by die publiek inslag vind. In Suid-Afrika, waar rugby as die nasionale sport beskou is, het geskiedskrywers moontlik gevoel dat die verlies van Springbokrugby op internasionale vlak 'n terugslag vir die rugbypubliek sou wees. In 'n poging om te verhoed dat die rugby publiek ontmoedig word of belangstelling in die sport sou verloor, is daar dus op só 'n manier rugbygeskiedenis geskryf dat die internasionale boikot afgemaak is as 'n nietigheid wat nie 'n groot effek op Suid-Afrikaanse rugby sou hê nie. Die publiek is gerus gestel waar Steytler geskryf het dat die groot oomblikke in Suid-Afrikaanse rugby nie sou ontbreek nie.[149]

[149] H. Steytler: "En nou verder?", in H. le Roux: *Spitse op die Sportveld – Ooggetuieverslae van Suid-Afrikaanse Sporthoogtepunte deur Herman le Roux en ander bekende Sportskrywers*, p. 134.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 2.1.2 "Rugby seëvier oor politiek"

Die tweede benadering van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in reaksie tot betogings teen die Springbokke, en uiteindelike isolasie, was om die idee te skep dat rugby oor politiek seëvier. In Danie Craven se verwelkoming aan die besoekende Britse Leeus van 1980 noem hy, as President van die SARR, dat rugby "aan die res van die sportwêreld 'n voorbeeld gestel het deur bo politiek, ...wat vandag 'n nuttelose rol in sport speel, uit te styg."[150] Hierdie verheffing van rugby bo politiek het ook in die geskiedskrywing van die tyd gemanifesteer.

Waar sekere skrywers verkies het om die betogers te kritiseer en die demonstrasies te veroordeel en te verwerp, het ander 'n meer vreedsame en diplomatiese benadering gevolg. Die betogings en boikotte is nie bespreek nie, en waar dit wel gedoen is, het dié skrywers hulself van 'n oordeel weerhou. Tweedens is daar ook 'n positiewe houding teenoor swart rugby in Suid-Afrika geopenbaar.

A.C. Parker se inleiding tot sy omvattende boek, *The Springboks, 1891-1970*, begin met die volgende gegewens:

> "As this is written the Sixth Springboks, captained by Dawie de Villiers, are engaged in a particularly difficult rugby tour of Britain. Apart from the opposition on the field of play which is exacting enough, political forces have been at work aimed at disrupting and even causing the abandonment of the tour.
>
> The first match, against Oxford University, took place in unprecedented circumstances, with the venue having to be kept secret until the last possible moment to foil the long-haired demonstrators intent on making things as unpleasant as possible for a team concerned only with playing rugby football as sportsmen.
>
> Fortunately, the rugby folk of Britain have given a warm and sincere welcome to their Springbok guests. Officials and rank-and-file players of the four home unions have shown that they want to preserve the links forged with South African rugby back in 1891…"[151]

Ondanks Parker se kritiek van die "long-haired demonstrators" vermy hy hierdie kwessie in die res van die boek en behou hy eerder die fokus op rugby en die vriendskappe wat hierdie sport skep. In die derde uitgawe van *Springbok-Sage* (1989) skryf Chris Greyvenstein ook deurgans op diplomatiese wyse oor die betogings en isolasiejare. Daar is egter enkele voorbeelde waar hy tog die betogers krities bespreek. In sy bespreking van die berugte

[150] D. Craven: *Boodskap deur die President van die SA Rugbyraad*, 31 Mei 1980. Universiteit van Stellenbosch, SARR Argief, nr. A9/1.
[151] A.C. Parker: *The Springboks, 1891-1970*, p. viii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"meelbom toets" – die Springbokke se derde toets in Nieu-Seeland in 1981 – beskryf hy die vlieënier van die vliegtuig wat die meelbomme laat val het as 'n maniak wat sonder twyfel van sy sinne beroof was.[152] Hierdie kritisering van die betogers is egter die uitsondering op die reël. Greyvenstein is deurgans diplomaties. Die enkele voorbeelde van kritiek blyk egter 'n bewys van die skrywer se menslikheid en Suid-Afrikaanse lojaliteit te wees. Desondanks word beide Greyvenstein se objektiwiteit en integriteit as geskiedskrywer nie beïnvloed deur emosies of patriotisme nie.

Ander werke wat gedurende die stormagtige tydperk van die 1970's verskyn het, maak geensins melding van die moeilikheid waarin Springbokrugby verkeer het nie. Hennie Gerber se *Danie Craven se top Springbokke* (1977) is 'n gesprek tussen dié twee persone waarin Craven 'n denkbeeldige ideale Springbokspan van alle tye saamstel. Die skrywer bespreek in geen stadium in hierdie boek die status quo van Springbokrugby ten tye van die verskyning van die boek nie. Hy verkies eerder om te roem in die glorieryke geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby.

In die eerste uitgawe van Greyvenstein se *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – Van 1891 tot vandag* (1977), is daar telkens slegs melding van die betogings waaronder die Springbokke gebuk gegaan het. In geen stadium vel hy, soos Viviers byvoorbeeld, 'n oordeel oor die omstandighede waarin die Springbokspan getoer het nie:

> "Te midde van hordes betogers wat op die skuinswalle hul haat uitjil en drukspykers en rookbomme op die veld gooi, het Dawie de Villiers en sy Springbokke hul toer van 1969-1970 in Brittanje voltooi. … Die toer sal enersyds onthou word vir die Springbokke se waardigheid en selfbeheersing selfs ná die grootste uittarting en onder die grootste druk. Maar dit sal ook onthou word vir die morele moed van hul gashere en teenstanders, wat hulle nie deur die ergste politieke veldtog wat nog teen 'n sportspan gevoer is, laat intimideer het nie."[153]

Greyvenstein weerhou hom daarvan om 'n oordeel oor die betogers en demonstrasies uit te spreek. Hoewel hy die politieke agtergrond waarteen die Springbokke se toer afgespeel het, skets, bly die klem op rugby. Op hierdie manier impliseer die skrywer dat rugby bo politiek verhewe was. In die derde uitgawe van hierdie boek, wat in 1989 verskyn het, skryf Greyvenstein die volgende oor die meelbomme en betogings van die Springbokke se 1981 toer na Nieu-Seeland:

[152] C. Greyvenstein: *Springbok Saga – 100 Years of Springbok Rugby (3rd edition)*, p. 296.
[153] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 198.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "With the passing of the years the off-the-field violence and bizarre conditions in which the matches were played have faded like snatches of nightmares buried in the recesses of the mind. In happy contrast, memories of outstanding performances and a final test as dramatic, nail-biting and controversial as any in the 60-year-old history of Springbok and All Black rugby rivalry, have grown stronger and taken on a lustre at first obscured by flour bombs and barbed wire."[154]

Die manier hoe die mens se geheue in hierdie opsig werk, is, ironies genoeg, dieselfde as die wyse waarop Greyvenstein se skrywe te werk gaan – deur te fokus op die meer positiewe gebeure, word die negatiewe aspekte van die geskiedenis tot die agtergrond verdoem.

’n Tweede wyse waarop geskiedskrywers te werk gegaan het om rugby in hul werk oor politiek te laat seëvier, was om ’n positiewe houding teenoor die kwessie van swart rugby in Suid-Afrika in te neem. Greyvenstein, seker die mees produktiewe rugbygeskiedskrywer van hierdie era, skryf die volgende oor die wedstryd tussen die Franse toerspan en die eerste gemengde Suid-Afrikaanse span in 1975:

> "Die name van die vier pioniers wat in hierdie span gespeel het, sal vir altyd ’n spesiale plek in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby hê. Hulle was Morgan Cushe, ’n 26-jarige klerk van Uitenhage en ’n kort maar lewendige flank; Toto Tsotsobe, ’n 22-jarige arbeider in ’n motorbandfabriek in Port Elizabeth, wat ’n sterk hardloper op die vleuel was; John Noble, ’n 21-jarige bode verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, wat geweldig vinnig was; en Harold (Turkey) Shields, ’n 24-jarige vragmotorbestuurder van die Strand wat sy man teen die meeste voorrymanne kan staan.
>
> Suid-Afrika se eerste veelrassige span het baie goed gespeel, en die groot Nuwelandse skare se toejuiging was groot toe die wakker Noble ’n grondskoppie van Dawie Snyman slim en netjies opgevolg en toegeval het vir ’n drie.
>
> Dit was die eerste glimp van ’n nuwe daeraad in Suid-Afrikaanse rugby, die begin van ’n nuwe era wat dalk tot prestasie kan lei gelyk aan dié van die verlede of selfs nog beter."[155]

’n Aksiefoto van John Noble vergesel hierdie positiewe verslag. In die laaste hoofstuk van hierdie eerste uitgawe van *Springbok-sage*, gepas getiteld "Die Ontstuimige Jare", bespreek Greyvenstein die Springboktoere gedurende die tydperk van die betogings. Daarin meld hy deurgans dat daar, ongeag die konstante bedreiging van politieke kwessies en demonstrasies, altyd rugby gespeel is. Wanneer daar geskryf word dat die besoekende All Blacks van 1970 Maori’s ingesluit het en dat hulle net so welkom soos enige iemand anders is, impliseer die skrywer dat hy voel dat rugby seëvier, nie net oor die betrokke politieke kwessies van die tyd

[154] C. Greyvenstein: *Springbok Saga – 100 Years of Springbok Rugby (3rd edition)*, p. 286.
[155] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 238.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, maar ook oor ras. Dít word beaam wanneer Greyvenstein vroeër in hierdie boek die volgende uittreksel van ’n *Cape Times* artikel aanhaal:

> "As mens in die breedste sin daarna kyk, is hierdie liefde vir die spel volstrek in nasionale belang. In ons land vandag bestaan geen sterker afbreker van rasse- en klassegrense as rugby nie. Dit gee aan albei rasse en alle stande ’n gemeenskaplike belangstelling, dit voorsien hulle ’n prettige gespreksonderwerp, dit bevorder nasionale trots op behoorlike wyse…en dit lei vinnig tot beter begrip."[156]

Alhoewel hierdie aanhaling moontlik idealisties mag wees wanneer mens dit vandag beoordeel teen die Suid-Afrikaanse politieke status quo van die 1970s, dui dit steeds op die skrywer se optimistiese houding teenoor veelrassige rugby. Greyvenstein het pertinent in sy skrywe positiewe aandag aan swart rugby in Suid-Afrika geskenk. In sy fotoboek *Fokus op Rugby* (1980) doen Wessel Oosthuizen dieselfde wanneer hy ’n foto van die Luiperds, Suid-Afrika se uitsluitlike swart rugbyspan, insluit, sowel as ’n foto van die bruin speler Errol Tobias op die agterblad plaas. Hy beskryf Tobias as "’n lang tree na veelrassige rugby in Suid-Afrika".[157]

Errol Tobias is seker die swart speler wat die meeste aandag in die populêre geskiedskrywing van hierdie tydperk geniet het en dit met goeie rede. Greyvenstein gee in die tweede uitgawe van *Springbok-sage* ’n positiewe opsomming van die swart spelers van die Suid-Afrikaanse Barbarians van 1979 wat na Brittanje getoer het:

> "Tobias, who first shone at 21 in the Proteas team who toured Britain back in 1971, had moments of sheer brilliance at flyhalf and he laid the foundation for his future selection as the first Black Springbok. Almost as good on occasion was the centre Hennie Shields, who developed into a most effective centre partner for the versatile Gawie Visagie.
>
> In the match against Cornwall in Camborne, Morgan Cushe became the first Black ever to captain a representative South African team, bringing a rare warmth to cold statistics."[158]

In die vier nuwe hoofstukke waarmee Greyvenstein tot en met 1992 sy *Springbok-sage* aangevul het, kry Tobias betekenisvolle aandag. Wanneer hy ter sprake kom, word sy naam herhaaldelik met sy prestasie as eerste swart Springbok opgevolg. In *WP Rugby Centenary* word Tobias se prestasie as die eerste nie-blanke wat tot ’n WP-span gekies is op 6 April 1981, ook geloof.[159] In al bogenoemde boeke is daar etlike aksie foto’s van hom.

---

[156] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 83.
[157] W. Oosthuizen: *Fokus op Rugby*, p. 157.
[158] C. Greyvenstein: *Springbok Saga – A Pictorial History from 1891 (2nd edition)*, p. 263.
[159] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 275.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Greyvenstein beveg selfs Tobias se kritici na afloop van die Springbokke die stormagtige toer van Nieu-Seeland in 1981. Die kritici was van mening dat Tobias se insluiting oëverblinding was, waarop Greyvenstein geantwoord het dat die kritiek polities geïnspireerd was en dat Tobias op blote meriete tot die groep verkies is.[160]

Veelrassige rugby op provinsiale vlak kry ook positiewe melding in die populêre geskiedskrywing. In die voorwoord tot A.C. Parker se *WP Rugby Centenary* skryf Jan Pickard, President van die Westelike Provinsie Rugby Voetbal Unie van die tyd, die volgende:

> "As a means of furthering rugby football in as wide as possible a spectrum, we have brought the Western Province League into our union as a sub-union for a three year trial period. We are confident that the League will join the union on a permanent basis at the end of our centenary year. This may well set the pattern for other unions to follow in the interests of better understanding between the different race groups in this beautiful country of ours."[161]

Hierdie aanhaling dui op 'n positiewe houding wat in hierdie tydperk teenoor rugby onder ander bevolkingsgroepe geopenbaar is. Die optimisme van Pickard, dat die skep van veelrassige rugby sou bydra tot die beter verstaan verskillende rasgroepe in Suid-Afrika, dien as bevestiging van die positiewe houding wat hierdie rugbygeskiedskrywing toon. Verder in die boek werp Parker ook deurgaans lig op die stappe wat die WPRFU deur die jare geneem het wat bygedra het tot die skep van 'n veelrassige samelewing in Westelike Provinsie rugby. Hy skryf oor die unie wat in 1939 reeds die visie gehad het om Nuweland se geriewe vir Kleurling- en Maleier-ondersteuners te verbeter.[162] Daar word melding gemaak van hoe die unie in 1975 sy verhouding met Kleurlinge as 'n kwessie van kardinale belang beskou het en gemengde proewe voorgestel het in 'n poging om spanne op meriete te verkies.[163] Van die grootste stappe tot 'n veelrassige WP rugbykultuur wat die unie oor die jare geneem het, en waarop Parker ook betekenisvolle klem in sy skrywe lê, is eerstens die verwydering van die term "European" in alle opsigte van WP rugby in 1978. Hiermee het die WPRFU alle spore van rassediskriminasie verwyder.[164] In die tweede plek het die WP Liga in Februarie 1981

[160] C. Greyvenstein: *Springbok Saga – 100 Years of Springbok Rugby (3rd edition)*, p. 287.
[161] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, Foreword.
[162] Ibid., p. 49.
[163] Ibid., p. 130.
[164] Ibid., p. 136.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

affiliasie by die WPRFU gekry. Benewens 'n foto van hierdie historiese geleentheid, is daar ook geskryf hoe die verteenwoordigers van die WP Liga 'n hartlike ontvangs gekry het.[165]

Bogenoemde voorbeelde kan egter nie in isolasie beskou word nie, en 'n breër konteks is nodig. Alhoewel Parker dit laat klink asof die WPRFU, soos hy dit stel, alle spore van rasse diskriminasie verwyder het, is dit steeds 'n ope vraag oor hoe effektief dit was. Behalwe vir enkele Kleurlingspelers in die WP span in die tydperk van die 1980s waarin hierdie boek verskyn het, was die WPRFU steeds 'n oorwegend blanke unie. Rugbyspelers van ander bevolkingsgroepe was oorwegend steeds aan die ligas en strukture van die swart SARFF (South African Rugby Football Federation) en SARA (South African Rugby Association) verbonde. Sonder om 'n oordeel oor Parker se werk te vel, wil dit egter blyk asof sy positiewe verwysings na rugby onder ander bevolkingsgroepe meer neig na skyn as wat die toedrag van sake was. Om lesers 'n breër konteks en 'n groter insig oor rugby onder ander bevolkingsgroepe te gee, sou besprekings oor die SARFF en SARA van nut gewees het.[166] Parker doen dit egter nie, en die gevolg is dat die leser positiewe verwysings na swart rugby binne 'n valse konteks moes interpreteer.

Daar kan geargumenteer word dat dit vanselfsprekend is dat rugbygeskiedskrywers positief moes skryf oor swart spelers gedurende hierdie tydperk, synde dit 'n nuwe era vir Suid-Afrikaanse rugby ingelei het. Alhoewel dit korrek is, is dit opvallend om te sien hoe die skrywers se benadering tot swart rugby en die veranderende tye verander het. Waar skrywers soos Viviers voorheen krities was teenoor polities gemotiveerde betogings, aanvaar Greyvenstein en Parker die politieke veranderings van 'n nuwe era van Suid-Afrikaanse rugby in die vorm van alle rassegroepe wat op dieselfde gelyke speelveld meeding. Bogenoemde bespreking van hoe skrywers gedurende die jare tussen 1970 en 1995 die kwessie van swart rugby benader het, dui op 'n veranderde houding en positiewe gesindheid teenoor die politieke veranderinge in die sport. Op hierdie manier skep skrywers die idee dat rugby oor politiek seëvier.

---

[165] Ibid., p. 155.

[166] Dit is opvallend om te sien hoe skrywers, ongeag hul positiewe verwysings na rugby onder ander bevolkingsgroepe, teen die 1980s steeds nie die geskiedenis van SARFF en SARA bestudeer het nie. 'n Belangrike deel van Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis het dus vir baie jare in die duister en totaal onaangeraak deur historici gebly. Die eerste en enigste geval waar dit wel in die populêre geskiedskrywing voor 1995 bestudeer is, is in *Rugby in South Africa: A History, 1861 – 1988* wat in 1989 gepubliseer is. Daar word vorentoe in hierdie tesis in groter detail na hierdie kwessie gekyk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoekom het sekere geskiedskrywers dan verkies om ’n beeld te skep dat rugby oor politiek seëvier, eerder as om klem te lê op hoe die sport daaronder ly? Dit is moontlik dat hulle gepoog het om die aandag van die Suid-Afrikaanse rugbypubliek van die negatiewe – die demonstrasies en boikotte – te weerhou, en dit eerder op rugby self te fokus. Só kon hierdie populêre rugbygeskiedskrywing verseker dat die rugbypubliek nie ontmoedig sou word nie en dat belangstelling in die sport nie sou kwyn nie. Deur te fokus op die glorieryke geskiedenis van Springbokrugby en die beroemde spelers wat al die groen en goud gedra het, soos Gerber en Parker met hul boeke byvoorbeeld doen, lei die skrywers die leser se aandag weg van die kontroversie wat die sport van tyd tot tyd oorskadu het. Die aandag word dan eerder op die meer positiewe aspekte van Suid-Afrikaanse rugby gevestig.

Dit is ook moontlik dat hierdie groep skrywers gevoel het dat Suid-Afrikaanse rugby en politiek nie verder moes vermeng nie. Vanaf die eerste betogertoer van 1969-70 het Springbokrugby en politiek verwante terme geword. In ’n poging om te wys dat Suid-Afrikaanse rugby en politiek twee aparte entiteite was, het skrywers die idee geskep dat rugby oor politiek geseëvier het. Met die afsterwe van die Springbokflank Jan Ellis vroeg in 2013, bevestig die koerant rubriekskrywer Dana Snyman dat sommiges vanaf die sewentigerjare gevoel het dat rugby en politiek nie as sinoniem beskou moes word nie. Hy skryf: “Is dit nie maar wat rugby eens op ’n tyd vir ons was nie? ’n Manier om aan die wêreld te wys ons, die wit mense hier in Suid-Afrika, is op die regte pad. Ons kan ons man staan.”[167]

Die werke wat ’n positiewe benadering tot swart rugby toon, het dit verder ook moontlik ten doel gehad om die weg te baan vir veelrassige rugby in Suid-Afrika. In ’n tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis toe rasseverhoudinge gespanne was weens die apartheidsbeleid, het skrywers moontlik gereken dat geskiedeniswerke ’n rol te speel gehad het in die transformasie van rugby. Alhoewel die deure tot provinsiale- en Springbokrugby vir spelers van kleur besig was om oop te gaan, moes sekere dele van die publiek egter steeds oortuig word dat dit die regte pad vorentoe was. Die publiek se twyfeling en selfs teësinnigheid is byvoorbeeld te sien in die kritiek wat gelewer is op Errol Tobias se insluiting in die Springbokgroep vir die 1981 toer na Nieu-Seeland. Hierdie geskiedeniswerke het dus moontlik gepoog om die rol van mediator in te neem om ’n positiewe gesindheid teenoor veelrassige rugby onder die publiek te kweek.

[167] D. Snyman: *Van Alle Kante*. Volksblad, 14 Februarie 2013. Beskikbaar by: http://www.beeld.com/Rubrieke/Dana-Snyman/Die-mis-pak-saam-en-Jan-Ellis-is-dood-20130214

## 2.2 Heldeverering

Die gewelddadige betogings en internasionale sportboikot van 1969 tot die vroeë 1990s was donker dae in die geskiedenis van Springbokrugby. Dit is teen hierdie agtergrond dat daar 'n merkbare poging in die algemene rugbygeskiedskrywing van hierdie tydperk te bespeur is wat op heldeverering konsentreer. Waar daar voorheen meer gefokus is op die prestasies van die span, is spelers algaande meer in die kollig geplaas en as nasionale helde opgehemel.

Vir die eerste twee dekades na 1948 het rugbygeskiedskrywing pertinent na noemenswaardige en belangrike spelers gekyk. Figure soos Paul Roos en Bennie Osler het spesiale aandag geniet en die tendens was om na sulke name te verwys as 'groot spelers'. Dit is egter vanaf die laat 1960s en 1970s dat daar spesifiek na sulke groot spelers as 'helde' begin verwys is. Chris Greyvenstein skryf in 1977 met groot agting oor die Springbokke van 1951-52 wat na Brittanje getoer het:

> "Hulle was die helde van my jeug en ek is baie dank aan hulle verskuldig dat hulle my nooit teleurgestel het nie. Selfs toe hulle geklop is – en dit het net een keer gebeur – het hulle my hartseer minder gemaak met die manier waarop hulle die nederlaag aanvaar het, presies soos ek in my onskuld gedink het 'n mens se helde hulle moet gedra wanneer dinge skeefloop.
>
> Uit die ongemaklikste hoeke op Ellispark en Loftus Versfeld het ek baie van hulle sien speel en daar was stapels sorgvuldig uitgeknipte koerantknipsels en tydskrif foto's van elkeen van hulle in my plakboeke. Ek het fyn geluister om hul name te hoor wanneer Paul Bothma hul heldedade op plekke met vreemd klinkende name beskryf..."[168]

In 1970 skryf Gerhard Viviers oor die Springbokke van 1969-70 dat, alhoewel sommiges hul rekord as swak sal beskou, 'n mens moet begryp onder watter omstandighede hulle gespeel het. Hulle moes rugby sonder glorie speel, maar was nogtans helde.[169] Benewens Springbokspanne is individuele spelers ook as helde vereer. Hennie Gerber skryf in 1977 dat Jack van der Schyff van vroeg in sy loopbaan reeds 'n held was weens sy sportprestasies, en dat hy, indien hy sou slaag met sy vervyfskop in 'n 22-23 nederlaag teen die Britse Leeus van 1955, hy 'n nog groter held sou wees.[170] In *Out of the Magic Boks* (1978) wy Bruce Heilbuth 'n hele hoofstuk aan Van der Schyff en hierdie skop – "The Kick That Failed". Na 'n gedetailleerde en passievolle vertelling van die skop, volg onderhoude met beide Dr. Danie Craven en Jack van der Schyff self. Hier word dan ook geskryf hoe die laasgenoemde, indien

---

[168] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 143.
[169] G. Viviers: *Rugby Agter Doringdraad*, p. 9.
[170] H. Gerber: *Danie Craven se Top Springbokke*, p. 47.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy sou slaag met die skop, ’n nasionale held sou wees. Synde dit egter nie die geval was nie, is hy geblameer vir die Springbokke se nederlaag en het gevolglik nooit weer die groen en goud gedra nie. Wat meer opmerklik is, is dat die hele hoofstuk poog om sy beeld in ere te herstel. Daar word deurgans simpatie ontlok en op die leser se emosies gespeel. Wat Heilbuth in hierdie hoofstuk doen, is nie om bloot ’n Springbokspeler as held te vereer nie. Hy poog uitdruklik om ’n sondebok van 23 jaar tevore opnuut in ’n nasionale held te omskep.[171]

Felix du Plessis, Karel Thomas van Vollenhoven, H.O. de Villiers, asook die hele Springbokspan van 1955 wat teen die Britse Leeus gespeel het, word almal elders in die rugbygeskiedskrywing uitdruklik as ‘nasionale helde’ vereer.[172]

Een speler wat tydens sy speeljare en ook vir lank daarna as held vereer is, is Frik du Preez. Dit wil voorkom asof Du Preez spesiale aandag as held in die rugbygeskiedskrywing geniet het. *Spitse op die Sportveld* (1970) bevat ’n artikel van Quintus van Rooyen wat spesifiek aan Du Preez en sy heldedade in die Curriebeker finaal van 1969 opgedra is, getiteld “Frik se Triomf”. Van Rooyen skryf:

> “’n Springbokspan sonder Frik is ondenkbaar. Hoewel Frik die raaisel van Suid-Afrikaanse rugby is – die een wedstryd briljant, só briljant dat hy as die beste slot ter wêreld bestempel word, net om in die volgende wedstryd teleur te stel – is hy een van die min werklike helde in die rugbywêreld.”[173]

Van Rooyen skryf hoedat die toeskouers aan die einde van die wedstryd in ’n vreugdekreet roep om ’n toegif deur Frik, en niemand anders nie. Toe kom hy eindelik skaam en nederig voor hulle staan – iets wat die skrywer verbaas het aangesien hy geglo het dat Frik teen daardie tyd al gewoond moes wees aan heldeverering.[174] Kim Shippey skryf in *The Unbeatables* (1972) oor Frik du Preez se laaste toetswedstryd in Sydney in 1971:

> “Hannes Marais, with extraordinary forethought, shoved Frik forward as they came on to the field just before 2:30. Frik was reluctant but deeply moved. The crowd rose as they saw him come through the tunnel first. In more than 10 years service in the Springbok green and gold he had never before led a South African team on to the field.

---

[171] B. Heilbuth: *Out of the Magic Boks*, pp. 75-93.
[172] C. Greyvenstein: Vyf uit Vyf vir Okey; In: *Springbok-seges in Krieket en Rugby*, p. 18; C. Greyvenstein: Driekuns op Nuweland, in *Springbok-seges in Krieket en Rugby*, pp. 36-37; C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 231; Ibid., p. 168.
[173] Q. van Rooyen: “Frik se Triomf”, in H. le Roux: *Spitse op die Sportveld – Ooggetuieverslae van Suid-Afrikaanse Sporthoogtepunte deur Herman le Roux en ander bekende Sportskrywers*, p. 117.
[174] Ibid., pp. 121-122.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Never in our rugby broadcasting careers had Gerhard Viviers and I felt such a surge of emotion as we did at that moment. For a few akward moments we were both rendered speechless. Frik's pride was somehow *our* moment of pride too; and South Africa's."[175]

Hierdie hoofstuk, getiteld "Sydney Farewell", sluit af met 'n volbladfoto waar Du Preez skouerhoog deur spanmaats en opponente tesaam van die veld gedra word. In Wessel Oosthuizen se fotoboek *Fokus op Rugby* bestaan die eerste afdeling, in 'n persoonlike huldebetuiging aan "Frik die Rugbyreus", slegs uit foto's van hierdie groot speler.[176] Parker beskryf Du Preez ook as die "Koning van Loftus".[177]

Afgesien daarvan om spelers as helde te vereer op maniere soos die voorbeelde hierbo dit duidelik maak, het rugbygeskiedskrywers ook op vergelykende of metaforiese wyse na spelers as helde verwys. Greyvenstein skryf dat Boy Morkel, toe die Springbokkeurders hom nader, soos die Romeinse generaal Cincinnatus van ouds sy ploeg agtergelaat het omdat sy land om nodiger as sy plaas gehad het.[178] Hy beskryf ook dramaties die einde van Philip Nel se loopbaan:

> "Op die boot op pad huis toe het Philip Nel sy uittrede aangekondig deur sy rugbystewels in die see te gooi. Hy het hulle nie meer nodig gehad nie, want soos vir Alexander die Grote van ouds was daar geen wêrelde meer oor om te verower nie."[179]

In 'n beskrywing van die Springbok heelagter Lionel Wilson, skryf Greyvenstein dat hierdie speler gereeld "soos 'n Horatius van ouds alleen op die brug gestaan het om sy span van algehele vernedering te red."[180] Volgens Van Rooyen was Frik du Preez se heldestatus van so aard dat 'n vergelyking met 'n geskiedkundige held soos Alexander nie voldoende sou wees om hom te beskryf nie – die metafoor Frik die Grote was die oplossing.[181]

Hoekom het die rugbygeskiedskrywing vanaf die laat 1960s begin om spelers as helde te vereer? Ten eerste is dit nodig om te verstaan wat die begrip held behels. Sidney Hook beskryf 'n held in die geskiedenis as dié persoon wat 'n deurslaggewende invloed op 'n gebeurtenis of saak gehad het waarvan die gevolge duidelik anders sou wees indien hierdie

[175] K. Shippey: *The Unbeatables – Springboks in Australia*.
[176] W. Oosthuizen: *Fokus op Rugby*, pp. 8-25.
[177] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 242.
[178] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, p. 65.
[179] Ibid., p. 125.
[180] C. Greyvenstein: "Die Saai Heelagter!!", in *Springbok-seges in Krieket en Rugby*, p. 54.
[181] Q. van Rooyen: "Frik se Triomf", in H. le Roux: *Spitse op die Sportveld – Ooggetuieverslae van Suid-Afrikaanse Sporthoogtepunte deur Herman le Roux en ander bekende Sportskrywers*, p. 120.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoon nie opgetree het soos hy wel opgetree het nie.[182] Hy noem verder dat ’n krisis ’n held benodig, en ’n held ook ’n krisis. Ongeag hoe die mens daarna kyk, ’n tydperk van krisis en die teenwoordigheid van ’n held is inter-afhanklik van mekaar. Die rede wat Hook hiervoor aanvoer, is dat die behoefte aan leierskap, in welke vorm ook al, onontbeerlik is in enige samelewing van mense, en meer so in ’n krisistydperk. [183]

Hierdie teorie kan toegepas word op die situasie waarin Suid-Afrikaanse rugby homself vanaf 1969 bevind het. Die betogings en dreigende internasionale boikotte was ’n tydperk van krisis en as gevolg daarvan het die Suid-Afrikaanse rugbypubliek se belangstelling in en behoefte aan ’n held ontstaan. In sy biografie van Danie Craven skryf Ted Partridge dat die rebelletoer van die Nieu-Seelandse Kavaliers in 1986 na Suid-Afrika gekom het in ’n tydperk toe die land se sportmoraal op sy laagste was. “It was South African rugby’s darkest hour. Craven and his colleagues were bereft of ideas, of support and, if the truth be known, of hope.”[184] Craven het eens self gesê dat niks die mens se gees só demper soos om geïgnoreer, geïsoleer of verwerp te word nie, en dat dit vir die gees van ’n nasie ook geld.[185]

Hierdie donker dae in Springbokrugby het dus die teenwoordigheid van ’n held genoodsaak. Dit is in hierdie lig dat daar, soos dit die tendens blyk te wees, ’n poging deur die populêre rugbyskrywers aangewend is om groot spelers as helde te vereer. Die rede hiervoor was moontlik om die publiek se aandag te let op die positiewe aspekte van Springbokrugby – die helde en hul heldedade op die speelveld eerder as op die negatiewe impak wat betogings en boikotte op die nasionale spel kon hê.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie tendens in ’n spesifieke tydvak van die Suid-Afrikaanse geskiedenis afgespeel het. Gedurende die 1970s en 1980s het Afrikaners se volksfeeste die vermoë om die volk te verenig stelselmatig begin verloor, hoofsaaklik weens politieke verdeling onder hulle en talle nasionale krisisse. Soos hierdie volksfeeste vir baie Afrikaners ouderwets geword het, het rugby as kulturele verskynsel steeds sy bekoring behou. Dit is in hierdie lig van kulturele en veral politieke onstuimigheid dat rugby, en

[182] S. Hook: *The Hero in History: A Study in Limitation and Possibility*, p. 153.
[183] Ibid., pp. 3-13.
[184] T. Partridge: *A Life in Rugby*, p. 8.
[185] Ibid., p. 32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolglik sy spelers en helde, ’n groter deel van die Afrikaner se openbare kultuur geword het.[186]

Hook voer verder aan dat ’n held vir die doeleindes van ander mense geskep word en gevolglik tot ’n blote instrument vir die geskiedkundige doel of ander mense gereduseer kan word.[187] Hierdie stelling beteken dus dat daar waarheid mag steek in die moontlikheid dat die geskiedskrywing hierdie rugbyhelde in die eerste plek geskep het om die publiek positief en eensgesind in hul ondersteuning van Springbokrugby te hou.

Tweedens is Springbokhelde moontlik ook geskep sodat hulle aanhangers húl daaglikse lewe, en veral die negatiwiteit wat weens die sportboikot en isolasie geskep is, kon transendeer. Archetti plaas klem op sporthelde se transendensering van tyd:

> “A sports hero is an idol and icon who exists within a separate dimension of time, the time of heroes. The time of heroes as opposed to the time which encapsulates daily routines or scheduled rituals represents a glorious, dream-like time in the minds of the adoring public during which the mediocrity of daily life is suddenly transcended.”[188]

Volgens Archetti word sporthelde in die algemeen dus as ’n middel vir die publiek om hul eie alledaagse lewe te transendeer. Die publiek se aanhang van sporthelde stel hulle in staat om te droom oor ’n realiteit waar die onmoontlike ewe skielik moontlik is. Op hierdie manier oortref die publiek die banaliteit van hul bestaan en verkry hulle ’n gevoel van hoop en prestasie.[189]

Hierdie teorie kan gevolglik op die status quo van Suid-Afrikaanse rugby tydens die boikot- en isolasiejare toegepas word. Die realiteit van die publiek se daaglikse lewe binne die konteks van rugby is gekenmerk deur vernederende boikotte teen hul geliefde span en die teleurstelling van isolasie uit internasionale rugby. In ’n meningspeiling wat in 1977 gedoen is, het wit Suid-Afrikaners die gebrek aan internasionale sport as een van die drie mees skadelike nagevolge van apartheid beskou.[190] As daarvoeter hiervoor is Springbokke in die populêre geskiedskrywing as helde afgemaak om die publiek ’n middel te gee om hulle

[186] A. Grundlingh: “Playing with purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society”, c1900–c1989, Unpublished paper, University of Stellenbosch, 3 June 2013, pp. 20-21.

[187] S. Hook: *The Hero in History: A Study in Limitation and Possibility*, p. 166.

[188] E. Archetti: “The meaning of sport in anthropology: A view from Latin America”, *Review of Latin American and Caribbean Studies*, 65, 1998, p. 94.

[189] M. Grundlingh: “Sports Retirement as Death: Heroism, Symbolic Immortality and Sport”. Unpublished paper, University of the Free State, 15 March 2013, p. 7.

[190] R. Nixon: “Apartheid on the Run: The South African Sports Boycott”, *Transitions*, 58, 1992, p. 75.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daaglikse lewe te transendeer en uit te styg bo die algemene negatiwiteit wat deur isolasie teweeg gebring is. Op hierdie wyse kon die aanhangers van Springbokhelde ’n gevoel van hoop kry binne ’n realiteit waar die onmoontlike moontlik is – die Springbokke se terugkeer tot die internasionale speelveld. Hierdie teorie word beaam deur Roland Quinault wat argumenteer dat hoop vir die toekoms deur helde van die verlede geïnspireer kan word.[191]

Daar is ook ’n derde moontlike rede vir die geskiedskrywing se verering van helde. Dít is dat spelers, soos wat rugby oor die jare meer gewild geword het, se status eenvoudig gegroei het tot in dié van nasionale helde. Die Springbokke se suksesse – hulle was onoorwonne in reekse tussen 1903 en 1956 asook die erns waarmee rugby in skole aangepak en gespeel is, is maar enkele redes vir die groeiende gewildheid van die sport in Suid-Afrika.[192] Met die koms van televisie in Suid-Afrika in 1976, het rugby verder populêr geword aangesien dit nou baie makliker was om te sien en gevolglik meer toeganklik vir die publiek geword het:

> “Met die koms van die ‘kassie’ het die SAUK gou besluit dat die land se tradisionele sportmiddag ook hul sportmiddag vir beeldsending sou wees. Alle sportsoorte, hetsy regstreeks gebeeldsend, hetsy reeds vroeër opgeneem, word aangebied. Vir ons sporthonger publiek was dit ’n splinternuwe lewenswyse en in plaas daarvan dat mense as spelers of toeskouers na die onderskeie sportvelde hoef te gaan, kon hulle nou Saterdae alle belangrike sportgebeure, binnelands of buitelands, sien sonder om ’n vinger te verroer of ’n sent te bestee. Vir al vir dié wat nie daadwerklik belang gestel het om self aan ’n sport deel te neem of ’n aktiewe toeskouer te wees nie, was dit ’n salige uitsig om voortaan, vir ’n deel van hul jaarlikse lisensiegeld van R36, ’, ‘sitplek’ by alle groot sportbyeenkomste te hê. Rugby alleen sou vir hulle ’n ware fees kon aanbied met ‘kaartjies’ vir elke Curriebeker- of toetswedstryd sonder om die trauma van toustanery of swartmarkhandel deur te gaan. Saterdagmiddag voor die televisie was ’n geleentheid waarna hulle reikhalsend uitgesien het sover dit rugby betref.”[193]

Die Westelike Provinsie Rugby Voetbal Unie se Ondersoekende Komitee het in 1982 ’n meningspeiling rakende die kwessie van rugby op televisie onderneem. Van die 685 mense wat aan die meningspeiling deelgeneem het, het 23% gesê dat hulle verkies om op Saterdae groot rugby op die televisie te kyk. ’n Verdere 21% het gesê hulle glo dat televisie belangstelling in rugby stimuleer.[194] Hierdie vergrote belangstelling in rugby, asook die groeiende gewildheid daarvan, het dus meegebring dat spelers nie meer net groot figure was

---

[191] R. Quinault: “The Cult of the Centenary”, *Historical Research*, 71:176, 1998, p. 322.
[192] D. Allen: “Beating them at their own Game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner Nationalism”, *The International Journal of the History of Sport*, 20:3, 2003, pp. 50-51.
[193] H. Gerber: *Craven*, p. 194.
[194] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 166.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, maar ook nasionale helde. Die rugbygeskiedskrywing van hierdie tydperk kan as ’n blote uiting en bevestiging van spelers se heldestatus beskou word.

Gedurende die boikot- en isolasiejare van die Springbokke is dit nie net spelers wat in rugbygeskiedskrywing vereer is nie, maar heelparty rugby-unies en klubs is ook in die populêre literatuur vereer. Baie rugby-instansies landwyd het hul eeufeeste gevier deur ’n stuk geskiedskrywing daaroor te laat publiseer. Die volgende afdeling neem hierdie verskynsel, wat tydens die 1980’s veral geblyk het die tendens te wees, onder loep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.3 Herdenkingsgeskrifte

In die tydperk voor die 1980s het populêre rugbygeskiedskrywing hoofsaaklik op die geskiedenis van Springbokrugby gefokus. Historici het min, indien enigsins, aandag geskenk aan die geskiedenis van rugby op skool-, klub- of provinsiale vlak. Met die aanvang van die tagtigerjare is hierdie leemte in die populêre rugbygeskiedskrywing aangevul met ’n reeks werke wat rugby-instansies se eeufeeste, of ander belangrike verjaarsdae, gevier het. Soos hierdie dekade verloop het, het herdenkingsgeskrifte ’n tendens geword.

Verskeie rugbyklubs en -unies het in die 1980s belangrike herdenkings gevier. Die rugbyklubs van die universiteite van Stellenbosch (Maties) en Pretoria (Tukkies) het onderskeidelik in 1980 100 jaar oud en in 1984 75 jaar oud geword. Rugbyklubs op die dorpe Malmesbury (1981) en Potchefstroom (1985) het ook hul honderdjarige bestaan gevier. Verskeie provinsiale rugby-unies het hul eeufeeste in hierdie tydperk gevier – die Westelike Provinsie in 1983, Griekwaland-Wes in 1986, Oostelike Provinsie in 1988 en Natal in 1990, terwyl die Noord-Transvaalse Rugby-Unie in 1988 50 jaar oud geword het. Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad het in 1989 ook sy 100-jarige bestaan gevier.

Al bogenoemde belangrike herdenkings is met die uitgee van herdenkingsgeskrifte gevier, waarvan die samestellers of skrywers ’n verskeidenheid van mense verteenwoordig het.[195] Werke soos *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881–1981* en *100 Jaar Rugby in Potchefstroom* is byvoorbeeld deur afgevaardigdes van die klubs self saamgestel. *’n Eeu van OP Rugby, 1888–1988* is op sy beurt weer saamgestel en geskryf deur ’n onafhanklike party. Die werke wat die eeufeeste van die Stellenbosch Rugbyklub en Westelike Provinsie Rugby Unie vier, *Die Groot Rugbygesin van die Maties* en *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, is byvoorbeeld weer saamgestel en geskryf deur die bekende rugby geskiedskrywers – Danie Craven en A.C. Parker, onderskeidelik. Ongeag wie die skrywers of samestellers van hierdie herdenkingsgeskrifte was, dit wil voorkom of rugby-unies en -klubs dit nodig geag het om hul groot herdenkings met ’n stuk geskiedskrywing te vier.

---

[195] D. Craven: *Die Groot Rugbygesin van die Maties*; D.H. Heydenrych: *Tukkie Rugby 75*; Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee (samest): *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881-1981*; I. Van Heerden, H. van Zyl, S. Hoogenboezem (samest): *100 Jaar Rugby in Potchefstroom*; A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*; F. van Rensburg: *Griekwaland-Wes Rugby: Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes rugby, 1886-1986*; W. Muller (samest): *’n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*; R. Sweet: *Natal 100: centenary of the Natal Rugby Union*; M.C. van Zyl: *Northern Transvaal rugby 50*; P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat kenmerkend van hierdie herdenkingsgeskrifte is, is dat hulle meestal dieselfde eienskappe en fokusareas deel. Spesiale aandag word geskenk aan die betrokke unie of klub se stigterslede, voormalige presidente, voorsitters, raadslede en ander persone in bestuursposisies. Spelers wat die unie of klub op provinsiale of nasionale vlak verteenwoordig het, word ook dienooreenkomstig vir hul prestasies vereer. Deurgans word die betrokke instansie se prestasies ook geloof. Die meeste van hierdie werke is geskryf aan die hand van notules van vergaderings. Op hierdie manier word die leser op ’n chronologiese reis geneem vanaf ontstaan tot die hede, met die fokus op bepalende gebeurtenisse en belangrike persone. Herdenkingsgeskrifte, wat oorwegend goed met foto’s aangevul is, staan dus as eerbetoning van die betrokke rugby-instansie self, sy prestasies oor die jare heen, sowel as die groot geeste van sy verlede.

Die vraag ontstaan hoekom daar in die 1980s so ’n golf van herdenkingsgeskrifte verskyn het.[196] Hierdie vraag het verskeie antwoorde. Eerstens is dit dalk net toevallig dat verskeie rugby-instansies in hierdie dekade belangrike herdenkings gevier het. Aangesien rugby in die laat 19de eeu in die Kaapland van ouds begin speel is, is dit vanselfsprekend dat klubs en unies wat in hierdie tydperk gestig is, 100 jaar later in die 1980s hul eeufeeste sou vier. Die eerste moontlike verklaring vir die verskyn van hierdie herdenkingsgeskrifte is dus eenvoudige oorsaak en gevolg.

’n Tweede moontlike rede vir die skryf van herdenkingsgeskrifte is om die verhoogde status wat klubs en provinsiale unies in die 1980s geniet het, te beklemtoon. Dit is noodsaaklik dat laasgenoemde stelling vanuit die Suid-Afrikaanse rugby status quo van die tyd beskou word. Die internasionale boikot het die Springbokke tot betogings en sogenaamde rebelletoere verdoem, en weens verskeie gekanselleerde toere is daar minimaal op internasionale vlak meegeding. Gekanselleerde toere sluit in Wallis in 1982, Frankryk in 1983, Nieu-Seeland in 1985, asook die Britse Leeus in 1985 en 1986. Die Springbokke het ook nie ’n uitnodiging ontvang om aan die eerste Wêreldbekertoernooi in 1987 in Nieu-Seeland en Australië deel te

[196] Alhoewel daar na 1948 wel herdenkingsgeskrifte verskyn het, was die hoeveelheid daarvan nie vergelykbaar met die vlaag werke van hierdie aard van die 1980’s nie. Populêre rugbygeskiedskrywing het voor 1980 steeds hoofsaaklik oor Springbokrugby gehandel, en werke wat belangrike herdenkings vier, was in die minderheid – daar was inderwaarheid slegs drie sulke boeke. In 1955 het D.H. Craven en P. Jordaan se *Met Maties op die Rugbyveld, 1880-1955*, ter ere van die Stellenbosch Rugbyklub se 75’ste verjaarsdag, verskyn. In 1963 het L. Babrow en R.K. Stent se *The Varsity Spirit*, wat die 80’ste bestaansjaar van die Universiteit van Kaapstad se rugbyklub vier, verskyn. Die ander werk was *Rugby in Suid-Afrika* in 1964 wat die SARR se 75’ste verjaarsdag gevier het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neem nie.[197] Waar Springbokke voorheen as die spits van Suid-Afrikaanse rugby beskou is, het daar in die tagtigerjare ’n ernstige leemte in hierdie verband ontstaan. In hierdie afwesigheid van Springbokrugby is meer klem op klub- en provinsiale rugby geplaas in ’n poging om die leemte van internasionale rugby te vul. Edward Griffiths skryf hoe die Suid-Afrikaanse rugbypubliek in 1982 en 1983, weens die gebrek aan internasionale rugby, ’n dieet van slegs Curriebeker wedstryde gegun is.[198] Daarom was dit natuurlik dat klubrugby en die Curriebeker, Suid-Afrika se premier liga vir provinsiale rugby, ’n posisie van hoër belangrikheid ingeneem het en gevolglik ’n verhoogde status begin geniet het. Hierdie verhoogde status is dan waarskynlik beklemtoon en bevorder in die viering van hul eeufeeste deur middel van herdenkingsgeskrifte. Dit was ’n manier vir rugby-klubs en -unies om aanspraak te maak op hul aandeel aan die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby.

Derdens is daar ook die moontlikheid dat skrywers deur middel van herdenkingsgeskrifte die idee van ‘die goeie ou dae’ onder die rugbypubliek wou laat posvat. Die konsepte van ‘kollektiewe geheue’ en ‘nostalgie’ speel ’n belangrike rol in hierdie teorie. In die kontroversiële afwesigheid van Springbokrugby, het herdenkingsgeskrifte tot die kollektiewe geheue van die rugbypubliek gespreek en só moontlik ’n gevoel van nostalgie ontlok. Roland Quinault het in 1998 geskryf dat akademiese studies oor kollektiewe geheue nie genoeg aandag geskenk het aan die rol wat eeufeeste speel in die skepping van die openbare persepsie van geskiedkundige gebeure en mense nie.[199] Sy studie handel dan verder oor hoe die konsep van die eeufees in 18de en 19de eeuse Europa ontstaan en ontwikkel het. Wat egter vir hierdie studie van belang is, is die verband wat Quinault tussen eeufeeste en kollektiewe geheue trek. Elliot Gorn, historikus aan die Universiteit van Purdue in Indiana, VSA, skryf oor kollektiewe geheue dat dit volks- of populêre neigings oor die verlede behels – die geheue van die samelewing as’t ware. Hy is van mening dat dit neig om mities te wees, en gevolglik baie vleiend is vir dié wie se geskiedenis daardeur beskryf word. Hy noem ook dat kollektiewe geheue die verlede noodwendig vereenvoudig om dit sodoende in ’n sterk emosionele lig te stel.[200] Die emosionele lig waarin kollektiewe geheue die verlede stel, verwys hoofsaaklik na die konsep van nostalgie.

---

[197] C. Greyvenstein: *Springbok Saga – 100 Years of Springbok Rugby (3rd edition)*, pp. 299-309.
[198] E. Griffiths: *The Captains*, p. 339.
[199]R. Quinault: “The Cult of the Centenary”, *Historical Research*, 71:176, 1998, p. 303.
[200] E.J. Gorn: “Professing history: distinguishing between memory and the past”, *The Chronicle of Higher Education*, 46:34, 2000, 28 April 2000.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nostalgie is 'n sentimentele hunkering na die verlede.[201] Dit gaan uit vanaf die standpunt dat vooruitgang en veranderinge negatief is, en dat die verlede altyd beter was as die huidige – 'die goeie ou dae' soos dit in spreektaal bekend staan. Volgens die studie van Wildschut, et al, is daar hoofsaaklik nege oorsake of aanleidende faktore wat die mens nostalgies maak. Uit hierdie nege kategorieë is 'negatiewe affek' die grootste faktor wat nostalgie ontlok. 38% van mense wat nostalgie ervaar, doen so omdat dinge in 'n sekere tydperk nie baie goed gaan nie. Hulle is verder ook van mening dat daar 'n direkte verband tussen negatiewe affek en die herwinning van positiewe herinneringe is, en dat nostalgie suksesvol kan wees in die skep van 'positiewe affek'.[202] Negatiewe gebeure ontlok dus positiewe gedagtes.

Hierdie teorie kan op die Suid-Afrikaanse rugbypubliek van die tagtigerjare toegepas word in 'n poging om te bewys dat nostalgie 'n moontlike rede vir die skryf van herdenkingsgeskrifte was. Die negatiewe affek van hierdie tydperk is die afwesigheid van internasionale rugby weens boikotte. In 'n poging om dit teen te werk, het rugbyskrywers herdenkingsgeskrifte gepubliseer wat rugby-instansies se eeufeeste vier en só tot die kollektiewe geheue van die rugby publiek gespreek het. Hierdie werke word in 'n sterk emosionele lig beskou en die gevolg daarvan is dat lesers nostalgies raak. Hulle hunker terug na die verlede van Suid-Afrikaanse rugby – die dae toe die nasionale span se deelname op internasionale vlak nie teengestaan is nie, maar toe klubs en unies 'n gesonde toevoerkanaal vir die suksesvolle Springbokke was. Dít beteken dat die rugby publiek se fokus van die negatiwiteit wat die internasionale boikot was, verskuif is na die positiewe wat te vind is in geskiedenis van klub- en provinsiale rugby. Op hierdie manier speel nostalgie, wat veroorsaak is deur herdenkingsgeskrifte, moontlik 'n belangrike rol om die rugbypubliek van die tyd se 'negatiewe affek' in 'n 'positiewe affek' te omskep.

Een van die laaste stukke gewilde rugbygeskiedskrywing voor 1995, *The Carolin Papers* (1990), speel ook met hierdie idee van nostalgie. Alhoewel dit nie noodwendig 'n rugby-instansie se eeufees of ander belangrike herdenking vier nie, is dit steeds noemenswaardig in hierdie verband. Die boek is 'n samestelling van Paddy Carolin, onderkaptein van die Springbokke van 1906-07, se persoonlike dokumentasie van laasgenoemde toer na Brittanje. In die voorwoord skryf Danie Craven oor die aard van hierdie werk:

[201] T. Wildschut, C. Sedikides, J. Arndt, C. Routledge: "Nostalgia: Content, Triggers, Functions", *Journal of Personality and Social Psychology*, 91:5, 2006, p. 976.
[202] Ibid., pp. 980-989.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "South Africa owes Paddy Carolin...not only a vote of thanks, but a special tribute for his share in the running of [the 1906-07] team, the first to leave our shores. We will now be able to know more about the man and the team and we will be able to refresh our memories..."[203]

Die lees van hierdie boek – 'n huldeblyk aan Carolin wat ons geheue moet verfris, soos Craven stel – is 'n nostalgiese ervaring. Buiten die teks wat persoonlike inligting bevat, is daar ook rare foto's, kopieë van oorspronklike briewe, dagboekuittreksels en koerantknipsels uit die tyd, sowel as memorabilia soos wedstrydprogramme, spyskaarte en uitnodigings na dinees. Weens die persoonlike aard van die inligting wat daarin vervat word, is dit 'n emosionele ervaring om die boek te lees. Soos die herdenkingsgeskrifte van die 1980s, ontlok ook hierdie werk daardie mitiese en nostalgiese idee van 'die goeie ou dae'.

Daar is ook 'n vierde moontlike rede vir die publiseer van herdenkingsgeskrifte. Oor die doel van die eeufees skryf Quinault dat dit, onder andere 'n gerieflike gebeurtenis is om 'n vergete plig af te handel, 'n sterwende herinnering te herroep of om 'n fout van die verlede reg te stel.[204] Hierdie doelstellings blyk ook die doelstellings van die golf van rugbyherdenkingsgeskrifte van die 1980s te wees. Behalwe dat sterwende herinneringe van die glorieryke geskiedenisse van klubs en unies herroep word, wil dit ook voorkom asof geskiedskrywers 'n fout van die verlede wou regstel – die feit dat swart rugbyspelers steeds geen plek in die rugbygeskiedenis gehad het nie. Alhoewel dit seker nie die sterkste oorweging was nie, is daar steeds 'n argument daarvoor te voer.

Populêre rugbygeskiedskrywing het vanaf 1948 geen aandag aan die kwessie van swart rugby in Suid-Afrika geskenk nie. Die eerste keer dat daar melding van swart rugby gemaak is, is in Chris Greyvenstein se *Springbok-sage* (1977). Hierin skryf hy hoedat die besoekende Franse span van 1975 teen die Luiperds en Proteas, onderskeidelik Suid-Afrika se nasionale swart- en kleurling nasionale spanne, sowel as teen 'n gemengde span gespeel het. Greyvenstein het die vier swart spelers van die gemengde span as pioniers beskryf, en bespiegel hoe hierdie wedstryde 'n nuwe era vir Suid-Afrikaanse rugby kon inlei.[205] In die volgende drie uitgawes van hierdie boek wat in 1981, 1989 en 1992 verskyn het, is daar verdere melding van bekende swart rugbyspelers en belangrike gebeure gemaak. Greyvenstein was tot op hede die enigste Afrikaanse skrywer wat swart rugby aangespreek het, al was dit net in 'n mindere mate. Met die verskyning van die golf rugbyherdenkingsgeskrifte vanaf 1980, het dit egter

---

[203] L. Laubscher & G. Nieman (samest): *The Carolin Papers: A Diary of the 1906/07 Springbok tour*, Foreword.
[204] R. Quinault: "The Cult of the Centenary", *Historical Research*, 71:176, 1998, p. 318.
[205] C. Greyvenstein: *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*, pp. 235-238.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verander in die sin dat daar ’n merkbare verhoging in die frekwensie van skrywers en boeke voorgekom het wat swart rugby aangespreek het.

’n Gemeenskaplike kenmerk van die herdenkingsgeskrifte wat nagevors is, is die verwysings wat daar na swart rugby in die betrokke klub of unie gemaak is. In die boek wat die Westelike Provinsie se eeufees herdenk, skryf A.C. Parker byvoorbeeld oor die Westelike Provinsie Kleurling Rugby Unie wat wedstryde op Nuweland gespeel het en ’n Kleurlingspan wat in 1899 reeds ’n toer na Brittanje onderneem het.[206] Daar word verwys na swart spanne van SARA (Suid-Afrikaanse Rugby Assosiasie) en Kleurlingspanne van die WP Liga wat aan die unie se Ohlsson’s Shield kompetisie deelgeneem het.[207] Hierdie boek verwys ook in meer as een geleentheid na Errol Tobias, die eerste swart speler wat die Westelike Provinsie en Suid-Afrika verteenwoordig het.[208] Spanfoto’s bied die leser’n blik op swart rugbyspelers van die tyd. Op die spanfoto van die Westelike Provinsie, Curriebeker-kampioene van 1982, verskyn twee swart spanlede, A. Williams en W. Cupido.[209] In *’n Eeu van OP Rugby, 1888-1988* is daar ook enkele span foto’s waarop swart spelers verskyn.[210] Hierdie boek maak ook melding van twee van die Oostelike Provinsie se bekendste swart spelers. Daar is ’n foto van Timothy Nkonki, die eerste “swart speler van Uitenhage wat in Frankryk en Argentinië gaan speel het”[211], en daar word ook verwys na China Bell as ’n gewilde swart speler wat ’n gereelde lid van die OP-span geword het, in verskeie verteenwoordigende spanne gespeel het en uiteindelik in 1986 ’n Junior Springbok geword het.[212] Hierdie werk maak op verskeie plekke melding van ’n sogenaamde Bantoe Unie en ’n Suid-Afrikaanse Bantoe-span.[213] In *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881-1981* word daar ’n spesiale woord van dank aan die ondersteuners van ander rasgroepe gegee:

> “Met die skrywe van hierdie brosjure sal beslis ’n groot leemte gelaat word, nie net in die brosjure op sigself nie, maar in die harte van die stoere nie-blanke ondersteuners van die ‘Blues’ soos die Blouspan deur hulle genoem is, as ons nie ’n regmatige plek in die geskiedenis van die klub aan hulle toesê nie.”[214]

[206] A.C. Parker: *WP Rugby Centenary, 1883-1983*, p. 27.
[207] Ibid., p. 139.
[208] Ibid., 158.
[209] Ibid., p. 297.
[210] W. Muller (samest): *’n Eeu van OP Rugby, 1888-1988*, pp. 12, 134.
[211] Ibid., p. 142.
[212] Ibid., p. 97
[213] Ibid., pp. 24, 53.
[214] Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee (samest): *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881-1981*, Baie Dankie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde waar herdenkingsgeskrifte na swart rugby in Suid-Afrika verwys.[215] Kenmerkend van hierdie verwysings is die feit dat die melding wat daar na swart rugby gemaak word, nie in konteks geplaas word nie. In geen werk word daar ’n studie of gedetailleerde bespreking van enige aspek van swart rugby gemaak nie. Dit wil gevolglik voorkom asof daar eerder net na swart spelers, unies of ondersteuners in isolasie verwys word.

Ongeag die feit dat hierdie verwysings nie in ’n breër konteks geplaas word nie, is daar steeds ’n merkbare verhoging te bespeur in die hoeveelheid verwysings wat daar na swart rugby gemaak is. Met die golf van herdenkingsgeskrifte wat sedert 1980 verskyn het, wil dit voorkom asof die skrywers daarvan ’n poging aangewend het om ’n fout van die verlede reg te stel. Wanneer hierdie situasie uit die oogpunt van Quinault se teorie beskou word, was die eeufeesvieringe van verskeie rugby-instansies landwyd vir historici ’n gerieflike geleentheid om hierdie fout van die verlede te korrigeer.

Daar was egter ’n uitsondering op hierdie tendens van eenvoudige verwysings na swart rugby sonder konteks. Dit het gekom in Paul Dobson se *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988* (1989), wat ter viering van die SARR se 100-jarige bestaan uitgegee is. Hierdie omvattende boek oor die geskiedenis van rugby in Suid-Afrika het verder gegaan as om bloot melding te maak van swart rugby . Daar is twee hoofstukke wat spesifiek aan die geskiedenis van die SARFF (South African Rugby Football Federation) en SARA (South African Rugby Association) gewy is. Daarin word daar vir die eerste maal in die populêre rugbygeskiedskrywing gedetailleerde navorsing oor en besprekings van rugby onder ander rasgroepe verstrek.[216] Sonder om dit op te som en hier te herhaal, moet daar wel genoem word dat dit ware pionierswerk was. In geen vorige werk is daar tot in soveel besonderhede na die ontstaan en ontwikkeling van Kleurling- en swart klubs, unies en kompetisies gekyk nie. Waar heelparty vorige werke van die 1980s slegs melding van enkele groot spelers van ander rasgroepe gemaak het, neem Dobson hier ’n belangrike stap om aan meer uitstaande spelers én belangrike figure van die spel hul regmatige plek in die geskiedenis te gee.

Die rede waarom hierdie boek die eerste was om bogenoemde aspekte van Suid-Afrikaanse rugby na te vors, is omdat die SARR teen 1989 ’n nuwe era betree het. Danie Craven verduidelik in die voorwoord:

[215] Ander voorbeelde van verwysings na swart rugby in Suid-Afrika is ook verstrek in afdeling 2.1b (“Rugby seëvier oor politiek”) van hierdie hoofstuk.
[216] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, pp. 167-227.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "We as the South African Rugby Board, which includes the South African Rugby Federation and the South African Rugby Association, are the most non-political and non-racist organisation in South Africa. We did experience some obstacles on the way of total integration. These will be eliminated this year. The background of our struggle which will now be known to everybody will reveal just how true that statement I have made is, and what grounds we have to expect everybody to join forces with us."[217]

Weens die nuwe samestelling van die SARR, eien Craven die geskiedenis van beide die Federasie en die Assosiasie aan die SARR toe. Om daardie rede is dit dus noodsaaklik vir die skrywer van die boek om die dele van die geskiedenis wat handel oor rugby onder ander rasgroepe ook na te vors en te bespreek. Die rede vir hierdie pionierswerk ter syde gestel, bly die feit steeds staan dat die werk 'n uitsondering op die tendens was. Waar ander werke slegs daarna verwys, kyk hierdie herdenkingsgeskrif in soveel meer detail na die geskiedenis van swart rugby in Suid-Afrika. Dit blyk dus dat die SARR, beter as enige ander rugby-instansie in Suid-Afrika, die geleentheid van sy eeufeesvieringe die beste aangegryp het om hierdie fout van die verlede reg te stel.

Herdenkingsgeskrifte, soos dit in hierdie afdeling bespreek is, was die laaste noemenswaardige tendens in algemene rugbygeskiedenisboeke. Afgesien van die feit dat hierdie tipe werke die belangrike herdenkings van rugby-instansies gevier het, was dit moontlik ook meer veelseggend in die breër konteks van Suid-Afrikaanse rugby. Dit het die verhoogde status van klub- en provinsiale rugby bevestig en bevorder. Verder het skrywers daardeur waarskynlik ook gepoog om die rugby publiek bepaald nostalgies oor 'die goeie ou dae' van Suid-Afrikaanse rugby te maak. Herdenkingsgeskrifte was in die laaste plek ook 'n gerieflike geleentheid om die historiografie se afskeep van swart rugby reg te stel.

Sedert die 1970s het twee verskynsels 'n bepalende invloed op populêre rugbygeskiedskrywing gehad – die koms van die televisie in 1976, asook die betogertoere en uiteindelike isolasie van Springbokrugby. Die koms van die televisie het nie net 'n groei in populariteit van rugby veroorsaak nie, maar ook 'n beweging weg van die verhalende styl van geskiedskrywing daaroor. Die betogings en isolasie wat Springbokrugby geteister het, het rugby historici verdeel. Enersyds was daar 'n opmerklike poging om die betogers en hul optrede te kritiseer en veroordeel. Andersyds is daar 'n meer diplomatiese benadering gevolg en die idee is geskep dat rugby oor politiek seëvier. Die donker tye waarin die rugbypubliek was weens die isolasie van die Springbokke het ook veroorsaak dat daar in die populêre geskiedskrywing 'n tendens was om spelers as nasionale helde af te maak en hulle

[217] P. Dobson: *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*, Foreword.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dienooreenkomstig te vereer. Die laaste noemenswaardige tendens van die tydperk tussen 1970 en 1995, het in die vorm van herdenkingsgeskrifte, soos dit hierbo bespreek is, gemanifesteer.

Hierdie navorsing word tot 1995 beperk, aangesien rugby daardie jaar ’n belangrike keerpunt bereik het. Rugby het sy amateurstatus vir professionele status verruil. Hierdie verandering het verrykende gevolge op beide die spel en die uitbeelding daarvan gehad. Die nuwe professionele era het, volgens Grundlingh, ’n invloedryke dinamika in die mediavoorstelling van die sport veroorsaak.[218] Daar sal gemerk word hoe, as gevolg van rugby se nuwe professionele status, die uitbeelding daarvan in die geskiedskrywing verander het. Professionele historici het oor die sport begin skryf, terwyl kommersiële sukses ook ’n groeiende motivering en dryfveer vir skrywers was om oor die sport te skryf.

Die volgende hoofstuk kyk na ’n ander vorm van populêre rugbygeskiedskrywing, naamlik biografiese werke. Alhoewel daar tussen 1948 en 1995 aansienlik minder biografiese werke as algemene rugbygeskiedenisboeke verskyn het, is eersgenoemde steeds ’n integrale deel van hierdie studie.

[218] A. Grundlingh: “Rands for Rugby: Ramifications of Professionalisation of South African Rugby, 1995-2007”. Unpublished paper, University of Stellenbosch, p. 20.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Hoofstuk 3: Biografiese werke, 1948 – 1995

In hierdie hoofstuk word biografiese werke van Suid-Afrikaanse rugbyspelers en -figure krities bestudeer. In die tydperk tussen 1948 en 1995 was biografieë en outobiografieë nie so talryk soos algemene rugbygeskiedenisboeke nie, maar dit was steeds ’n onmiskenbare deel van rugbygeskiedskrywing.

Barbara Caine argumenteer dat verskeie dissiplines, waarvan die geskiedenis maar een is, sedert die 1970s ’n sogenaamde “biographical turn” geneem het. Daar is in die akademie algaande besef hoeveel waarde daar in die bestudering van biografiese werke opgesluit is. ’n Biografiese benadering tot geskiedenis verskaf aan die historikus ’n manier om toegang tot subjektiewe of persoonlike ervarings te verkry.[219] Caine noem verder hoe indiwiduele lewens oor die vermoë beskik om groter historiese patrone en ontwikkelings te kan verduidelik.[220] Dit is in hierdie lig dat die biografieë en outobiografieë van Suid-Afrikaanse rugbyspelers bestudeer is. Dit kan onder andere lig werp op hoe die uitbeelding van rugby in die geskiedskrywing oor die jare heen verander het. ’n Waardevolle insig lê dus potensieel opgesluit in die bestudering van biografiese werke.

[219] B. Caine: *Biography and History*, p. 1.
[220] Ibid., p. 23.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 3.1 ’n Teoretiese agtergrond

Daar gaan begin word met ’n opsomming van sekere aspekte van die teorie van biografiese werke as ’n vorm van geskiedskrywing. Enkele sienings oor die aard en waarde van hierdie soort bron, asook die ontwikkeling daarvan oor die eeue heen, sal kortliks verduidelik word.

Daar bestaan kontrasterende opinies oor die aard van die biografie, sowel as die waarde daarvan as bron vir die historikus. John Tosh voel dat ongeag die feit dat dit eerstehandse kennis bevat, biografiese werke problematies is. Hy voer aan dat dit ’n goeie uitbeelding van mentaliteit en waardes van die indiwidu kan wees, maar dat dit as rekord van gebeurtenisse tekort skiet. Biografiese werke is in die meerderheid van gevalle onakkuraat en selektief, tot só ’n mate dat dit ’n verwronge beeld van die geskiedenis kan vorm.[221] Tosh verduidelik verder dat bevooroordeeldheid ’n verdere probleem skep. Gedurende die skrywer se proses om die biografie te skryf, assosieer hy tot ’n mate met die betrokke subjek en skep vervolgens ’n subjektiewe narratief. Louis Gottschalk beaam hierdie stelling wanneer hy noem dat, met die skryf van outobiografieë die sogenaamde spookskrywers se assosiasie met die subjek en hul joernalistieke doelwitte mag veroorsaak dat die finale produk onbetroubaar mag wees.[222] Tosh stel dit ook dat die biografiese narratief gebeurtenisse vereenvoudig en op ’n liniêre wyse verduidelik. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat Tosh se kritiek grotendeels gemik is teen biografieë van politieke figure, en nie noodwendig persone uit ander lewensterreine nie.[223] Ongeag sy kritiek, noem Tosh egter dat biografiese werke as bron, hoe verwronge dit ook al mag wees, nie heeltemal verontagsaam en verwerp kan word nie.[224]

In teenstelling met Tosh, skat Ludmilla Jordanova die biografie na hoë waarde. Sy verduidelik dat biografiese werke die unieke vermoë het om die geskiedenis deur middel van persoonlike ervarings te kan verduidelik:

[221] J. Tosh: *The Pursuit of History*, pp. 35-36.
[222] L. Gottschalk: The Historian and the Historical Document, in L. Gottschalk, C. Kluckhohn & R. Angell: *The Use of Personal Documents in History, Anthropology and Sociology*, p. 21.
[223] B. Caine: *Biography and History*, p. 26. Met betrekking tot die subjekte van belang vir hierdie studie, moet daar vermeld word dat rugbyspelers nie noodwendig so belangrik soos byvoorbeeld staatsmanne is nie. Rugby het wel ’n belangrike rol in die 20’ste eeuse Suid-Afrikaanse samelewing gespeel, maar Danie Craven maak homself moontlik skuldig aan die oorskatting van die belangrikheid van dié sport en sy spelers. In die voorwoord tot Chris Greyvenstein se *Springbok-sage* (1977) trek hy ’n verband tussen rugby se invloed op die geskiedenis en die invloed wat Hitler op die geskiedenis gehad het.
[224] J. Tosh: *The Pursuit of History*, p. 78.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "Taking a person as the unit of analysis is to adopt a quite particular historical approach, one that emphasises individual agency and sees the subject as a point at which diverse historical forces converge."[225]

Hierdie indiwiduele en persoonlike aard van die biografie word beaam in Ebbe Dimmisse se voorwoord tot sy onlangse biografie van Sir David Graaff. Hier haal hy aan uit professor Alex Mouton se intreerede as hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, waarin hy die waarde van die biografie vir geskiedskrywing opsom:

> "The crucial contribution of biography is that it humanises history as it reflects life – its heroism, nobility, endurance, folly, ignorance, weaknesses and brutality. For the British biographer Michael Holroyd, biographers are the messengers of the dead calling to us out of the past, asking to be heard, remembered and understood."[226]

Sy voer aan dat daar in 'n indiwidu se lewe verskeie faktore in wisselwerking gesien kan word. Naas die verwagte politieke, ekonomiese en sosiale faktore, bied die biografiese werk die leser ook 'n eerstehandse blik op die indiwidu se opvoeding, familiêre verwantskappe, vriendskapsnetwerke, ontspanningsaktiwiteite, werk en dies meer. Op hierdie manier is die biografie, oftewel die rekonstruksie van 'n lewe, 'n vorm van *histoire totale* op 'n kleiner skaal.[227] Dít beteken dat 'n breë geskiedkundige konteks in die lewe van 'n indiwidu gesien kan word. Só byvoorbeeld, kan die ontwikkeling van Springbokrugby en die uitbeelding daarvan in die geskiedskrywing in die biografiese werke van Danie Craven, Frik du Preez en Rob Louw gesien word. Jordanova het dus 'n baie meer positiewe siening van die biografie as Tosh.

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit ook belangrik om te let op die ontwikkeling van die aard van die biografie oor die eeue heen. Die biografiese werke van Suid-Afrikaanse rugbyspelers sal in die lig van die ontwikkeling van die biografie beoordeel kan word – daar sal byvoorbeeld gesien kan word of die betrokke werke in ooreenstemming of in teenstelling met die tydstrominge van die biografie self ontwikkel het.

Die wyse waarop biografiese werke die lewens van die spesifieke indiwidue beskryf, het vanaf die vroegste tye deur verskeie fases gegaan. In die klassieke tye is biografieë beskou as een van die beste maniere om die lewe van 'n belangrike indiwidu te vereer en herdenk. Die biografie het 'n belangrike morele funksie gehad, synde dit slegs oor adellike en grootse

[225] L. Jordanova: *History in Practice*, p. 41.
[226] E. Dommisse: *Sir David Pieter de Villiers Graaff: Die erfridder van De Grendel*, p. 8.
[227] L. Jordanova: *History in Practice*, p. 41.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

openbare figure gehandel het, en hul lewens en optrede geëvalueer het. Ongeag hierdie belangrike funksie, het die belangstelling in die private lewe en daaglikse bestaan van die indiwidu veroorsaak dat biografieë vir etlike eeue daarna steeds as 'n laer en minder belangrike vorm van geskiedskrywing geag is.[228]

Sedert die vroeë 17de eeu het Francis Bacon hierdie siening oor die waarde van die biografie uitgedaag. Hy het daarop aangedring dat die biografie 'n meer bruikbaar en lewendig is as kronieke oor belangrike politieke en militêre gebeurtenisse. Sedert die 18de eeu is hierdie siening wyd aanvaar en nagevolg en die biografie as vorm van geskiedskrywing is -in alle erns begin beoefen.[229] Die fokus van biografiese werke het gedurende hierdie eeu begin verskuif – vanaf die lewens van belangrike staatsmanne na dié van skrywers, kunstenaars en andere wat nie volkome deel van die openbare sfeer is nie. Waar klassieke biografieë hoofsaaklik aandag aan 'n persoon se werkende lewe geskenk het, het 18de eeuse biografieë meer begin kyk na die persoon se sosiale lewe. Die gevolg was dat dit vir lewensbeskrywers noodsaaklik was om die persoon se karakter te beskryf soos dit waarlik was – persoonlike swakhede en tekortkominge ingesluit, tesame met die eerbare kwaliteite.[230]

Met die koms van die Victoriaanse era in die 19de eeu het die aard van biografiese werke 'n drastiese verandering ondergaan. Met 'n nuwe fyngevoeligheid wat in die Westerse samelewing ontstaan het, was die beskerming van reputasies van uiterste belang. Lewensbeskrywers het ongelooflike diskresie toegepas met die skryf van biografieë en enige vorm van huishoudelike ongeskiktheid en ongelukkigheid is as totaal onvanpas gesien. Indiwidue se persoonlike indiskresies, swakhede en tekortkominge is vermy, en die betrokke lewe is eerder in die mees gunstige of positiewe manier moontlik beskryf.[231] Die waardes van die Victoriaanse samelewing het veroorsaak dat daar aangedring is op biografieë van 'n patriotiese en voorbeeldige aard. Foutlose reputasies en die idealisering van prestasies was die gevolg.[232]

Met die draai van die eeu het die aard van die biografie 'n radikale wending ondergaan. Biografiese werke wat in die vroeë 20ste eeu verskyn het, was bykans 'n absolute teenoorgestelde van dié van die negentiende eeu. Die einde van die Victoriaanse era, tesame met Sigmund Freud se radikale nuwe teorie van psigoanalise, was die oorsaak daarvan. Die

[228] B. Caine: *Biography and History*, p. 8.
[229] Ibid., p. 9.
[230] Ibid., p. 28.
[231] Ibid., pp. 28-29.
[232] N. Hamilton: *Biography: A Brief History*, pp. 114-115.

nuwe doel van hierdie sogenaamde 'psigo-biografie' was om lig te werp op die areas van die lewe wat voorheen taboe was. Daar is wegbeweeg van die Victoriaanse model in die rigting van lewensbeskrywing wat detail oor onder andere sosiale taboes, private- en seksuele verhoudinge verskaf het.[233]

Ongeag die mislukking van die psigoanalitiese benadering tot lewensbeskrywing in die jare direk na afloop van die Eerste Wêreldoorlog, het dit steeds die weg vir die moderne biografie gebaan. In teenstelling met die vorige eeu se tendens van die beskerming van reputasies, is die moderne biografie daarop uit om geen aspek van die persoonlike lewe agterweë of onaangeraak te laat nie. Waar die betrokke persoon se swakhede en tekortkominge in die Victoriaanse era nie aangespreek is nie, het die moderne biografie 'n intense belangstelling juis in hierdie aspekte. Dit word somtyds geag as die mees interessante en belangrikste aspekte van die moderne twintigste eeuse biografie.[234] Caine argumenteer dat hierdie belangstelling in die innerlike lewe meebring dat die biografie soos ons dit vandag ken onder die oppervlakkige beweeg in 'n poging om die kern en essensie van 'n persoon vas te vang en te beskryf. Gevolglik word die subjek se volle persoonlikheid, emosionele samestelling en interne lewe in al sy fasette saam met die publieke lewe aan die leser beskryf.[235]

In die 1960s en 1970s het lewensbeskrywers ook 'n groeiende belangstelling in die subjek se seksualiteit ontwikkel. Daar is uitgegaan vanaf die standpunt dat seksualiteit 'n kernrol te speel het in die samestelling van die menslike persoonlikheid. Die gevolg was dat daar 'n belangrikheid geheg is aan die betrokke subjek se seksuele verhoudings en -identiteit. Die biografieë van David Lloyd George, voormalige Britse Eerste Minister, en Franklin D. Rooseveldt, voormalige Amerikaanse President, het byvoorbeeld hul onderskeie seksuele identiteite aan die orde gebring.[236]

Seker die mees vername kenmerk van moderne biografiese werke, hetsy dit 'n biografie of outobiografie is, is die *warts and all* aard daarvan. Geen aspek van die betrokke persoon se persoonlike of openbare lewe word onaangeraak gelaat nie. Persoonlike tekortkomings word bespreek, en die doel van die skrywer is om die essensie van die subjek op 'n interessante en geloofwaardige wyse deur te gee. Waar die 19de eeuse biografie persoonlike tekortkominge toegesmeer het om só reputasies te beskerm, doen die moderne biografie die teenoorgestelde.

---

[233] N. Hamilton: *Biography: A Brief History*, pp. 130-144.
[234] B. Caine: *Biography and History*, pp. 28-29.
[235] Ibid., pp. 40-41.
[236] Ibid., pp. 42-43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die subjek word vandag dus in sy volle wese beskou en beskryf. Met die aanvang van die era van die moderne biografie, het die Amerikaanse lewensbeskrywer en digter, Gamaliel Bradford, in 1929 ’n akkurate definisie daarvan verskaf:

> “Instead of trying to write a man’s eulogy, or commemorate his achievements, or hold him up as a profitable example, we are simply trying to understand what manner of man he was, to analyse his character and motives, and to classify him and put him in his place with other groups of human beings.”[237]

Met die bostaande agtergrondkennis oor die aard en ontwikkeling van biografiese werke in die Westerse wêreld kan daar vervolgens met die studie van Suid-Afrikaanse rugbyspelers se biografieë en outobiografieë begin word. Hierdie werke word krities beskou om te sien hoe sekere prominente tendense daarin tussen 1948 en 1995 gemanifesteer en ontwikkel het.

[237] N. Hamilton: *Biography: A Brief History*, p. 153.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 3.2 ’n Kritiese beskouing van biografiese werke oor rugbypersoonlikhede

In vergelyking met die hoeveelheid werke wat handel oor algemene rugbygeskiedenis in die tydperk 1948 tot 1995, is biografiese werke in die minderheid. Waar biografieë ’n minder gewilde vorm van publikasie was, was die outobiografie selfs nog minder gewild onder rugbyspelers en skrywers. Gedurende hierdie tydperk het daar skaars ’n tiental outobiografieë verskyn. Oor die rede vir biografiese werke se numeriese minderheid kan daar slegs gespekuleer word. Aangesien dit ook die geval in die Afrikaanse letterkunde is dat biografiese werke in die minderheid is, kan dit as ’n sistemiese verskynsel beskou word. Is die rede vir die klein aantal rugbybiografieë dalk omdat rugbyskrywers meestal joernaliste was wat oor gebeure wou rapporteer, en nie hul hand aan lewensbeskrywings wou slaan nie? Is dit dalk omdat biografiese werke minder gewild onder lesers was as algemene geskiedeniswerke?

Ongeag die relatief klein aantal biografiese werke, asook die redes daarvoor, is daar egter steeds waardevolle insigte daarin opgesluit. Die leser word nie slegs op ’n reis deur die binnekringe van Suid-Afrikaanse rugby geneem nie, maar die ontwikkeling van die biografiese werk oor die jare heen is ook onderliggend. Die onderstaande kritiese beskouing van biografiese werke stel ondersoek in na hoe die styl en tipe inhoud daarvan oor die jare heen ontwikkel het deur spesifieke tendense, wat met die navorsing van die werke duidelik geword het, te identifiseer en te bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.2.1 Die man op die veld en die mens daarvan af

Vir die eerste twee dekades na 1948 was die tendens in biografiese werke om byna uitsluitlik aandag te skenk aan die man op die veld – die man as rugbyspeler. In die sewentigerjare was die fokus steeds op die man as rugbyspeler, met enkele gevalle waar die subjek van die biografie se persoonlike lewe van die rugbyveld af, ook verken is. In die 1980s het hierdie tendens ’n verandering ondergaan wat betref ’n balans in die inhoud van die biografie. Beide die man op die veld én die man daarvan af het onder bespreking gekom. Met verloop van tyd het biografiese werke dus al hoe meer belangstelling in die persoonlike lewens van die rugbyspelers, sowel as in aangeleenthede anders as rugbyprestasies, getoon, in ’n poging om ook die karakter van die mens wanneer hy nie op die speelveld is nie vas te vang. Alhoewel laasgenoemde werke steeds rondom rugby gesentreerd was, was dit egter nie die uitsluitlike fokusarea daarvan nie.

Om ’n grondige begrip te verkry van hoe hierdie tendens in die biografiese werke oor die jare ontwikkel het, word die betrokke werke so ver moontlik in chronologiese volgorde, soos dit gepubliseer is, genoem. Alhoewel elke biografiese werk wat ontstaan het in die tydperk van 1948 tot 1995 nie bestudeer is nie, neem die navorser kennis daarvan, maar is daar steeds navorsing in ’n genoegsame hoeveelheid werke gedoen om hierdie tendens te kon identifiseer en ’n argument daarvoor te voer.

Die wyse waarop skrywers van vroeë biografiese werke hul hoofstukke betitel en ingedeel het, dien as ’n goeie aanduiding van watter soort inligting die leser te wagte kan wees. Gaan dit slegs handel oor rugby, of gaan daar ook ’n persoonlike blik op die man van die veld af wees? In die inhoudsopgawe van Danie Craven se outobiografie *Ek speel vir Suid-Afrika* (1949) kan die leser met die eerste oogopslag sien dat hy slegs besprekings oor rugby te wagte kan wees. Dít is dan ook presies hoe die inhoud van die boek verloop – dit wentel geheel en al om Craven se loopbaan as Matie, WP-speler en Springbok en die prestasies wat hy as rugbyspeler behaal het. Een van die enkele kere wanneer Craven afwyk van besprekings oor sy lewe in ’n rugby hoedanigheid, is wanneer hy die afsterf van sy vader laat in 1933 bespreek. Dit is opvallend om te sien dat dit in slegs twee enkele paragrawe aangeraak word, maar weens die persoonlike aard daarvan, verskaf dit steeds ’n mate van menslikheid aan die boek:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "Met sy heengaan besef ek eers watter dryfkrag hy in my lewe was, hoe my idealisme op hom vasgeknoop en opgebou was, dat die begeerte om elke vakansie met 'n geskenk in die vorm van 'n prestasie huis toe te kom die gevolg van sy stille en vaderlike invloed was. My lewe is leeg en sonder rigting. Hy was my rigting; hy het geïnspireer sonder om veel te sê. Die ouerlike geluk en simpatie, daargestel deur hom en my moeder, was verbreek, die huis was anders, alles was veranderd."[238]

In die daaropvolgende paragraaf gaan Craven verder weer te begin skryf oor die rugbytoer wat hy as Matiekaptein na Kenia georganiseer het. Alhoewel daar 'n mate van menslikheid en 'n bespreking van 'n persoonlike aard in die boek is, weeg dit glad nie op teen die hoeveelheid aandag wat die skrywer aan sy rugbyloopbaan skenk nie. Die boek is byna uitsluitlik 'n terugblik op Craven se lewe as rugbyspeler. Selfs sy kinderdae word beskryf in terme van rugby, terwyl die res van die boek 'n chronologiese oorvertelling van rugbywedstryde is. Die gevolg hiervan is dat die boek inderwaarheid daarna neig om eerder die memoires van sy rugbyloopbaan te wees, en nie 'n outobiografie nie. 'n Bewys van hierdie stelling kan gevind word op die laaste twee bladsye van die boek. Craven skryf dat, na afloop van die Britse Leeus se toer na Suid-Afrika in 1938, sy rugbyloopbaan hier eindig, waarna hy die elf jaar tussen 1938 en publikasie in 1949 in 'n enkele paragraaf opsom.[239] In *Ek speel vir Suid-Afrika* boekstaaf Craven dus sy lewe op die rugbyveld, en nie soseer sy lewe daarvan af nie.

Hennie Muller se outobiografie *Tot siens to Test Rugby* (1954) neem baie dieselfde formaat as Craven se werk aan. Dit titel is meer as net aanduidend tot die inhoud – dit is ook 'n opsomming daarvan. Muller skryf breedvoerig oor sy rugbyloopbaan met 'n minimale blik op sy persoonlike lewe. Wanneer hy wel verwys na sy lewe van die rugbyveld af, is dit bondig. Hy sluit byvoorbeeld sy bespreking van die veelbewoë 1950 rugbyseisoen af met 'n enkele sin: "All in all, 1950 was an eventful year, and it was more so for my wife and me by the birth of our daughter, Melanie, on October 14."[240] Deur sy lewe van die veld af só met die leser te deel, skep Muller die idee dat hy sy persoonlike lewe as 'n bysaak ag in 'n vertelling wat uitsluitlik 'n bespreking van sy herinneringe op die rugbyveld is.

Maxwell Price se *The Springboks Talk* (1955) is selfs nóg minder ingestel op die persoonlike lewens van die betrokke rugbyspelers waaroor dit handel. Die primêre fokus van hierdie biografiese werk is om as handleiding vir jong rugbyspelers te dien. In die inleiding verduidelik die skrywer self:

[238] D. Craven: *Ek speel vir Suid-Afrika*, pp. 132-133.
[239] Ibid., pp. 251-252.
[240] H. Muller: *Tot siens to Test Rugby*, p. 99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "I have always felt that an ordinary book dealing solely with the technical side of rugby would be too dry to be of interest. Better it would be to have the Springboks talk, I told myself. I would try to enliven their discussions on rugby with sketches of their rugby lives, with human interest and personal anecdote…It should be remembered that there have been many new developments in the game which have brought in new techniques, and this book, of course, is written mainly for the benefit of the young player in the game to-day."[241]

Alhoewel die skrywer hier noem dat hy tegniese besprekings oor rugby wil aanvul met persoonlike staaltjies en sake van menslike belang, handel die werk in sy geheel handel uitsluitlik oor rugby en rugby-verwante kwessies. Daar is ’n gebrek aan inligting oor die spelers se persoonlike lewens soos ’n mens met die lees van ’n biografie sou verwag.

A.C. Parker se *Giants of South African Rugby with a Report on the ‘Lions’* (1956) toon baie ooreenkomste met Price se werk. Wat betref besprekings van die rugbyspelers se persoonlike lewens, is daar in Parker se werk ook weinig van. Die tweede deel van hierdie werk is ’n verslag oor die besoekende Britse Leeus van 1955, terwyl die eerste deel ’n biografiese blik op van die grootste name in Springbokgeskiedenis is: "The first part covers the fascinating stories of eleven outstanding Springbok players and personalities of the past..."[242] Al die spelers hierin vervat, word op dieselfde wyse bespreek. Hulle word geprys as wonderlike rugbyspelers, met weinige klem op hul persoonlike lewens buite die lyne van die rugbyveld. Van Johannes Albertus ("Bob") Loubser word byvoorbeeld geskryf:

> "For it is the considered opinion of his contemporaries…that South Africa has produced no wing three-quarter quite as brilliant as the man whose partnership with the fabulous Japie Krige is still spoken of with something akin to reverence…Though not a big man Bob Loubser was exceptionally strong for his build, and this often enabled him to ‘break’ a tackle. He also possessed the razor-edged intelligence of the true footballer."[243]

Die naaste wat die skrywer daaraan kom om ’n bespreking van Bob Loubser as indiwidu te gee, is wanneer hy die hoofstuk oor hom met vermelding van sy kinders en beroemdheid na afloop van sy speeldae afsluit:

> "A retired surveyor, his eldest son (same initials) carries on the firm of Loubser and Son at Stellenbosch. His other son, Dr. Jan Loubser, is a university professor in Bloemfontein, and he also has

---

[241] M. Price: *The Springboks Talk*, Introduction.
[242] A.C. Parker: *Giants of South African Rugby with a Report on the ‘Lions’*, Preface, p. xi.
[243] Ibid., pp. 13-14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> a daughter. Bob's popularity is such that he had no difficulty in winning the Stellenbosch parliamentary seat in 1948, succeeding as Nationalist MP his old captain and friend, the late Paul Roos."[244]

Deur spelers hoofsaaklik in 'n rugby hoedanigheid te bespreek en 'n blik op hul persoonlike lewens en menswees tot die absolute minimum te beperk, skep die persepsie dat Parker die betrokke indiwidu se lewe buite rugby as 'n bysaak ag.

Chris Greyvensteyn se lewensbeskrywing van Bennie Osler, Quintus van Rooyen s'n oor Flappie Lochner, asook Neville Leck se biografie van John Gainsford is verdere voorbeelde van werke wat dieselfde tendens volg. *The Bennie Osler Story* (1970)[245], *Springbok Triomf: Die merkwaardige Flappie Lochner en sy aandeel in ons rugby* (1972)[246] en *Nice Guys Come Second* (1974)[247] kyk al drie na hul onderskeie subjekte hoofsaaklik vanuit 'n rugbyperspektief, met minimale besprekings oor die indiwidu en sy menswees. Hierdie drie biografieë volg dieselfde benadering tot die man van die veld af. In die uitsonderlike geval wanneer persoonlike kwessies wél ter sprake kom, word dit tot die minimum beperk, en word daar nie verder as die oppervlak gedelf nie. Om repetisie te vermy, gaan hier ook nie na sorgvuldige voorbeelde verwys word nie. Hierdie drie biografieë is dus, wat hierdie tendens betref, werke op dieselfde lees geskoei as dié van Craven, Muller, Price en Parker soos dit hierbo behandel is. Vroeë biografiese werke het dus slegs 'n baie klein mate van persoonlike kleur gehad.

Daar is drie biografiese werke wat hierdie tendens begin verander het. Dit is onderskeidelik Danie Craven se *Oubaas Mark* (1959)[248], Leon Gouws se *Frik du Preez – Rugbyreus* (1971)[249] en Neville Leck se *HO – A Biography of Courage* (1977).[250] Hierdie drie werke het begin afwyk van die tendens soos dit tot dusver bespreek is. Alhoewel dit steeds op die betrokke subjekte in 'n rugby hoedanigheid gefokus het – wat weens die ontstaan van hul faam egter onvermydelik is – het dit ook meer na die mens van die veld af begin kyk. Daar is onder die oppervlak van rugby begin delf en só is daar meer van die indiwidu buite die sport aan die lesers bekend te stel.

---

[244] A.C. Parker: *Giants of South African Rugby with a Report on the 'Lions'*, p. 24.
[245] C. Greyvenstein: *The Bennie Osler Story*.
[246] Q. van Rooyen: *Springbok Triomf: Die merkwaardige Flappie Lochner en sy aandeel in ons rugby*.
[247] J. Gainsford with N. Leck: *Nice Guys Come Second*.
[248] D. Craven: *Oubaas Mark*.
[249] L. Gouws: *Frik du Preez – Rugbyreus*.
[250] N. Leck: *HO – A Biography of Courage*.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Craven se *Oubaas Mark*, die lewensverhaal van die beroemde Stellenbosse afrigter en keurder A.F. Markötter, volg nie die chronologiese verloop wat normaalweg met die lees van ’n biografie verwag word nie. Dit bestaan eerder uit ’n menigte kort staaltjies oor Oubaas Mark, soos hy in die spreektaal bekend gestaan het. Hierdie staaltjies is verkry van ’n diverse groep mense – rugbyspelers wie hy afgerig het, kollegas, kennisse, familie en vriende. Die gevolg daarvan is dat die skrywer op hierdie wyse verskeie aspekte van die subjek se lewe kan verken, en nie net, soos die ander biografiese werke wat reeds bespreek is, fokus op die man se lewe binne rugby nie.

Craven vertel byvoorbeeld hoe Oubaas Mark hom finansieel bygestaan het na sy vader se afsterwe, en help betaal het aan sy studies. A.W. Retief getuig ook oor Oubaas Mark se bereidwilligheid om studente te help, somtyds tot sy eie finansiële skade.[251] Sy persoonlikheid kom ook onder die vergrootglas wanneer Bertie de Wet sê: “Gelukkig kom die jong rugbyspeler gou agter dat daardie kwaai uiterlike maar net ’n masker is en dat daaragter in werklikheid ’n hart vol liefde en besorgdheid vir sy spelers skuil.”[252] Dan Brink, ’n kollega, vertel dat ongeag hoe streng Oubaas Mark in die kantoor was, so saggeaard, verdraagsaam en goedhartig was hy daarbuite.[253] Hierdie is slegs enkele voorbeelde van hoe die skrywer met hierdie biografie ook fokus op die subjek se lewe buite rugby, en onder die oppervlak van sy rugbyfaam beweeg om Oubaas Mark se menswees en karakter vas te vang.

Leon Gouws se biografie oor Frik du Preez verken ook die man van die veld af. Op die flapteks reeds verklaar die skrywer: “Ontmoet hom nou volledig: op die oefenveld, in die hitte van die stryd, op toer deur Brittanje, Nieu-Seeland, Australië en Frankryk – en in die warm binnekring van sy vriendskap.”[254] Ondanks die rugby milieu waarbinne Du Preez se lewensverhaal afspeel, is daar ook sigbare pogings van die skrywer om die persoonlike lewe van die indiwidu te verken. Hy skryf oor Frik se hegte vriendskap met Mof Myburgh en Stompie van der Merwe op die 1960-toer na Brittanje en Frankryk. Daar word geskryf hoe Du Preez aanvanklik baie teruggetrokke was, hoe hulle drie in mekaar se geselskap geboer het en maar min met die ander manne gemeng het, aangesien hulle besef het hulle is in die teenwoordigheid van groot name van Springbokrugby. “Die driemanskap sou egter later op die toer ontdooi en sprankel persoonlikhede word. Al drie het ’n humorsin wat hulle in enige

[251] D. Craven: *Oubaas Mark*, pp. 47-48.
[252] Ibid., p. 50.
[253] Ibid., p. 62.
[254] L. Gouws: *Frik du Preez – Rugbyreus*.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geselskap aanvaarbaar maak en op later toere was hulle juis die grapmakers."[255] Daar is ook 'n mate van menslikheid aan die biografie wanneer Du Preez verte van hoe die senuwees hom somtyds voor groot wedstryde heeltemal bloots gery het.[256]

Neville Leck se biografie van WP- en Springbok heelagter HO de Villiers, *HO – A Biography of Courage*, bespreek benewens die speler op die veld, ook die man daarvan af. Leck verbind hierdie twee aspekte – die lewe in rugby en die persoonlike lewe – wanneer hy byvoorbeeld skryf oor hoe HO, nadat hy nie vir sy skool se eerstespan gekies is nie, diep teleurgesteld en verneder gevoel het.[257] Die skrywer dui ook elders daarop dat die rugbyspeler en die mens daaragter onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Daar word vertel van hoe die agteruitgang in De Villiers se spelpeil hom verneder laat voel het, vererger deurdat die hele Nuweland vir hom gelag het[258]; ook hoe sy veelvuldige kniebeserings hom hopeloos en depressief gelaat het, en hoe die gepaardgaande teleurstelling en lyding in dié periode van 1970 tot 1972 sy donker jare beteken het.[259] 'n Verdere opvallende aspek van hierdie boek is die hoofstuk wat handel oor HO en sy vrou, Sandra. Dít is 'n sterk aanduiding dat hierdie werk na meer as net die rugbyspeler kyk, ondanks die feit dat beide HO en Sandra die skrywer vriendelik gevra het om nie té diep in hul persoonlike lewens te delf nie.[260]

Die drie biografiese werke soos dit hierbo bespreek is, is bewys dat die tendens begin verander het en dat daar na die speler op veld, sowel as die mens daarvan af, begin kyk is. Die rede daarvoor lê moontlik opgesluit in die invloed van die sogenaamde Sestigers op die Afrikaanse letterkunde. Gedurende die sestigerjare het 'n groep Afrikaanse skrywers begin om radikaal vernuwende werke te skryf en hierdeur die landskap van Afrikaanse letterkunde in 'n rigting te lei weg van die ou heersende norme en tradisies. Hierdie literatuur het kwessies en temas aangespreek wat nie net die literêre establishment uitgedaag het nie, maar ook die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Jack Cope skryf oor die doelstelling agter hierdie skrywers se werke:

> "They talked about renewal, the wanted to bring into Afrikaans writing the subjects the found freely in other literatures, particularly in French and English. They were interested in love and sex and freedom;

[255] L. Gouws: *Frik du Preez – Rugbyreus*, p. 49.
[256] Ibid., p. 53.
[257] N. Leck: *HO – A Biography of Courage*, p. 53.
[258] Ibid., p. 111.
[259] Ibid., pp. 185-188.
[260] Ibid., p. 101.

> they thought the older establishment writers had had it too good for too long with their pale poetry and their lukewarm baths of mutual admiration."[261]

Dit is moontlik dat die Sestigers se 'bevryding' en liberalisering' van die Afrikaanse letterkunde oorgespoel het na rugbybiografieë. Suid-Afrikaanse skrywers kon nou, na die sestigerjare, met meer vryheid die persoonlike lewens en kwessies van rugbyspelers ondersoek. Nie net was die publiek nou gewoond aan en ontvanklik vir nuwe temas nie, maar selfs die skrywers kon meer vrylik 'n nuwe rigting inslaan.

In die 1980s het hierdie tendens in rugbygeskiedskrywing verder verander. Rugbyspelers se persoonlike lewens is toe tot só 'n mate gedeel dat hulle hul persoonlike gedagtes en somtyds kontroversiële opinies begin uitspreek het. Die vernaamste werke wat hiervan getuig, is Wynand Claassen se *More than just Rugby* (1985) en Rob Louw se *For the love of Rugby* (1987).

Wynand Claassen se outobiografie is gepubliseer in die stormagtige dekade van die 1980s, 'n tydperk toe Springbokrugby onder betogings en internasionale isolasie gebuk gegaan het. Dit is in hierdie lig dat hy meer as net sy lewe op die rugbyveld boekstaaf – hy spreek ook sy lewe buite rugby aan en skroom nie om persoonlike opinies te gee nie. Soos die titel, *More than just Rugby* aandui, skryf hy nie net oor die prestasies van sy rugbyloopbaan nie, maar deel hy ook inligting oor sy persoonlike lewe. Hy verwys na hoe sy lewensfilosofie van "maak seker dat jy altyd gereed is"[262] ontwikkel het, sowel as hoe sy vader hom geïnspireer het om 'n gees van deursettingsvermoë en gewilligheid te kweek om só te verseker dat hy sy doelstellings in die lewe bereik.[263] Wanneer Claassen sy tyd in die hospitaal, na 'n oogoperasie, beskryf, word dit vir die leser duidelik dat die boek oor meer as net rugby gaan:

> "So I lay there in complete darkness, listening to French language tapes (I had been to France in the off-season and I was eager to retain the French I had picked up) and thinking about my future. In times like these you get to know yourself very well…"[264]

Waar hierdie boek verder gaan as vorige biografiese werke, is wanneer Claassen persoonlike kwessies bespreek. Hy skryf byvoorbeeld oor sy teleurstellings tydens die berugte Springboktoer van 1981 na Nieu-Seeland en oor sy afkeur van Nelie Smith, die afrigter van

---

[261] J. Cope: "Where the Sestigers came unstuck", in J. Polley (ed.): *Verslag van die Simposium oor die Sestigers*, pp. 149-150.
[262] W. Claassen with D. Retief: *More than just Rugby*, p. 18.
[263] Ibid., p. 20.
[264] Ibid., p. 79.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daardie span. In ’n ander hoofstuk, “The Brotherhood of Rugby?”, praat Claassen openlik oor die Broederbond en die invloed wat die organisasie moontlik op die 1981-toer gehad het. Hy noem dat Johan Claassen (bestuurder), Nelie Smith, en sy spanmaats Johan Stofberg en Gerrie Germishuys, almal konneksies met die Broederbond gehad het, en dat die res van die toergroep deurentyd agterdogtig van hulle en hul optrede was.[265] In sy geheel beskou, handel Claassen se outobiografie, soos die titel aandui, oor meer as net rugby. Sy lewe buite rugby, asook sy persoonlike opinies oor groot kwessies wat sy tyd as Springbokkaptein beïnvloed het, kom alles onder bespreking.

Rob Louw se outobiografie, *For the love of Rugby* neem baie dieselfde formaat aan as dié van Wynand Claassen. Dit handel ook grotendeels oor sy lewe as rugbyspeler, maar daarmee saam verstrek Louw ook inligting oor sy persoonlike lewe, private onthullings oor die berugte Springboktoer van 1981 na Nieu-Seeland en lewer hy ook kommentaar op algemene probleme wat Suid-Afrika, en Suid-Afrikaanse rugby, meer spesifiek, in die gesig gestaar het. In die laaste hoofstuk vat hy soos volg saam:

> “In earlier chapters I have described my career. I have tried to give thanks to those who have helped me in my progress. I have mentioned the many memorable friendships I have formed through my participation in rugby. I have discussed the political problems that are unique to South African society and I have given my interpretation of these problems as well as my idea of a possible solution to these problems through the medium of sport, particularly rugby.”[266]

Buiten sy rugbyloopbaan, bespreek Louw ook byvoorbeeld hoe hy sy vrou ontmoet het en hoe haar ondersteuning ’n belangrike deel van sy lewe uitmaak.[267] Hy brei uit oor die waardes van selfdissipline en selfrespek wat hy in sy ondersteunende ouerhuis geleer het.[268] Só gaan Louw onder die oppervlak van sy lewe as rugbyspeler, en leer ken die leser hom buite die konteks van rugby. Soos met Claassen se werk die geval is, bevat Louw se outobiografie ook dele wat neig in die rigting van ’n *exposé*. Hy onthul byvoorbeeld sy hegte vriendskap met Errol Tobias, die eerste swart Springbokspeler, en bespreek hoe swak Tobias tydens die 1981-toer hanteer is. “We know that attempts were made to omit him from the touring party and that he was not entirely welcomed by certain members of the management on tour.”[269] In ’n ander hoofstuk, getiteld “Political Questions”, gesels Louw oor die

[265] W. Claassen with D. Retief: *More than just Rugby*, pp. 223-233.
[266] R. Louw with J. Cameron-Dow: *For the love of rugby*, p. 220.
[267] Ibid., p. 13, pp. 39-40.
[268] Ibid., p. 18.
[269] Ibid., p. 146.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

probleme wat die Suid-Afrikaanse rugbylandskap weens apartheid in die gesig gestaar het.[270] Hy bespreek die politieke tweestryd tussen die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) en die South African Council of Sport (SACOS) in die tagtigerjare, en gaan verder deur ook sy persoonlike opinie oor die rassekwessie uit te spreek. Louw se outobiografie handel dus ook oor baie meer as slegs rugby. Hy gee die leser ’n blik op sy persoonlike en private lewe, tesame met onthullings oor kwessies breër as slegs rugby.

In die biografiese werke wat tussen 1948 en 1995 verskyn het, is daar ’n duidelike progressie te bespeur wat betref die fokusareas van die inhoud daarvan. Werke in die eerste twee dekades, met Danie Craven se *Oubaas Mark* (1959) as uitsondering, fokus bykans uitsluitlik op die man as rugbyspeler. Die subjek se persoonlike lewe, karakter en menswees kom nie ter sprake nie. In die sewentigerjare het biograwe stelselmatig die indiwidu buite die sfeer van rugby begin verken. Ondanks die feit dat biograwe steeds hoofsaaklik na die subjek as rugbyspeler gekyk het, was daar ’n duidelike beweging in die rigting van ’n verkenning van die indiwidu. In die 1980s het biografiese werke verskyn waarin hierdie tendens verder ontwikkel. Sorgvuldige aandag is toe aan die man op die speelveld, sowel as aan die mens daarvan af geskenk.

Daar is ’n argument te voer dat die biografiese werke van Suid-Afrikaanse rugbyspelers wat voor 1970 verskyn het, in ’n sekere mate met die Victoriaanse model van die biografie vergelyk kan word. Behalwe vir *Oubaas Mark*, het die al hierdie werke ’n ontsaglike respek vir die persoonlike lewe, in só ’n mate dat dit onaangeraak gebly het en geensins verken is nie. Indiwidue se persoonlike swakhede en mees innerlike gevoelens is nie deur die biograwe verken nie, moontlik om op hierdie manier die reputasie van die betrokke subjek te alle tye positief en foutloos te hou. Soos hierdie tendens in die 1970s en veral die 1980s ontwikkel het, is daar al hoe meer wegbeweeg van die Victoriaanse model van lewensbeskrywing. Die indiwidu se lewe en innerlike gevoelens het meer aandag begin geniet. HO de Villiers se donker jare van beserings en gevolglike depressie is ’n voorbeeld. Rugbyspelers het later ook nie meer geskroom om hul persoonlike opinies – somtyds kontroversieel – uit te spreek nie, soos wat Rob Louw byvoorbeeld gedoen het. Die heilige respek vir die instandhouding van ’n foutlose reputasie was nie meer so sterk ter sprake nie, en biograwe kon vryelik kwessies bespreek wat voorheen onaangeraak sou bly.

[270] R. Louw with J. Cameron-Dow: *For the love of rugby*, pp. 164-173.

Stellenbosch University  http://scholar.sun.ac.za

Nog ’n rede waarom spelers soos Wynand Claassen en Rob Louw hul opinies só openlik en eerlik gedeel het, was omdat dit gebeur het in ’n tyd van politieke woelinge in Suid-Afrika. In die tagtigerjare is die samelewing deur politieke kwessies oorheers – sigbaar in die feit dat selfs Suid-Afrikaanse rugby so drasties daardeur beïnvloed is. Hierdie politieke woelinge het die teelaarde geskep vir spelers soos Claassen en Louw om ook hul stuiwer in die armbeurs te gooi. Omdat die samelewing in hierdie dekade aan kontroversie gewoond was, was dit vir spelers nóg makliker om hulself op hierdie manier met die rugbypubliek te deel.

Die verandering in die tendens soos dit hier beskryf is, is te danke aan die liberalisering van die Suid-Afrikaanse samelewing en letterkunde. Vanaf die laat sestigerjare het die berugte verlig/verkramp-stryd in die Suid-Afrikaanse samelewing afgespeel. Du Pisani verduidelik dat:

> “Die verlig/verkrampstryd van die sestigerjare nie tot die politieke terrein beperk [was] nie. Dit was ’n diepgaande ideologiese stryd wat die volle spektrum van Afrikaner volkslewe oorspan het: die kerklik-godsdienstige lewe, politiek, kultuurorganisasies, letterkunde, sakewêreld, ens.”[271]

Hierdie ideologiese polarisasie en groeiende liberalisme in die samelewing, tesame met die invloed van die Sestigers op die literatuur, het twee gevolge vir populêre rugby geskiedskrywing ingehou – skrywers kon nou meer vryelik die private en persoonlike lewens van rugbyspelers bespreek, en die lesers was ook meer ontvanklik vir sulke tematiek in biografiese werke.

[271] J.A. du Pisani: *John Vorster en die Verlig/Verkrampstryd: ’n Studie van die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere, 1966-1970*, p. 176.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.2.2 Die kwessie van kritiese uitsprake

’n Tweede tendens wat die studie van biografiese werke van Suid-Afrikaanse rugbyspelers openbaar, is die kwessie van kritiese uitsprake. In vroeë werke spreek die biograaf of subjek van die biografie minimaal, indien enigsins, kritiek uit, hetsy teen ’n persoon of instansie. Die werke het egter ontwikkel en stelselmatig begin om subtiele kritiek te gee. In biografiese werke van later jare, en meer spesifiek dié van die 1980s, is daar sterk kritiese uitsprake gemaak. Biograwe het toe geensins probeer om moontlike kontroversie te ontduik nie. In die tydperk van 1948 tot 1995 word daar dus gesien hoe biografiese werke al hoe sterker raak in hul uitspreek van kritiek, en hoe biograwe en spelers met meer vryheid hul eerlike opinies oor belangrike en soms omstrede kwessies begin deel.

In sy outobiografie *Tot siens to Test Rugby* (1954), spreek Hennie Muller byvoorbeeld subtiele kritiek uit teenoor die manier hoe daar finansieel na Suid-Afrikaanse rugbyspelers gekyk is.

> “In point of fact South Africa’s rugby Springboks, entrusted with the upholding of the prestige of our national game, are the worst treated of all sporting teams on an overseas tour…Our rugby men are not after a lump sum or anything like that. What they do want is an expense allowance more in keeping with the present economic conditions. In other words, they want a ‘cost of living’ rise…In the provincial sphere too, I feel players in South Africa are not treated with the consideration they deserve. For instance, I maintain that every player is entitled to a ticket enabling him to park in the official enclosure or ground…I made representations to Mr. Sanderson, the Transvaal rugby chief on this point, and all Transvaal players are now accorded this privilege.”[272]

Alhoewel Muller sy griewe pertinent daarstel, is sy uitspraak steeds subtiel bestemde kritiek in die sin dat dit nie SARR, of enige ander belanghebbende instansie, veroordeel nie. Behalwe vir hierdie voorbeeld uit die enkele werke wat voor die sewentigerjare verskyn het, is daar geen ander voorbeeld waar ’n biografiese werk sulke gereserveerde kritiek uitspreek nie. Die biograwe van die ander werke het hulself weerhou daarvan om enige uitsprake oor moontlike griewe te maak.

In *Frik du Preez – Rugbyreus* (1971) is daar subtiele kritiek wanneer Dr. Hendrik Verwoerd se berugte Loskopdam-toespraak bespreek word. In hierdie toespraak het die destydse Eerste Minister gesê het dat Maori’s nie welkom is op die Nieu-Seelandse toer van 1967 na Suid-Afrika nie. Gouws se kritiek is subtiel wanneer hy skryf dat dié toespraak “gewis die

[272] H. Muller: *Tot siens to Test Rugby*, pp. 191-193.

Springbokke in 'n lastige posisie geplaas" het, synde dat daar gevolglik meer politiek as rugby op die 1965-toer na Nieu-Seeland gesels is.[273] Verder in hierdie boek kom die kritiek ietwat meer direk voor. Oor die Springbokkeurders en hul skommelinge van spanne sê Du Preez dat dit vir hom moeilik is om te begryp hoedat manne wat veronderstel is om rugby te ken, so woes met toetsspanne tekere kon gaan. "Het die mense dan nie besef dat hulle, juis vanweë hul optrede, onsekerheid onder die spelers gesaai het nie?"[274] Alhoewel hierdie kritiek direk gemik was, blyk dit nie só sterk te wees dat dit veroordelend is nie. Ook HO de Villiers se biografie, *HO – A Biography of Courage* (1977) neem by tye 'n kritiese standpunt in:

> "HO, however, had missed four penalty chances at the posts and for his critics, some of them the 'I told you so brigade' of conservatives, some of them the bandwagon jumpers whose views tend to change with the wind, the weather and the score, the fluffed penalties gave them something into which they could get their bitter little teeth."[275]

In die biografie van Flappie Lochner, *Springbok Triomf* (1972), spreek Quintus van Rooyen kritiek uit teenoor die Springbokkeurders:

> "Van beplanning gepraat, as daar een geval was waar ons keurders en rugbybase 'n glips begaan het, dan was dit voor die rampspoedige toer van 1969-70 deur Brittanje. Dit is maklik om nou wys te wees, maar daar is 'n groot fout begaan om nie Springbok proewe voor die kies van die toerspan te hou nie."[276]

Bogenoemde voorbeelde uit die biografieë van die 1970s dui op 'n duidelike beweging in die rigting van biografiese werke wat nie meer skroom om kritiese uitsprake te maak nie. Waar vroeëre werke bykans nooit krities gestaan het teenoor enige rugby verwante, of ander kwessie nie, het werke in die sewentigerjare begin om sterker standpunt in te neem. In die volgende dekade, mees vernaamlik in die outobiografieë van Wynand Claassen en Rob Louw, het die tendens verder ontwikkel en kritiek is nie meer op subtiele wyse uitgespreek nie, maar eerder direk en op die man af.

Wynand Claassen skroom nie om sy griewe uit te lig nie. Oor die Noord-Transvaalse afrigter, Buurman van Zyl, sê Claassen dat, ongeag sy sukses, hy wat Claassen is nie veel van hom as 'n afrigter dink nie.[277] Hy is ook krities oor Noordelikes se kaptein, Thys Lourens. "Although

---

[273] L. Gouws: *Frik du Preez – Rugbyreus*, p. 95.
[274] Ibid., p. 71
[275] N. Leck: *HO – A Biography of Courage*, p. 94.
[276] Q. van Rooyen: *Springbok Triomf: Die merkwaardige Flappie Lochner en sy aandeel in ons rugby*, p. 65.
[277] W. Claassen with D. Retief: *More than just Rugby*, p. 71.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Thys Lourens was a shrewd captain on the field, I would never rate him as a great captain."[278] Ook nie die Walliese skeidsregter Clive Norling, wat die berugte 'meelbom toets' tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland in 1981 waargeneem het, kan Claassen se op die man af kritiek vryspring nie. Claassen beskryf hom as 'n "show off" en alles wat 'n internasionale skeidsregter nié moet wees nie – hopeloos te arrogant en bloot baasspelerig.[279] Claassen se grootste kritiek word egter vir die Springbokafrigter van die 1981-toer, Nelie Smith, gespaar. Daar is 'n hele hoofstuk aan hierdie kwessie gewy, getiteld *That Scrumhalf and I*. Hierin beskryf Claassen hoe hy, na afloop van die toer, 'n brief aan dr. Danie Craven, president van die SARR, gestuur het, aangaande sy ongelukkigheid met Smith se wanoptrede en algemene gebrek aan vaardighede tydens die toer. In 'n sterk bewoorde stuk ontleed Claassen sorgvuldig Smith se optrede op toer.

> "The problem was rather that certain members of the management tried to justify their own conduct as well as their selections to the team; they wanted to cover up what the players already suspected: namely that it was expected of the players to be honest, dedicated and loyal while the same could not be asked of certain members of the management…It was indeed ironical that the majority of the side worked for the good of the team, while others (like Smith) worked for their own image and benefit."[280]

Claassen, te oordeel aan bostaande voorbeelde, is duidelik nie skaam om sy eerlike opinie te lig en direkte kritiek uit te spreek nie. Dieselfde is waar van Rob Louw se outobiografie, *For the Love of Rugby* (1987). Hy sê byvoorbeeld dat hy voel dat die South African Council on Sport (SACOS) die afskaffing van apartheid nie aangehelp het nie, maar eerder vertraag het.[281] In hierdie verband moet daar melding gemaak word van die bron van Louw se opinie. SACOS is in die vroeë sewentigerjare gestig en hul missie was die uitwissing van rassevoorkeur in Suid-Afrikaanse sport. Hulle het gegroei tot 'n groot anti-apartheidsorganisasie wat gepleit het vir die internasionale boikot van Suid-Afrikaanse sport.[282] SACOS het verder die apartheidsregering se konsep van multi-nasionalisme in sport teëgestaan. Hierdie organisasie was van mening dat die veranderinge wat die regering voorgestel het, slegs 'n kamoeflering vir die handhawing van apartheidsideale was. In reaksie op hierdie kritiek het SACOS aangedring op radikale veranderinge in die vorm van nie-

[278] W. Claassen with D. Retief: *More than just Rugby*, p. 73.
[279] Ibid., p. 192.
[280] Ibid., p. 108.
[281] R. Louw with J. Cameron-Dow: *For the love of rugby*, p. 167.
[282] C. Roberts: *No Normal Sport In An Abnormal Society – Struggle For Non-Racial Sport In South Africa: From Apartheid to Sports Unity*, p. 12.

rassige sportorganisasies.[283] Louw se kritiek is nie net gemik op SACOS se ideale nie, maar ook op hul optrede. Daar was 'n spesifieke voorval waar Louw 'n vriend, wat in 'n SACOS-geaffilieerde span gespeel het, gaan ondersteun het. In die stadion is hy deur beamptes gevra om te gaan omdat hy met die SARR geaffilieer was.[284]

Soos Wynand Claassen, is Louw ook baie sterk in sy kritiek van die bestuurspan van die Springboktoer van 1981 na Nieu-Seeland – by tye is die kritiek ook persoonlik gemik. Ondanks sy uitstekende vertoning in die eerste toetswedstryd, is Louw om onverklaarbare redes vir die tweede toets uit die span gelaat, en het hy met die spanbestuurder, Prof. Johan Claassen, daaroor gaan gesels. "I realised that there was no point in arguing with a man who could not accept any other view than his own narrow one."[285] Louw is direk wanneer hy die mees verdoemende kritiek teenoor die bestuur van die 1981-toer uitspreek: "I cannot believe that such a disastrous management team would have been chosen to lead the Springboks in New Zealand in 1981."[286]

In die lig van die sterk kritiek teenoor die bestuurspan van die 1981-toer na Nieu-Seeland, moet daar ook genoem word hoe daar vandag oor hierdie toer nagedink word. Johan Claassen, die spanbestuur wat onder sterk kritiek deurgeloop het, het baie jare later gevoel dat hierdie toer nie die moeite werd was nie. Hy het gesê dat die Springbokke in 'n onmoontlike situasie was en dat geen rugbytoer só belangrik is dat daar die tipe konflik werd was nie. Verder het hy genoem hoe die 1981-toer ook die lewens van talle Nieu-Seelanders ontwrig het. Dit was 'n verdere rede waarom hy van mening was dat die toer in die eerste plek nooit moes plaasvind nie.[287]

Na aanleiding van bogenoemde voorbeelde en besprekings, is dit duidelike dat daar 'n toename in kritiese uitsprake in biografiese werke sedert 1948 was. Daar kan geargumenteer word dat die rede daarvoor was dat die situasie waarin Springbokrugby homself in die tagtigerjare bevind het, al hoe meer uitgeleen het tot sterk kritiek, in vergelyking met byvoorbeeld die goue jare van die 1950s. Skrywers en biograwe wou die sterk invloed wat politieke kwessies op die sport gehad het in hul skrywe daaroor uitbeeld. Só kon die lesers 'n beter beeld en idee kry van hoe die sport werklik in 'n nuwe fase was.

---

[283] C. Roberts: *No Normal Sport In An Abnormal Society – Struggle For Non-Racial Sport In South Africa: From Apartheid to Sports Unity*, p. 57.
[284] R. Louw with J. Cameron-Dow: *For the love of rugby*, p. 166.
[285] Ibid., p. 128.
[286] Ibid., p. 57.
[287] E. Griffiths: *The Captains*, pp. 315-316.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan die ander kant sal só ’n argument egter ongeldig wees, aangesien dit bykans onmoontlik is vir elke speler om ten volle gelukkig en sonder enige griewe te wees. Of die speler ’n Springbok was gedurende die onoorwonne gloriejare van die 1930s, en of hy ’n Springbok tydens die stormagtige 1980s was, dit is waarskynlik dat hy geen griewe sou gehad het nie. Skrywers en spelers het dit in latere jare net makliker gevind om oor hul griewe te skryf, aangesien die leserspubliek meer ontvanklik daarvoor was. In die vorige afdeling is daar uitgebrei oor hoe die liberalisering van die Suid-Afrikaanse samelewing lesers meer ontvanklik vir persoonlike detail gemaak het. Dieselfde geld vir die uitspreek van kritiek – die publiek van die tagtigerjare was meer voorbereid daarvoor. In die 1980s is Suid-Afrika oorheers deur polities verwante kwessies en koerantopskrifte. Die publiek was gewoond aan kontroversie en kritiek. Hierdie situasie het gevolglik die geleentheid geskep vir skrywers van rugbybiografieë om ook in hul werke sterk kritiek uit te spreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.2.3 Biografiese werke as monumente van prestasie

Biografiese werke het vir die drie dekades sedert 1978 gedien as monumente van die spelers se prestasies. Dit wil voorkom asof een van die hoof doelstellings van hierdie versameling werke was om die betrokke subjek se prestasies op die rugbyveld pertinent onder die aandag van die leser te bring, en die spelers só as helde te vereer. Daarteenoor het die biografiese werke sedert die tagtigerjare nie hierdie doelstelling gehad nie. Daar was nie meer 'n spesifieke fokus op die speler se rugbyprestasies en heldestatus nie. Dít beteken nie dat spelers nie meer helde of groot figure was nie, want daar het immers biografiese werke oor hul lewens verskyn. Dit wil egter voorkom asof daar 'n baie duidelike verskuiwing in skrywers se fokus was, en dat hulle die leser se aandag toe eerder wou let op ander kwessies as slegs die spelers se heldestatus.

In *Ek speel vir Suid-Afrika* (1949) is Danie Craven baie pertinent wanneer hy na sy uitmuntende rekords verwys. Wanneer hy verwys na die Springbokke van 1931-32 wat na Brittanje getoer het, waarvan hy deel was, som hy hul prestasies as volg op: "Ons het 26 wedstryde gespeel, twee gelykop en slegs een verloor. Daarby het ons ál vier toetse gewen. Dis die beste rekord van enige Suid-Afrikaanse toerspan."[288] Voor hy begin met die hoofstuk oor die Britse Leeus van 1938 se Suid-Afrikaanse toer, verwys Craven na die Springbokke van die voorafgaande jare se rekord: "Ons het nou na mekaar die volgende spanne gewen: Wallis, Ierland, Engeland, Skotland, die Wallabies en die All Blacks."[289] Hy verwys op 'n manier na die Springbokke se wenrekord dat dit voorkom asof hy dit soos trofeë in sy outobiografie uitstal – voorwaar 'n monument van prestasie.

Reeds in die voorwoord van Hennie Muller se *Tot siens to Test Rugby* (1954) sê Danie Craven hoe hierdie boek veronderstel is om te dien as 'n herinnering aan Muller se uitstekende vermoë en puik rekord.[290] Hierdie outobiografie is verder deurspek met voorbeelde waar Muller koerantartikels en rugbyboeke oor sy beste vertonings op die rugbyveld aanhaal. Hy sluit byvoorbeeld 'n beskrywing in van homself in Winston McCarthy se *All Blacks on Trek Again*, wat die Nieu-Seelanders se toer in 1949 na Suid-Afrika in oënskou neem:

[288] D. Craven: *Ek speel vir Suid-Afrika*, p. 102.
[289] Ibid., p. 229.
[290] H. Muller: *Tot siens to Test Rugby*, Foreword.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "[No] forward meant more to the South Africans than did that menace of menaces, Hennie Muller. He was here, there and everywhere, both on attack and defence. And he must be rated among the great backrow forwards of all time."[291]

A.C. Parker se *Giants of South African Rugby* (1956) toon ook hierdie tendens om as monument tot spelers se prestasies te dien. In die voorwoord verklaar die skrywer hoe dit die doelwit van die boek is om die jongspan se bewondering vir en verering van hierdie spelers, wat die grondslag van Springbokrugby se prestige gelê het, te stimuleer.[292] Die wyse waarop Parker dan die geselekteerde spelers beskryf, is om grotendeels op hul unieke rugbyvermoëns en uitstaande prestasies te konsentreer. Spelers word met die hoogste agting en lof beskryf in hul onderskeie hoofstukke wat dien as 'n monument tot elkeen se kwaliteite en prestasies.

In Quintus van Rooyen se biografie oor Flappie Lochner, *Springbok Triomf* (1972), staan daar op die eerste bladsy reeds geskryf hoe Lochner "'die man van die oomblik' [was] – 'n groot speler en 'n nog groter keurder."[293] Die boek wat met hierdie woorde begin, gee 'n leidraad oor die moontlike doelwit daarvan – om te dien as 'n monument van Lochner se grootsheid as speler en keurder. Hierdie werk bevat ook voorbeelde van waar die skrywer aanhalings uit koerante gebruik om aandag te vestig op Lochner se uitstekende prestasies op die rugbyveld.[294] Van Rooyen skryf verder hoe, "net soos in 1937, daar in die uur van krisis 'n man soos Flappie Lochner [was]."[295] Deur sy biografiese subjek as 'n man 'in die uur van krisis' te beskryf, impliseer Van Rooyen die heldestatus van Lochner. Ter verduideliking: soos daar in die afdeling oor heldeverering van spelers vroeër genoem is, baseer Sidney Hook sy teorie oor die ontstaan van 'n held in die geskiedenis op die verskynsel van die regte man in die uur van krisis. 'n Tydperk van krisis wakker die behoefte aan 'n held aan, en hierdie twee konsepte is interafhanklik van mekaar.[296] Van Rooyen skep met hierdie biografie dus nie net 'n monument vir Flappie Lochner se prestasies as speler en keurder nie, maar hy vereer hom ook as held.

Die ophemeling van 'n speler as held kom in geen biografiese werk só pertinent voor as in Leon Gouws se *Frik du Preez – Rugbyreus* (1971) nie. Gouws beskryf Du Preez as "die held

---

[291] H. Muller: *Tot siens to Test Rugby*, p. 80.
[292] A.C. Parker: *Giants of South African Rugby with a Report on the 'Lions'*, p. xii.
[293] Q. van Rooyen: *Springbok Triomf: Die merkwaardige Flappie Lochner en sy aandeel in ons rugby*, p. 1.
[294] Ibid., pp. 18-19.
[295] Ibid., p. 3.
[296] S. Hook: *The Hero in History: A Study in Limitation and Possibility*, pp. 3-13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Pretoria, nee, van die ganse Republiek".[297] Hy bespreek ook breedvoerig hoe Du Preez, na afloop van die Curriebeker-eindstryd van 1969 tussen Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie, "op die skouers van sy mense, en op vererende hande" na die kleedkamer gedra is.[298] Die ophemeling van Frik du Preez as 'n held is van só aard dat dit herhalend word. Deurgans word daar na hom as die held van die Noorde, die held van Noord-Transvaal en Pretoria se held verwys.[299] Dit blyk dus duidelik te wees dat die skrywer 'n doelbewuste veldtog lei om Du Preez se biografie, deur middel van heldeverering, in 'n monument van prestasie en uitnemendheid te omskep.

Hierdie biografie het verskyn in 'n tydperk van Suid-Afrika se geskiedenis waar rugby 'n sterk samebindende faktor onder Afrikaners geword het. Die volksfeeste waar Afrikaners voorheen bymekaar gekom het, het toenemend sy samebindende krag verloor weens die land se krisisse. Rugby het nie slegs sy bekoring behou nie, maar ook as kulturele fenomeen gegroei.[300] Rugbyspelers, en nie meer politici nie, was die nuwe nasionale helde. Dit is in hierdie lig dat Leon Gouws se ophemeling van Frik du Preez as held bloot tekenend van hierdie tydsgees was.

In Neville Leck se *HO – A Biography of Courage* (1977) is daar enkele gevalle waar pertinent op HO de Villiers se prestasies gefokus word. Dít doen die skrywer deur middel van aanhalings uit koerante en met die woorde van medespelers wat De Villiers prys.[301] Sulke voorbeelde is daar in hierdie werk egter weinig van, en in die werke wat in die volgende dekade sou verskyn, bykans geen. Die uitsondering is wanneer Dan Retief, die sogenaamde spookskrywer van Wynand Claassen se outobiografie, *More than just Rugby* (1985), die Springbokkaptein as volg beskryf:

> "Claassen cut a magnificent figure of the conquering hero as he faced the disbelieving Press in the dungeon-like battleship-grey dressing room. Muddied from top to toe (it was even caked in his moustache) his jersey hanging over his shorts and steam rising from his shoulders."[302]

Behalwe vir hierdie enkele grafiese beskrywing van hom as held, is daar geen ander gevalle in hierdie werk waar Claassen na sy eie prestasies of heldestatus verwys nie. Dieselfde geld

---

[297] L. Gouws: *Frik du Preez – Rugbyreus*, p. 23.
[298] Ibid., p. 134.
[299] Ibid., p. 121, p. 127, p. 140.
[300] A. Grundlingh: "Playing with purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c1900–c1989". Unpublished paper, University of Stellenbosch, 3 June 2013, pp. 20-21.
[301] N. Leck: *HO – A Biography of Courage*, pp. 178-179.
[302] W. Claassen with D. Retief: *More than just Rugby*, p. 176.

ook Rob Louw se outobiografie, *For the love of Rugby* (1987). Daar is ook geen poging van Louw om sy prestasies pertinent uit te lig nie, in kontras met byvoorbeeld Danie Craven en Hennie Muller in hul outobiografieë van etlike jare vroeër. In die tagtigerjare het daar dus ’n einde gekom aan die tendens van biografiese werke om as monument van prestasie en verering te dien. Die werke het ’n nuwe rigting ingeslaan, in die styl van ’n meer persoonlike vertelling oor die rugbyspeler se lewe, beide op en van die veld af. Die doel van die biografie was nie meer soseer om as ’n monument van prestasie te dien nie.

Hierdie tendens, soos dit in werke vanaf 1948 tot die sewentigerjare voorgekom het, is tot ’n mate met die 19’de eeuse model van die biografie vergelykbaar. Werke van laasgenoemde tydperk, sowel as die rugbybiografieë wat hier ondersoek is, idealiseer die biografiese subjek se prestasies. Die rede daarvoor is moontlik dat daar ’n poging aangewend is om die spelers as helde te vereer, en dat hulle, weens hul uitsonderlike prestasies, bo die normale of die alledaagse uitgestyg het. Daar is byvoorbeeld oor Frik du Preez geskryf dat hy, weens die feit dat hy ’n uitsonderlike sportman is, oor die vermoë beskik “om soms te bewys dat aanvaarde beginsels en teorie nie altyd vir almal geld nie.”[303] Hierdie idealisering van rugbyspelers en hul prestasies lei daartoe dat hulle foutlose reputasies ontwikkel. Gepaard met die feit dat hierdie vroeë biografiese werke geen kritiese besprekings oor hul menswees bevat het nie, sorg uiteindelik daarvoor dat hierdie rugbymanne se reputasies nie net in stand gehou word nie, maar ook op ’n positiewe manier bevorder word. Rugbybiografieë, soos dit hier bespreek is, deel ’n kerneienskap met die 19de eeuse biografie – die idealisering van prestasies en die beskerming van ’n foutlose reputasie.[304]

[303] L. Gouws: *Frik du Preez – Rugbyreus*, pp. 45-46.
[304] N. Hamilton: *Biography: A Brief History*, pp. 114-115.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.2.4 Danie Craven in vier biografieë

Buiten sy outobiografie *Ek speel vir Suid-Afrika* (1949), is daar vier verskillende biografieë oor die lewe van Danie Craven. Dit is onderskeidelik geskryf deur Bun Booyens (1975), Hennie Gerber (1982), Ted Partridge (1991) en Paul Dobson (1994). Aangesien dit in verskillende fases van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse rugbybiografie verskyn het, is daar etlike onderlinge verskille sigbaar. Hierdie verskille gaan egter oor meer as net die verskille in inhoud.[305] Met enkele uitsonderings, sal daar nie te veel op inhoudelike verskille gekonsentreer word nie. Wat vir hierdie studie egter van belang is, is die *wesenlike* verskille wat daar tussen hierdie vier biografieë bestaan.

Bun Booyens se *Danie Craven* (1975) fokus hoofsaaklik op Craven se roemryke rugbyloopbaan, asook, alhoewel in ’n mindere mate, op sy persoonlikheid. Die biografie is ’n rigiede chronologiese en liniêre vertelling van die subjek se lewe soos dit afgespeel het. Die outeur bespreek in diepte Craven se verbintenis met rugby vanaf sy jong lewe op Lindley in die Vrystaat, sy jare as Matie op Stellenbosch, as Springbok op die internasionale speelveld, en uiteindelik as rugby-administrateur. Soos dit met ander biografieë in die vorige afdeling bespreek is, wil dit voorkom asof dit die doel van die skrywer is om sy biografiese subjek se rugbyprestasies en -loopbaan te prys. Booyens maak deurgans gebruik van aanhalings uit mediaberigte en onderhoude met medespelers en opponente om Craven só te prys.[306] Verder word wedstryde waarin Craven gespeel het, in groot detail en op verhalende wyse beskryf.

In die chronologiese vertelling van sy lewensverloop, staan Craven se persoonlikheid deurgans sentraal. Booyens lê deurgans klem op sy karaktereienskappe. In sy hoedanigheid as onderwyser, word hy as volg beskryf:

> “As onderwyser en seunsvriend was Craven voorwaar ’n model…Sy kollegas en leerlinge uit St. Andrews se dae het deur die jare diep beïndruk gebly deur sy besondere gawes as onderwyser: die takt, humorsin, platjieagtigheid, werkvermoë, geesdrif, leierskap en skoon lewe van die man.”[307]

---

[305] Die eerste drie werke het verskyn terwyl Craven nog geleef het, met Dobson se biografie wat uitgegee is na sy afterwe in 1993. Dit is natuurlik dat daar inhoudelike verskille in al vier biografieë sal voorkom. Soos Craven ouer geword het, is al sy nuwe lewenservaringe in die mees onlangse biografie vervat. Dit is dan ook vanselfsprekend dat Dobson met nadenke oor Craven se lewe kon kyk, vanweë die jaar waarin dit gepubliseer is, en gevolglik anders oor hom sou skryf.

[306] B. Booyens: *Danie Craven*, pp. 62-63.

[307] Ibid., p. 95.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer daar na Craven se dae in die Suid-Afrikaanse weermag gekyk word, word sy eienskappe van menslikheid, strengheid, regverdigheid, billikheid, vertroue en vaderlike simpatie aan die leser uitgelig.[308] Alhoewel Booyens Craven se persoonlikheid sentraal stel, is daar egter weinige besprekings oor sy persoonlike lewe. Die afsterwe van Craven se vader word byvoorbeeld in 'n enkele paragraaf genoem, en die invloed daarvan op sy persoonlike lewe word tot slegs 'onverwags en tydelik ontwrigtend' gereduseer.[309] In vergelyking met ander biografiese werke uit die sewentigerjare, deel Booyens se biografie dus die tendens van 'n fokus op die man beide op die veld en daarvan af, met die meeste van die klem steeds op die man as rugbyfiguur.

'n Ander eienskap van hierdie werk is dat dit klaarblyklik vanuit 'n bepaald Afrikaner en Christelike standpunt geskryf is. Daar word telkens 'n beeld van Craven as "Christen-sportman" geskep.[310] Booyens se invalshoek is baie duidelik wanneer hy Craven en sy Springbok-spanmaats van 1931-32, J.N. Bierman en André MacDonald, beskryf as:

> "…kerngesonde Afrikanerseuns wat in elke opsig 'n onberispelike voorbeeld gestel het. In hul wese was hulle ernstige jong manne met 'n sterk behoudende lewensbeskouing. Hul pret was altyd skoon en ter wille van plesier. Craven en MacDonald was op pad preekstoel toe, en hulle het as lede van die toergroep 'n uiters gunstige beeld van die Christelike sportman vertoon."[311]

Die rede daarvoor is Booyens (1916 – 2010) se noue verbintenis met die Afrikaner. Nie net was hy self 'n Afrikaner nie, maar hy het, in verskeie stadiums van sy lewe, hoë posisies in oorwegend Afrikaner-instansies beklee. Naas geskiedskrywer was hy ook die voorsitter van die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, 'n lid van die onderrigkomitee van die Minister van Nasionale Onderrig en, van 1968 tot 1981, departementshoof van die Departement van Afrikaanse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch.[312] Dit is dan net natuurlik dat Booyens se Afrikaner-oortuigings in sy biografie van Danie Craven sou manifesteer.

Booyens sluit die biografie af met 'n hoofstuk wat spesifiek na Danie Craven die mens kyk. In teenstelling met ander biografieë van die sewentigerjare, is hier'n meer gefokusde blik op die persoon van die rugbyveld af. Hierdie hoofstuk figureer hoofsaaklik steeds binne die milieu van rugby, maar weens die lewe wat Craven gelei het, is dit onvermydelik. Hier word

[308] B. Booyens: *Danie Craven*, p. 133.
[309] Ibid., pp. 86-87.
[310] Ibid., p. 109.
[311] Ibid., p. 53.
[312] R. Breuer: *Bun Booyens, 1916-2010*. Beskikbaar by: http://www.stellenboschwriters.com/booyensb.html

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld gekyk na Danie Craven die openbare spreker, sy leergierigheid en sy oplettende oog as navorser en skrywer, sy hoë werkvermoë, sy politieke ideologie en sy liefde vir stories vertel.[313] Alhoewel Booyens in hierdie hoofstuk na Craven buite sy rugbylewe kyk, is dit egter steeds nie só persoonlik van aard soos Hennie Gerber se *Craven* (1982) nie.

Wesenlike verskille tussen die werke van Booyens en Gerber is min. Die een aspek waarin Gerber se werk verskil van dié van Booyens, is wat die vlak van persoonlikheid, oftewel die persoonlike kleur van die biografie, betref. Gerber kyk in meer diepte na Craven se persoonlike en innerlike lewe. Hy delf byvoorbeeld onder die oppervlak van sy uiterlike persoonlikheid, en bespreek sy menseverhoudings met van sy naastes: "Hoewel daar, soos Danie self getuig het, nooit daardie intieme vader-seun verhouding tussen hom en sy pa was nie, het Oom Jim se heengaan tog 'n geweldige leemte in sy lewe gelaat."[314] Craven se dogter, Joan Roux, deel meer oor sy vaderlike rol:

> "Ek het nooit die indruk gekry dat hy nie 'n liefdevolle pa is nie, maar hy is nie iemand wat jou op die skoot geneem het en sommer net omhels het nie. Tog was ons altyd van sy liefde vir ons bewus. Vandag hou hy hom miskien afsydig van ons, maar hy mis ons tog as ons nie by hom kom nie. Ons kry hom natuurlik selde by sy huisie."[315]

Daar staan ook verder: "Danie erken ruiterlik dat hy 'n vrot pa is in dié sin dat hy sy kinders baie liefhet, maar dit nie toon nie. Hulle moet dit self aflei…En as hy 'n vrot pa is, is hy 'n nog vrotter oupa, erken hy, want hy neem sy kleinkinders nooit op sy skoot om hulle te vertroetel nie."[316] Hierdie voorbeelde dui op hoe Gerber, anders as wat Booyens in sý werk gedoen het, onder die oppervlak van die persoon ondersoek instel na sy mees innerlike menseverhoudings. Dit is hierdie neiging van Gerber wat aan hierdie biografie 'n baie persoonlike kleur verleen.

'n Verdere verskil tussen die werke van Booyens en Gerber is in die inhoud daarvan te vinde. Die verskil kom voor in die manier hoe hierdie twee skrywers die rol van geloof en die kwessie van alkoholgebruik in Danie Craven se lewe beskryf. Daar is reeds genoem hoe Booyens se biografie vanuit 'n sterk Christelike perspektief geskryf is. Die gevolg daarvan is dat daar deurgans sterk klem gelê word op Craven se sterk geloof en sy lojaliteit teenoor die kerk. Booyens het Craven verder ook konstant as 'n geheelonthouer uitgebeeld en etlike kere

[313] B. Booyens: *Danie Craven*, pp. 190-213.
[314] H. Gerber: *Craven*, p. 70.
[315] Ibid., pp. 237-238.
[316] Ibid., p. 283.

sy "sobere lewenswandel" aangeraak: "Wat wel saak gemaak het, was dat Craven 'n Christen sportman met 'n getuienis was, dat hy – soos mnr. Philip Nel dit onthou – iemand was 'wat sober en skoon op die toer gelewe het…'"[317] Booyens skryf ook hoe Craven se plek Sondae in die NG Kerk selde leeg was.[318] Alhoewel Gerber hom ook as 'n toegewyde Christen beskryf, bevat sý werk egter 'n verhaal wat in dié van Booyens ontbreek. Hy vertel die storie van Craven se ontnugtering met en teleurstelling in die NG Kerk. Dit het gebeur in Pretoria toe hy een Sondag met sy weermaguniform kerk toe is, en almal van hom af weggeskuif het omdat hulle nie, soos hy, Suid-Afrika se betrokkenheid in die Tweede Wêreldoorlog gesteun het nie.[319] Hierdie gebeurtenis het 'n blywende indruk op Craven se geloof gelaat. Gerber skryf hoe hy hierna steeds 'n godsdienstige mens en egte Christen met hoë etiese norme was, maar dat hy geen gereelde kerkganger meer was nie.[320] In skrille kontras met Booyens se beeld van Craven as geheelonthouer, skryf Gerber egter hoe hy wél somtyds 'n drankie geniet het:

> "Dok het baie jare lank feitlik nie sterk drank gebruik nie en daar was 'n tyd in sy loopbaan dat hy streng daarop aangedring het dat sy spelers nie moet drink nie. Hy wonder of hy op al die toere wat hy meegemaak het ooit 'n tweede bier gedrink het. Af en toe drink hy 'n sopie brandewyn, want dit laat hom ontspan. Hy het eers nie wyn gedrink nie, 'maar toe Fritz Eloff en Johan Claassen die Springbokke in 1974 Frankryk toe neem en ek my later by hulle aansluit, het ek kennis gemaak met die goeie Bordeaux wyne. Vandag nog hou ek van goeie wyn, wit in die somer en rooi in die winter, behalwe by middagetes wanneer ek altyd wit drink."[321]

Ongeag hierdie inhoudelike verskille, asook die feit dat Gerber se werk by tye in meer diepte as Booyens s'n na Danie Craven se persoonlike lewe kyk, is hierdie twee werke wesenlik nie veel verskillend nie. Ted Partridge se lewensbeskrywing van Danie Craven, *A Life in Rugby* (1991), het egter 'n verskillende inslag as dié van die twee bogenoemde.

Waar die werke van beide Booyens en Gerber die lewensverhaal van Danie Craven in sy totaliteit probeer skets, handel Partridge se biografie minder oor die mens en meer die rol wat Craven in belangrike rugbykwessies gespeel het. In hierdie biografie is Craven se rugbyloopbaan, sy persoonlike lewe en sy karakter nie soseer die sentrale fokuspunt nie. Alhoewel hierdie aspekte wél aandag geniet, is Partridge se primêre fokus eerder op Craven

[317] B. Booyens: *Danie Craven*, p. 169, p. 109.
[318] Ibid., p. 127.
[319] H. Gerber: *Craven*, pp. 120-121.
[320] Ibid., p. 250.
[321] Ibid., pp. 226-227.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se betrokkenheid by rugby-administrasie en politieke kwessies wat die sport affekteer. In die inleiding noem die skrywer pertinent waaroor hierdie biografie handel:

> "Craven and Dr Louis Luyt, the President of the Transvaal RFU, held a couple of meetings with leaders of the ANC in the Harare Sheraton Hotel over an evening and the following morning…When Doc returned and we discussed those totally secret meetings in the Sheraton, the germ of the idea for this book was born. A book cannot be written merely about a couple of meetings held two years ago, however, so in consultation with Dr Craven much of the book was arranged around what happened there, plus the build-up which led to those historic meetings."[322]

Partridge noem verder in die inleiding die belangrike kwessies wat in die boek te vinde is – Craven se reaksie op Eerste Minister Hendrik Verwoerd se berugte Loskop Dam-toespraak waarin hy Maori's verbied het om in 1967 na Suid-Afrika te toer; hoe hy dit reggekry het om die regering sy standpunt oor 'gemengde' rugby te laat verander; die verhouding tussen SARR en SARU; sy dae as President van die SARR; sy kontak met die Broederbond; en hoe hy 'n integrale rol gespeel het in die stigting van die SARR se afrigtingsklinieke en die "Grounds and Facilities Scheme".[323] Daar word dus van meet af gestel dat die biografie se hooffokus nie Danie Craven se menswees is nie, maar eerder sy aandeel aan sekere belangrike kwessies, veral politiek, wat Suid-Afrikaanse rugby in sy tyd beïnvloed het.

Anders as Bun Booyens en Hennie Gerber, beskryf Partridge nie Craven se lewensverloop óf rugbyloopbaan in groot detail nie. Hy verwys slegs na enkele belangrike wedstryde waarin hy oor die jare gespeel het. Ook die tydperk tussen 1931, die jaar waarin hy sy Springbokkleure verwerf het, en 1938, toe hy by die Suid-Afrikaanse weermag aangesluit het, word kortliks opgesom: "In the six years since the 1931/2 tour to Britain he had won his doctorate in Anthropology, became a schoolteacher and played rugby for three different provinces." Partridge verkies om, in stede van 'n beskrywing van Craven se persoonlike lewe tydens sy Europese reise en jare in die weermag, eerder breedvoerig te skryf oor sy afkeur van Nazi Duitsland en die politiek agter die Liggaamsopvoedingsbataljon (LOB), waarvan hy die bevelvoerende offisier was. Booyens en Gerber het byvoorbeeld uitgebrei oor Craven se rugbyloopbaan in Noord-Transvaal en sy bestuur van die LOB se rugby, waarteenoor Partridge eerder vanuit 'n politieke uitgangspunt skryf.

Politiek, en die invloed daarvan op Suid-Afrikaanse rugby in die jare wat Craven aan die hoof van die SARR gestaan het, is deurgans die fokusarea van hierdie biografie. Daar is

---

322 T. Partridge: *A Life in Rugby*, p. 3.

323 Ibid., pp. 3-5.

hoofstukke wat spesifiek aan hierdie kwessies aandag skenk – hoofstukke 7 ("SARB President…and contact with the Broederbond"), 10 ("Fighting with Vorster"), en 13 ("Meeting the ANC: the Harare Indaba").[324] Behalwe vir politieke kwessies, lê die skrywer ook baie klem op die werk wat Craven gedoen het tydens sy jare as president van die SARR. Hy brei byvoorbeeld uit oor hoe Craven die SARR se finansiële posisie verbeter het[325], en hoe hy gewroeg, en uiteindelik daarin geslaag het om aan die SARR sy eie hoofkantoor te gee.[326] Craven se reuse aandeel aan die stigting van afrigtingsklinieke op die platteland word ook deeglik bespreek.[327] Deur die loop van al hierdie besprekings ontbreek daar egter 'n in diepte blik op sy menswees. Partridge skryf deurgans oor die groot rol wat Danie Craven in die bevordering van Suid-Afrikaanse rugby gespeel het, eerder as wat hy die biografiese subjek se lewensverloop skets. Daar kan dus gesê word dat *A Life in Rugby* die lewe van Danie Craven in 'n professionele hoedanigheid, en nie soseer in 'n persoonlike hoedanigheid nie, beskryf. Alhoewel dit moontlik in kontras staan met wat die leser in 'n biografie verwag, is dit steeds 'n waardevolle stuk werk. Tot voor die publikasie van hierdie boek in 1991, het daar geen werk bestaan wat in soveel detail na Craven se aandeel aan Suid-Afrikaanse rugby gekyk het nie.

Danie Craven het op Maandag 4 Januarie 1993 in Stellenbosch gesterf. Sy heengaan het 'n groot leemte in Suid-Afrikaanse rugby gelos. Dit het egter ook aan biograwe die geleentheid gebied om met die voordeel van nakennis sy lewensverhaal te vertel. Dit is in hierdie lig dat Paul Dobson se *Doc – The life of Danie Craven* in 1994 verskyn het. Hierdie is moontlik die beste van die vier biografieë oor Danie Craven se lewe. Dobson is deeglik en gedetailleerd in sy beskrywing van Craven se lewe, beide in 'n persoonlike en professionele hoedanigheid.

Dobson se biografie volg 'n tematiese benadering tot Craven se lewensverloop. Alhoewel sy lewe chronologies bespreek word, stipuleer die skrywer die belangrike fases van Craven se lewe en bespreek dit dienooreenkomstig in detail. Hy kyk byvoorbeeld na Craven in sy hoedanigheid as Stellenbosse student, rugbyspeler, onderwyser, afrigter, keurder, president van die SARR en skrywer. Ongeag watter faset van Craven se lewe, Dobson laat nooit Craven se menswees uit die oog nie.

[324] T. Partridge: *A Life in Rugby*, pp. 68-89, pp. 98-107, pp. 130-144.
[325] Ibid., pp. 74-75.
[326] Ibid., pp. 80-88.
[327] Ibid., pp. 118-129.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met behulp van enkele voorbeelde kan daar gesien word hoe Dobson aandag skenk aan verskeie fasette van Craven se lewe, en deurgans steeds sy menswees sentraal stel. In sy bespreking oor Craven as student, beide op skool en aan die Universiteit van Stellenbosch, word daar byvoorbeeld gelet op sy selfvertroue as mens, sy honger vir studies en kennis, sowel as sy begeerte om altyd sy opinie uit te spreek.[328] Dobson skryf ook hoe Craven se studies meegebring het dat hy die gewoontes van die filosoof aangeleer het en regdeur sy lewe probeer toepas het – die soeke na waarheid, die uitskakeling van foute en die verwerwing van kennis.[329]

In ’n hoofstuk gewy aan A.F. Markötter, bespreek Dobson die invloed wat eersgenoemde op Craven gehad het. Benewens die feit dat Oubaas Mark van Craven ’n Springbok in 1931 gemaak het, skryf Dobson ook hoe hy ’n bepalende rol gespeel in die vorming van Craven se persoonlikheid en waardes, deur deurgans ’n voorbeeld vir die jong Craven te wees.[330] Oubaas Mark se invloed op Danie het dus verder gestrek as slegs die rugbyveld, en opvallend genoeg, is dit ook die aard van hierdie biografie. Dobson gee ’n gedetailleerde beskrywing van Craven se lewe beide op die veld én daarvan af.

Die voorlaaste hoofstuk van die biografie handel uitsluitlik oor Craven as mens. Dobson skryf dat:

> “Danie Craven was human. That is stating the obvious, and yet many people’s expectations of him were exaggerated enough to suggest that his abilities were superhuman. As a human being he made mistakes. As a human being there were unlovely times and aspects of his life. Whether it is worthwhile going into every detail of this is highly doubtful, even in these days of biographic iconoclasm.”[331]

Die skrywer is dus nie onbewus van Craven se swakhede as mens nie, maar verkies om dit nie te bespreek nie. Dit skep die vermoede dat hy met hierdie biografie Craven se reputasie wil beskerm. Ongeag sy motivering vir hierdie werk, skep hy ’n gedetailleerde beeld van Craven se lewe. Waar Craven se menswees aandag geniet, soos dit in die voorbeelde hierbo gesien word, handel ander hoofstukke weer byvoorbeeld grotendeels oor Craven se lewe in rugby. Sy loopbaan as Springbok word in groot detail beskryf, deurgans aangevul met statistiese rekords.[332] Só ook word sy periode as rugby-administrateur ondersoek, met

[328] P. Dobson: *Doc – The life of Danie Craven*, p. 21.
[329] Ibid., pp. 37-38.
[330] Ibid., p. 39.
[331] Ibid., p. 250.
[332] Ibid., pp. 48-73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskrywings van hoe hy daarvan groot sukses oor die jare heen behaal het.[333] Soos in die vorige drie biografieë oor hom, word Craven se opvattings oor en kontak met die Broederbond hier ook vervat.[334]

Daar word gevolglik na Danie Craven se lewe in sy totaliteit na gekyk – alles van student tot rugbyspeler, van rugby-administrateur tot sy verhouding met Suid-Afrikaanse politiek. Deur verskeie fasette van sy lewe in detail te ondersoek, bring Dobson ’n balans in die inhoud van hierdie biografie teweeg. Só skets hierdie biografie ’n breër en helderder beeld van Danie Craven se lewe as enige een van die vorige drie. Dit is egter moontlik te danke aan die feit dat dit verskyn het ná Craven se dood, en Dobson met die kennis van nawete na sy subjek se lewe kon kyk. Die skrywer skep só ’n gedetailleerde beeld van nie net Danie Craven self nie, maar ook van sy betrokkenheid by Suid-Afrikaanse rugby in die breë.

Hierdie studie van die vier biografieë oor Danie Craven het aan die lig gebring hoe verskillende skrywers dieselfde lewe, elk op sy eie manier, beskryf. Die hooffokus van Bun Booyens se biografie is hoofsaaklik Craven se loopbaan in rugby, beide as speler en as administrateur, met weinige aandag aan sy persoonlike lewe. Hennie Gerber se werk deel hierdie eienskap, maar het meer ondersoek na Craven se persoonlike lewe begin doen. Hy het byvoorbeeld na sy menseverhoudinge en karaktereienskappe verwys. Ted Partridge se biografie verskil grootliks van die vorige twee. Sý werk is geskryf vanuit ’n meer politieke perspektief, eerder as vanuit ’n persoonlike perspektief. Hy het die klem laat val op Danie Craven se betrokkenheid by politieke kwessies wat Suid-Afrikaanse rugby gedurende sy leeftyd beïnvloed het. Die laaste biografie, dié van Paul Dobson in 1994, het daarin geslaag om ’n goeie geheelbeeld van Craven se lewe te skets. Hy het sy lewe tematies beskryf deur in diepte te fokus op Craven beide as ’n rugbyfiguur en mens. Daar bestaan dus wesenlike verskille tussen al vier hierdie biografiese werke.

---

[333] P. Dobson: *Doc – The life of Danie Craven*, pp. 136-195.
[334] Ibid., pp. 131-135.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Slot

Die doel van hierdie studie was om ’n gedetailleerde studie van tendense en tematologie in populêre Suid-Afrikaanse rugbygeskiedskrywing vir die tydperk 1948 tot 1995 te doen. Die twee hoof vorme van hierdie geskiedskrywing, naamlik algemene rugbygeskiedenisboeke en biografiese werke, is in diepte nagevors en bestudeer, waarna verskeie tendense vasgestel en bespreek is.

Met die ondersoek wat na algemene rugbygeskiedenisboeke ingestel is, blyk dit dat werke voor die sewentigerjare besonder kenmerkende tendense reflekteer het. Hierdie tendense het die hoofsaaklik blanke Afrikanergemeenskap van Suid-Afrika weerspieël, weens die feit rugby in hierdie jare as ’n blanke sport geag is. Daar is geskryf hoe die Suid-Afrikaanse Rugbyraad deur sommige as die groot bastion van die Afrikanerdom beskou is.[335] Werke wat gedurende hierdie jare verskyn het, is gekenmerk deur hul verhalende kroniekstyl en die landelike beeld wat dit van die spel geskep het. Baie van hierdie werke het ook ’n nasionalistiese ondertoon gehad, terwyl daar gereeld op die patriargale aard van die spel klem gelê is. Verder is daar etlike Bybelse- en ander verwysings na geloof in sulke werke te bespeur.

In die sewentigerjare het hierdie tendense egter stelselmatig begin kwyn, en nuwe tendense het in die populêre rugbygeskiedskrywing gemanifesteer. Dit was wel ’n tydperk van oorgang, wat beteken het dat sekere van die pre-1970 tendense steeds in populêre werke ná hierdie tydperk kop uitgesteek het. Sulke gevalle was egter in die minderheid.

Die redes vir die verandering in die tendense van rugbygeskiedskrywing was heel moontlik die betogings teen en latere isolasie van die Springbokke op die internasionale speelveld, asook die koms van die televisie in 1976. Laasgenoemde verskynsel het teweeggebring dat die publiek op ’n nuwe manier, anders as slegs in rugbygeskiedenisboeke en koerante, toegang tot rugby kon verkry.

Die nuwe tendense wat in algemene rugbygeskiedenisboeke prominent geraak het, is eerstens die kontrasterende benadering van skrywers tot internasionale betogings en isolasie. Waar sekere skrywers die betogers en hul optrede gekritiseer en veroordeel het, het ander skrywers, deur meer diplomaties met die kwessie om te gaan, eerder die idee geskep dat rugby oor

[335] R. Louw with J. Cameron-Dow: *For the love of rugby*, p. 168.

politiek seëvier. Só het laasgenoemde groepering rugbyskrywers op die positiewe aspekte van Suid-Afrikaanse rugby gekonsentreer. Hierdie tydperk het ook gesien hoedat daar, weens die politieke probleme wat Suid-Afrikaanse rugby in die gesig gestaar het, daadwerklike pogings in die geskiedskrywing was om spelers as helde op te hemel en te vereer. In die tagtigerjare was dit ook die tendens om met die groot herdenkings van rugby-instansies soos klubs en unies, ’n stuk geskiedskrywing te publiseer. Hierdie herdenkingsgeskrifte het onder andere die aandag verder van die Springbokke se donker dae weggeskuif en aan rugbyklubs en -unies landwyd hul plek in die populêre geskiedskrywing gegee.

’n Duidelike ontwikkeling in die tendense van populêre rugbygeskiedskrywing is in algemene rugbygeskiedenis boeke nagevolg en beskryf. Daar is gesien hoedat tendense verander het soos wat die samelewing daar rondom verander het. Sorgvuldige voorbeelde en aanhalings is deurgans gebruik om lig op hierdie veranderende tendense te werp.

Biografiese werke was die ander gewilde vorm van rugbygeskiedskrywing. Tussen 1948 en 1995 het daar egter aansienlik minder sulke werke as algemene rugbygeskiedenisboeke verskyn, maar nietemin is daar steeds waardevolle insigte hierin opgesluit. Met die bestudering daarvan is daar drie noemenswaardige tendense geïdentifiseer en ondersoek.

Eerstens is daar bevind dat biografiese werke tot voor die sewentigerjare hoofsaaklik op rugbyspelers se loopbane fokus, waar werke sedert die jare sewentig stelselmatig meer begin konsentreer het ook op die spelers se lewens van die veld af, oftewel hul persoonlike lewens. Tweedens het dit ook duidelik geword hoe biograwe, veral vanaf die sewentigerjare, algaande sterker kritiese uitsprake maak. Waar vroeë werke hulself van kritiek weerhou het, het kritiese uitsprake met die verloop van tyd al hoe sterker geword, en uiteindelik in die tagtigerjare ’n punt bereik waar daar geensins van kritiek weggeskram is nie. ’n Derde tendens in hierdie vorm van populêre geskiedskrywing is dat die werke tot en met die sewentigerjare as monumente van rugbyspelers se prestasies gedien het, terwyl die werke wat ná hierdie tyd verskyn het, dit nie soseer gedoen het nie.

Daar is ook ’n studie gemaak van vier biografieë, elk deur ’n ander skrywer, wat oor die lewe van Danie Craven handel. Dit het geblyk dat die werke van Bun Booyens (1975) en Hennie Gerber (1982) grotendeels op Craven se lewe as rugbyspeler en -figuur gekonsentreer het, met laasgenoemde skrywer wat ietwat meer oor Craven se persoonlike lewe skryf. Ted Partridge se biografie van 1991 is geskryf vanuit ’n politieke perspektief, en het nie noodwendig Craven se lewe as sulks beskryf nie, maar eerder sy groter betrokkenheid by die

Stellenbosch University  http://scholar.sun.ac.za

politieke geveg om Suid-Afrikaanse rugby. Paul Dobson se werk het in 1994 verskyn, die jaar na Craven se afsterwe. Met die voordeel van nakennis kon hierdie skrywer met groter perspektief sy biografiese subjek se lewe beskryf. Dobson het Craven se lewe in wye reeks verskillende fasette opgedeel en beskryf, en die gevolg hiervan was dat daar 'n breë en helder beeld van Danie Craven se lewe geskets is.

Die waarde van hierdie studie lê opgesluit in die feit dat dit 'n unieke werk is. Ondanks rugby se gewildheid in Suid-Afrika, bestaan daar geen werk wat die populêre historiografie van hierdie sport bestudeer nie. Met hierdie studie is daar ook ander moontlike studievelde ontdek, byvoorbeeld die rede vir die klein aantal biografiese werke in vergelyking met algemene rugbygeskiedenis werke, of watter beeld die populêre rugbygeskiedskrywing na 1995 van die spel skets. Hierdie studie van populêre werke in die tydperk 1948 tot 1995 gee die eerste tree na 'n volledige studie van rugby binne die Suid-Afrikaanse historiografie.

Stellenbosch University  http://scholar.sun.ac.za

# Bronnelys

## I. Boeke

Babrow, L., Stent, R.K. *The Varsity Spirit: The Story of Rugby Football at the University of Cape Town, 1883 – 1963*. Cape Town: Johnston & Neville, 1963.

Booyens, B. *Danie Craven*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1975.

Caine, B. *Biography and History*. England: Palgrave and Macmillan, 2010.

Cape Times (samest.) *Sports and sportsmen: South Africa and Rhodesia*. Cape Town: Atkinson & Partners, 1929.

Claassen, W., with Retief, D. *More than just Rugby*. Johannesburg: Hans Strydom Publishers, 1985.

Craven, D. *Die Grondbeginsels van Rugby*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1948.

Craven, D.  *Ek speel vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1949.

Craven, D. *Ons Toetsprestasies*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel, 1954.

Craven, D. *Springboks down the years*. Kaapstad: Howard Timmins (Pty) Ltd., 1956.

Craven, D. *Oubaas Mark*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel (Edms) Bpk, 1959.

Craven, D. *Die Groot Rugbygesin van die Maties*. Kaapstad: G&S, 1980.

Craven, D., Jordaan, P. *Met Maties op die Rugbyveld, 1880 – 1955*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk, 1955.

Cronjé, G., Venter, J.D. *Die Patriargale Familie: ’n Kultuurhistoriese en kultuursosiologiese studie*. Kaapstad: HAUM, 1973.

De Villiers, S. *Kantlynkaviaar – Radiovertellinge oor Sport*. Johannesburg: Perskor, 1985.

De Villiers, S. *Kaviaar vir ’n Kampioen – Nog kantlynvertellings oor Sport*. Johannesburg: Perskor, 1987.

De Villiers, S. *Kaviaar vir ’n Kavelier*. Johannesburg: Perskor, 1988.

Difford, I. *History of South African rugby football*. Wynberg: Specialty Press, 1933.

Dobson, P. *Rugby in South Africa: A History, 1861-1988*. Cape Town: The South African Rugby Board, 1989.

Dobson, P. (samest.) *Newlands 100: One Hundred Years of Rugby at Newlands, 1890 – 1990*. Claremont: On The Ball Publications, 1990.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dobson, P. *Doc: The life of Danie Craven*. Cape Town: Human & Rousseau, 1994.

Dommisse, E. *Sir David Pieter de Villiers Graaff: Die erfridder van De Grendel*. Kaapstad: Tafelberg, 2011.

Du Pisani, J.A. *John Vorster en die Verlig/Verkrampstryd: 'n Studie van die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere, 1966-1970*. Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis, 1988.

Gainsford, J., with Leck, N. *Nice Guys Come Second*. Cape Town: Don Nelson, 1974.

Gerber, H. *Danie Craven se top Springbokke*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk, 1977.

Gerber, H. *Craven*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.

Giliomee, H. *Die Afrikaners – 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg, 2004.

Gouws, L. *Frik du Preez – Rugbyreus*. Honeydew: Janssonius & Heyns, 1971.

Greyvenstein, C. *Springbok-seges in Krieket en Rugby*. Kaapstad: Buren-Uitgewers (Edms) Bpk, 1968.

Greyvenstein, C. *The Bennie Osler Story*. Cape Town: Howard Timmins, 1970.

Greyvenstein, C. *Springbok-sage: Die Verhaal in Beeld – van 1891 tot vandag*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.

Greyvenstein, C. *Springbok Saga: A Pictorial History from 1891 (2nd Edition)*. Cape Town: Human & Rousseau, 1981.

Greyvenstein, C. *Springbok Saga: 100 Years of Springbok Rugby (3rd Edition)*. Cape Town: Human & Rousseau, 1989.

Greyvenstein, C. *Springbok Saga: From 1891 to the New Beginning (4th Edition)*. Cape Town: Human & Rousseau, 1992.

Griffiths, E. *The Captains*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers, 2001.

Hamilton, N. *Biography: A Brief History*. London: Harvard University Press, 2007.

Heilbuth, B. *Out of the Magic Boks*. Cape Town: Galvin & Sales, 1978.

Heydenrych, D.H. *Tukkie Rugby 75*. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1984.

Hook, S. *The Hero in History: A Study in Limitation and Possibility*. Boston: Beacon Press, 1962.

Jordinova, L. *History in Practice*. London: Arnold, 2000.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Laubscher, L., Nieman, G. (samest) *The Carolin Papers: A Diary of the 1906/07 Springbok tour*. Pretoria: Rugbyana Publishers CC, 1990.

Leck, N. *HO – A Biography of Courage*. Cape Town: Don Nelson, 1977.

Louw, R., with Cameron-Dow, J. *For the love of Rugby*. Johannesburg: Hans Strydom Publishers, 1987.

Millar, W.A. *My recollections and reminiscences*. Cape Town: Juta, 1926.

Muller, H. *Tot siens to Test Rugby*. Cape Town: Howard Timmins, 1954.

Muller, W. (samest.) *'n Eeu van OP Rugby, 1888 – 1988*. Port Elizabeth: OPRU, 1988.

Nauright, J. & Chandler, T. Introduction: Rugby, manhood and identity. In: Nauright, J. & Chandler, T. (eds): *Making Men: Rugby and Masculine Identity*. London: Frank Cass, 1996.

Odendal, F.F., Gouws, R.H. (red.). *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson Education, 2005.

Oosthuizen, W. *Fokus op Rugby*. Johannesburg: Wessel Oosthuizen, 1980.

Parker, A.C. *Giants of South African Rugby with a Report on the "Lions"*. Cape Town, Howard Timmins, 1956.

Parker, A.C. *Now is the Hour*. Cape Town: Howard Timmins, 1965.

Parker, A.C. *Ruffled Roosters*. Cape Town: Howard Timmins, 1967.

Parker, A.C. *The Lion Tamers*. Cape Town: Howard Timmins, 1968.

Parker, A.C. *The Springboks, 1891 – 1970*. London: Cassel & Company Ltd., 1970.

Parker, A.C. *WP Rugby Cenetenary, 1883 – 1983*. Cape Town: WPRFU, 1983.

Partridge, T. *A Life in Rugby*. Pretoria: Southern Book Publishers, 1991.

Polley, J. *Verslag van die Simposium oor die Sestigers*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.

Price, M. *The Springboks Talk*. Cape Town: Howard Timmins, 1955.

Roberts, C. *No Normal Sport In An Abnormal Society – Struggle For Non-Racial Sport In South Africa: From Apartheid To Sports Unity*. Cape Town: Havana Media, 2011.

Shippey, K. *The Unbeatables – Springboks in Australia*. Kim Shippey, 1972.

Smith, T. *Ons Springbokrugbyspelers en Tokkelosie*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel, 1946.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stent, R. K. *Green and Gold: A Sporting Miscellany*. Cape Town: Longman, Green and Co. Ltd., 1954.

Stent, R.K. *The Fourth Springboks, 1951 – 1952*. Cape Town: Longmans, Green and Co. Ltd., 1952.

Steytler, H. "En nou verder?" In: Le Roux, H. (samest.) *Ooggetuieverslae van Suid-Afrikaanse Sporthoogtepunte deur Herman le Roux en ander bekende Sportskrywers*. Kaapstad: Tafelberg, 1970, pp. 124-134.

Sweet, R. *Natal 100: centenary of the Natal Rugby Union*. Durban: Natal Rugby Union, 1990.

Swaffer, A.P. (red.) *South African Sport: 1914*. Johannesburg: The Transvaal Leader, 1914.

Suid-Afrikaanse Rugbyraad. *Rugby in Suid-Afrika*. Kaapstad: Johnston & Neville, 1964.

Tempelhoff, J.W.N. *Verhuidiglikte verlede – aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*. Vanderbijlpark: Kleio Uitgewery, 2002.

Tosh, J. *The Pursuit of History: Aims, methods and new directions in the study of modern history (Second edition)*. New York: Longman, 1991.

Van Jaarsveld, F.A. *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis: Nege voorlesings vir voorgraadse studente*. Kaapstad: Nasou Beperk, 1974.

Van Rensburg, F. *Griekwaland-Wes rugby: Die ontstaan en geskiedenis van Griekwaland-Wes rugby, 1886-1986*. Kimberley: Noordkaap, 1986.

Van Rooyen, Q. *Springbok Triomf: Die merkwaardige Flappie Lochner en sy aandeel in ons rugby*. Kaapstad: Tafelberg, 1972.

Van Zyl, M.C. *Northern Transvaal rugby 50*. Pretoria: Northern Transvaal Rugby Union, 1988.

Viviers, G. *Rugby Agter Doringdraad – Agter die skerms saam met die 1969/70 Springbokke in Engeland*. Pretoria: J.P. van der Walt en Seun (Edms) Bpk., 1970.

## II. Akademiese artikels en referate

Allen, D. Beating them at their own Game: Rugby, the Anglo-Boer War and Afrikaner Nationalism, 1899-1948. *The International Journal of the History of Sport*, 20:3, 2003: 37-57.

Archetti, E. The meaning of sport in anthropology: A view from Latin America. *European Review of Latin American and Caribbean Studies*, 65, 1998: 91-103.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Booth, D. Mandela and Amabokoboko: the Political and Linguistic Nationalisation of South Africa? *The Journal of Modern African Studies*, 34:3, 1996: 459-477.

Booth, D. Hitting Apartheid for Six? The Politics of the South African Sports Boycott. *Journal of Contemporary History*, 38:3, 2003: 477-493.

Borish, L. J. & Phillips, M.G. Sport history as modes of expression: material culture and cultural spaces in sport and history. *Rethinking History: The Journal of Theory and Practice*, 16:4, 2012, pp. 465-477.

Gorn, E.J. "Professing history: distinguishing between memory and the past." *The Chronicle of Higher Education*, 46:34, 2000, 28 April 2000.

Grundlingh, A. Rands for Rugby: Ramifications of Professionalisation of South African Rugby. 1995-2007. Unpublished paper. University of Stellenbosch.

Grundlingh, A. Playing for Power? Rugby, Afrikaner Nationalism and Masculinity in South Africa, c.1900-c.1970. In: Nauright, J. and Chandler, T.J.L. (eds) *Making Men: Rugby and Masculine Identity*. London: Frank Cass & Co Ltd, 1999: 181-204.

Grundlingh, A. The Politics of the Past and of Popular Pursuits in the Construction of Everyday Afrikaner Nationalism, 1938-1948. In: Dubow, S. and Jeeves, A. (eds) *South Africa's 1940s: Worlds of Possibilities*. Cape Town: Double Storey Books, 2005: 192-211.

Grundlingh, A. Playing with purpose: Rugby and its wider significance in Afrikaner society, c1900 – c1989. Unpublished paper. University of Stellenbosch. 3 June 2013.

Grundlingh, M. Sports Retirement as Death: Heroism, Symbolic Immortality and Sport. Unpublished paper. University of Free State. 15 March 2013.

Gottschalk, L. The Historian and the Historical Document. In: Gottschalk, L., Kluckhohn, C. & Angell, R. (samest.) *The Use of Personal Documents in History, Anthropolgy and Sociology*. New York: Social Science Research Council, Bulletin 53, 1945: 3-78.

Hofmeyr, I. Popularizing History: The Case of Gustav Preller. *The Journal of African History*, 29:3, 1988: 521-535.

Nixon, R. Apartheid on the Run: The South African Sports Boycott. *Transition*, 58, 1992: 68-88.

Odendaal, A. Sport and Liberation – The Unfinished Business of the Past. In: C. Thomas: *Sport and Liberation in South Africa – Reflections and Suggestions*. Pretoria: University of Fort Hare, Department of Sport and Recreation, 2006.

Quinault, R. The Cult of the Centenary. *Historical Research*, 71:176, 1998: 303-323.

Reef, A. Try These: Tackling Representations of Rugby in Recent South African Novels. *English Academy Review: Southern African Journal of English Studies*, 27:2, 2010: 71-80.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Snyders, H. *"The brightest promise which the immediate future holds" – Reflections on sports studies and rugby league memory in South Africa*. Seminar paper presented at the University of Stellenbosch, 23 July 2013.

Verhoef, G. Die Radikale Geskiedskrywing: 'n Historiografiese studie. MA verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit. 1982.

Wildschut, T., Sedikides, C., Arndt, J., Routledge, C. Nostalgia: Content, Triggers, Functions. *Journal of Personality and Social Psychology*, 91:5, 2006: 975-993.

## III. Koerantartikels

Snyman, D. "Die mis pak saam, en Jan Ellis is dood." *Volksblad*, 14 Februarie 2013. Beskikbaar by: http://www.beeld.com/Rubrieke/Dana-Snyman/Die-mis-pak-saam-en-Jan-Ellis-is-dood-20130214 [Besoek op: 23 April 2013]

Henderson, A. "The Best of the Boks". *The Times*, 28 November 2011.

## IV. Tydskrifte

Powers, A. 150 Years of South African Rugby. *Sports Illustrated South Africa*. Cape Town: Media 24 Magazines, October 2012: 42-88.

## V. **Argivale bronne** (Verkry uit die SARR Argief by die Universiteit van Stellenbosch)

Craven, D. *Boodskap deur die President van die SA Rugbyraad, 31 Mei 1980*. Universiteit van Stellenbosch: SARR Argief, nr. A 9/1.

Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee (samest.). *Malmesbury Rugbyklub Eeufees, 1881 – 1981*. Malmesbury: Malmesbury Rugbyklub Eeufeeskomitee, 1981.

Skrywer onbekend. "Persoonlik". *Die Burger*, 5 April 1948.

Van Heerden, I., Van Zyl, H., Hoogenboezem, S. (samest.) *100 Jaar Rugby in Potchefstroom*. Potchefstroom: Telerent Edms. Bpk., 1985.

## VI. Internetbronne

Oxford English Dictionary. Beskikbaar by: http://www.oed.com.ez.sun.ac.za/view/Entry/138873?redirectedFrom=patriarchy#eid [Besoek op: 16 Oktober 2012]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Breuer, R. *Bun Booyens, 1916-2010*. Beskikbaar by: http://www.stellenboschwriters.com/booyensb.html. [Besoek op: 30 Julie 2013]